



TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE





Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

tydskrif vir letterkunde

Redakteur:

ELIZE BOTHA

Redaksionele medewerkers:

Elsa Nolte

Skakelredaksie:

J. J. Brits — W. A. de Klerk — Andre Demedts
B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij
Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P. J. Nienaber
Z. J. Pretorius — P. D. v.d. Walt — M. M. Walters
Eveleen Castelyn

Augustus 1974 Nuwe Reeks XII:3



REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:

R4 per jaar. Los nommers: R1 per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak
deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings
van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

Inhoud

Uys Krige	: Gedigte	1
J. C. Steyn	: Die skuldige — 'n hoorspel	5
Anon	: Materfamilias is dood	27
Margaret Bakkes	: Die vrou met die Russiese honde	28
Hester Dreyer	: Gedigte	32
T. T. Cloete	: 'n Knap Kortverhaal van Van Melle	37
P. D. van der Walt	: Kanttekeninge by 'n Sonnet	40
Pieter G. Buckinx	: Gedigte	43
Willem M. Roggeman	: De werklikheid als uitdaging	45
Lettie Pretorius	: Die Yslandse Sagas (1)	52
Lucas Malan	: 8 April 1974	59
D. F. Spangenberg	: Kennismaking met Mallarmé (5): Drie liefdesgedigte	60
Pirow Bekker	: Gedigte	66
Herman Engelbrecht	: Iewers in die nag	71
Susan Badenhorst	: Reën-aand	78
Wessel Pretorius	: Gedigte	83
LITERÊR — AKTUEEL	: 'n Brief aan die redaksie	87

SONONDER

Die skaduwee is koud. Ek ril.
Die groot swart nag kom soos 'n gil.
En skielik is al die sonbesies stil.

THE ELEPHANT NEVER FORGETS . . .

Waarom so stil, so roereeloos,
so sonder klank of kreet,
asof versonke in
'n diep oeroue leed,
dié stugge, logge monsters?
Wat! jy weet nie?
Hul wil vergeet, vergeet, vergeet
wat hul nie kan vergeet nie.

VARIASIES OP 'N TEMA

I

LEKKERBEKKIG?

Hoe lyk die olifant
wanneer hy watertand?

II

DIE TANDERIGE OU OU

En word hy ouer, die ou olifant,
word hy al langer in die tand?

III

VAS VERRAS of VERBAAS VERBY

En staan die olifante
nie altyd met 'n bek vol tande?

*) Die Hertzogprys vir Poësie, 1974, is onlangs deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns toegeken aan Uys Krige. Die redaksie plaas graag by dié geleentheid 'n aantal nuwe verse van die bekroonde digter.

CONCERTO SENZA FINE

Luister bietjie,
knaende klein kriekende kriekie,
vervlaks, Kerneels, kry end met jou gesanik, daardie eentonige liedjie!
Luister, briek, man, briek, wag, wag 'n bietjie,
slaan tog aan in hemelsnaam jou briekie, kriekie!

FALSETTO IN F KRUIS MINEUR

Briekie!
Briekie!
Kerklaks,
kerdomp,
Tysie
Kriekie,
moet
tog nie
jou bek
so rek!
Jy kom
konsys
met
hierrie
katte-,
katte-,
kattekisme!
En jy,
blikslater,
buffel,
bees,
bosaap,
bleskop,
barbaar,
gebruik
so waar
as wragtag,
ja,
ja,
ja,
'n angli-,
angli-,
anglicisme!

DIE SKILPAD

Kom stamp en stoot die wind en slaat die reën,
ek sit hier veilig in my warm nes.
En dreig die dood . . . ja, wil 'n pofadder my pik
of kom 'n aaklige bulhond om my te pes,
spring ek kordaat terug in my eie bres.
Daar's net een wagwoord, strydkreet wat ek ken,
een wapenleuse slegs: Oos Wes Tuis Bes.
En dit, Uys, droster, is vir jou 'n goeie les.

FRANSE OPSTEL

(ná Jacques Prévert)

Toe Napoleon nog jonk was was hy baie maer
En artillerie-offisier
Later het hy Keiser geword
En kry hy 'n boepens by en baie lande
En die dag toe hy sterf had hy nog altyd
Die boepens
Maar was hy 'n hele entjie kleiner

DIE EPOS

(ná Jacques Prévert)

Die vuilskar van die Keiser rammel sonder ophou verby
'n Verminkte oudstryder wat op een hand rondkruie bestuur hom
'n Hand met 'n wit handskoen
In die ander hand hou hy die leisels vas
Hy het sy twee bene verloor in die geskiedenis
 Vanslewe se dae
 En daar stap die twee bene nou rond
 In die geskiedenis
 Elkeen op sy eentjie
 En as hulle mekaar ontmoet
 Gee hulle mekaar 'n venynige skop
 Oorlog is oorlog boeta
 Wat op aarde kan jy anders verwag

VERGENOEG

Genoeg, genoeg,
dis ver genoeg!
Hier wil ek plant,
hier wil ek swoeg,
hand aan die ploeg!
Ja, hier by Vergenoeg
gaan ek my vergenoeg.

OU BOK

'n Ou bok lus 'n grasgroen blaar . . .
Ja, ja, ek weet, dis waar, dis waar!
Maar die jong bokkies
deur wie se are bly die lewe stroom,
lus hul nie soms die bas van 'n ou boom?

HARDE BENE

Raai, uit 'n rib van vader Adam
skep God toe mooi die vrou
— om aan ons arme mans te gee
dié harde bene om te kou.

HERINNERING

Twee fyn spits tepels
wat hul roosrooi na vore dring,
klepels
in die hoë toringklokke van my herinnering!

JOU BORSTE . . .

Jou borste, diep en teer en naak,
is twee wit kussings vir my vaak;
en word ek wakker wyl jy vaak,
roer hul soos duiwe as ek aan hulle raak . . .

DIE SKULDIGE

'n Hoorspel

Tyd:

'n Aand vroeg in September 1928

Plek:

'n Plaashuis in die Noord-Vrystaat

Stemme van:

(a) veral Hermanus (ongeveer vyftig jaar)

Jan (ongeveer dertig jaar) en

(b) ook Maria (ongeveer vyftig jaar), Hermanus se vrou

Jan op sestien jaar

Koos, sy ouer broer, op agttien jaar

Maria se vader en moeder (ongeveer sewentig jaar)

Ria, 'n suster van Jan (ongeveer sewentien jaar)

Hendrik (ongeveer dertig jaar)

OMROEPER: Dit is vroeg een aand in September 1928 in 'n Noord-Vrystaatse plaashuis. Vir die gesin in die leë voorhuis is dit maar 'n droewige geleentheid. Vroeër die dag is byna al hul besittinge op 'n vendusie verkoop, ook hul plaas Erfdeel, om hul skulde te kon betaal. Vir laas hou hulle huisgodsdienst op Erfdeel.

('n Klompie stemme sing — 'n bietjie langsaam, maar nie trekkerig nie — die Aandgesang. Soms stok 'n stem effens, maar die persoon gaan so gou moontlik voort om die bewerigheid nie te duidelik te laat merk nie. Daar word enkele kere liggies, maar tog hoorbaar, gesnuuwe. Hulle sing — in Nederlands, want die Gesangeboek was toe nog, net soos die Bybel, in Nederlands — :

“Ik weet aan wien ik mijn vertrouwe,
al wisselen ook dag en nacht.

Ik ken de rots, waarop ik bouwe:
hij faalt niet, die uw heil verwacht.
Eens aan den avond van mijn leven
breng ik, van zorg en strijden moe,
voor elken dag, mij hier gegeven,
U hoger, reiner loflied toe.”

Ná die singe is daar weer 'n paar ligte, saggiese snuifgeluide en 'n paar oomblikke stilte.)

HERMANUS: Ja. (Sug) So eindig dan ons laaste dag op Erfdeel. (Ria snik sag. Stilte.)

HERMANUS (opgewekter): Ek sien netnou die weerlig slaan nogal mooi uit doer in die suid — daarso so regoor die windpomp se kant. Lyk my ons kry vroeg reent vanjaar. Dit word dalk 'n mooi jaar . . .

JAN (met 'n bitter, harde, selfs effens brutale stem): 'n Mooi jaar, ja, 'n mooi jaar. Maar hoekom sê Pa "ons" — "ons" kry vanjaar 'n mooi jaar? Hoeveel onse is daar . . . Natuurlik sal dit 'n mooi jaar word, want ons gaan mos nou geepad. Maar ek sou wed — as ons gebly het, was dit weer die óú storie van droogte, of anders hael, of anders . . .

MARIA (onderbreek hom vinnig): Jannie, dit val my nou-nou by ek het flussies, net so voor sononder, nog 'n melkemmer en 'n spantou daar by die kraal sien staan, so naby die skuiwergat rond. Onthou dat julle dit more vroeg, of sommer netnou, maar by die ander goedjies sit . . .

JAN: Ja, 'n melkemmer en 'n spantou is darem iets, nê? Lê daar nie 'n hokstok ook nie, of 'n paar miskoeke? Ons moet nou maar soos 'n regte ou klomp Ampies elke bottelstuk en (langsaam en bitter) "golden syrup-stroopblik" gaan optel wat ons op die ashoop kan uitkrap . . . Ons hét tog skaars klere aan ons basse . . .

RIA: Ag, so erg is dit darem nie, Jannie — kyk net wat het ons nog alles oor: die blaker en kers, koppies, beddegoed . . .

HERMANUS: Die Bybel en Gesangeboeke. Die Woord het ons nog altyd. Dit kan niemand van ons wegneem nie, ook al hét hulle dié boeke ook gevat. Die Woord het ons nog altyd. Dit is een troos.

JAN (met 'n "neutrale", nie-sarkastiese, maar ook nie-"innige" stem): "Waarmede zal de jongeling zijn pad zuiver houden?"

MARIA: En wat ek so bly oor is — hierdie paar ou borde van oorle Ouma-hulle. Jannie, jy was nie netnou by gewees nie — daardie ou borde wat Ouma-hulle nog in die Engelse Oorlog begrawe het, tant Trynie het dit mos vanmiddag gekoop, en netnou, net voor hulle gery het, het sy hulle vir ons teruggegee. Dis darem 'n ou gedagtenissie aan Ouma-hulle.

JAN: Ja, Ma, dis die minste wat hulle vir ons kon doen — 'n paar blou borde vir ons teruggee. Hulle wat help maak het dat ons nou hier in die . . .

MARIA: Hermaans, ek wil hê jy moet more vroeg nog gou een of twee van daardie lekker rooi appel by die spruit se opslaglote uitsteek en by die ander boompies en stiggies sit. Miskien is daar darem 'n hoekie op die erf daarvoor ook.

RIA (begin laggerig, maak-vrolik): Ma het al amper die hele Erfdeel se stiggies en bolle en plantjies en boompies uitgehaal vir die erf op die dorp . . . (Sy snik skielik en almal bly 'n paar oomblikke stil).

MARIA: O ja, ek wou ook nog sê: tant Hester-Katbos sê my vanmiddag net voor hulle weg is, sy't vir Hendrik van den Berg op die dorp raakgeloop. (Sy bly 'n paar oomblikke stil, maar niemand antwoord nie.) Hy voel glo vreeslik sleg, sê sy, oor wat met ons gebeur het. Volgens wat sy sê, wou hy glad hiernatoe kom om te sê hoe jammer hy is, maar sy't die plan darem uit sy kop uit gepraat, hoe-wel ...

JAN: "Jammer"! Plaas dat sy hom laat kom het, nog sommer vóór die vendusie nog, dan was hier darem 'n pik waarmee ek sy kop kon inkap, die bliksem!

MARIA: Maskas, Jannie, let op jou taal! Ons het net klaar gelees ...

JAN: Ma, is hy dit nie? Is hy nie 'n ... 'n ... vuilgoed nie?
(Almal bly 'n paar oomblikke stil.)

MARIA: Ek dink ons moet nou maar algar gaan lê. Veral jý, Jannie, jy moet so vroeg more al vort. Wil jy tog net weer, voor ons gaan slaap, gaan kyk of die hoenderhok ...

JAN: Ja, Ma, die hoenderhok is toe. Hy staan toe van vanmore af toe die swartgoed die hoenders vir 'n appel en 'n ei kom vat het. Vandág het hulle nie geglo die plaas is getoor nie, die vuilgoed.

RIA: Nou ja, wel te ruste, almal!
(Verskillende stemme, Hermanus, Maria, Ria en nog 'n dogter, groet met die gewone nagsê-begroetinge: "Nag, Pa!", "Nag, Ma!", "Lekker slaap!", ens. Van Jan af kom daar slegs 'n stugge "Nag!")

HERMANUS: Maria, jy kan maar solank gaan inkruipe, ek wil net so 'n entjie na die kraal loop, gaan kyk of ... of ... of als nog reg is.

MARIA: Jannie, moet nou nie weer vannag die heel nag gaan rondswaal nie — jy weet ons gaan more vroeg vort. Gaan slaap tog nou gou.

JAN: Sal ek vannag gaan slaap, ék vannag slaap as ek nog nie die plaas gegroet het nie. Gelukkig is dit ligte maan vanaand.

MARIA: Maar moet dan tog nie te ver loop nie. Nog Jannie! Nag Hermaans!

('n Deur word oop- en toegemaak, dan word daar voetstappe gehoor op grond, daarna op harde, droë wintergras. 'n Paar tarentale word gehoor, miskien ook 'n jakkals af en toe.)

JAN: Ek is bly Pa het uitgekóm. Ek wil hê Pa moet 'n entjie saamloop. Daar is iets wat ek moet sê. Vanaand is die enigste aand wat ek dit ooit sal kan sê — vanaand dat ons ... dat ék die plaas moet groet. Ek het al meermale vérlangs gepraat, maar vanaand moet dit uit — stilbly bly ek nie langer nie ... ('n Effense stilte, slegs die geluid van hul voetstappe op die droë gras.)

Dat ons vanaand verlaas hier op die plaas is, dat ons ons erfgrond verloor het, dat Pa nou op 'n erf moet gaan sit en peuselwerkies vir die munisipaliteit doen en ek op die pad moet gaan werk saam met kaffers ... Pa moet my nie kwalik neem dat ek dit sê nie — ek het my doodgewerk vir die grond. Ander boere het volk wat hulle kon help ploë ...

HERMANUS: Jy weet mos die volk glo ons plaas is getoor, “toegesit”, kastig ...

JAN: Smoors vroeg, toe ek nog skoolgegaan het, moes ons eers gaan help melk en osse inspan voor ons kon skool toe loop, smiddae as ander seuns kon gaan speel en voëls skiet en swem en kallers ry, moes ek lusern sny, die perdestal skoonmaak, melk, die skape gaan haal, alles, álles moes ek doen.

HERMANUS (’n bietjie kalmerend): Ek het mos altyd gesê jy’s die ou staatmaker. Sonder jou ...

JAN: Die ou staatmaker! ... Maar ek kla nie, ek het die plaas liefgehad. Dis vir my vanaand soos toe ons die tyding gekry het van Boetie se ... van Boetie ... (Sy stem is half hortend en gesmoord.) Ek het alles opgeoffer vir die grond — van Maandagmore donker tot Saterdagdonker ... Ek het my nooit vir enigiets anders as werk die tyd gegun nie — my susters wat jonger is as ek, is al getroud, al my maters ... Vir my was die grond alles. En daarom wil ek vanaand dít vir Pa sê ... Ek weet dit help nie om agterna te praat nie, maar stilbly bly ek nie langer stil nie ...

HERMANUS: Praat maar, sê jou sê.

JAN: Wat ek wil sê, en Pa moenie kwaad word oor ek padlangs praat nie ...

HERMANUS: (sug half): Praat maar padlangs.

JAN: Wat ek wil sê, is: Pa kon dit alles verhelp het, Pa moes gekeer het ... Dis Pa se skuld, wil ek amper sê, dat ons vanaand byna sonder ’n pennie op die wapad sit.

HERMANUS: My skuld?

JAN: Pa kon iets daaraan gedoen het as Pa wou.

HERMANUS: My skuld? Ek iets gedoen het? “As ek wou”? Dink jy ek wóú dat ons ... Laat ek bietjie hoor hoe is dit my skuld? Is dit my skuld dat daar droogtes was? Misoeste? Hael? Laat koues? Het ek nie my bes gedoen nie? Wat kon ék teen die natuur doen — teen droogtes? Kon ék dit laat reent?

JAN: Ja, die bidure en die gebede saans by die lese het nie veel gehelp nie. Dis ook al wat Pa-’le — Pa-’le en al die ander hier rond — ooit gedoen het. Op die wyksbidure ...

(Sy stem verdof en die stem van Hermanus wat bid, word in ’n terugflits gehoor. Daar is ’n hoes of twee en ’n rondskuifgeluid wat aandui dat daar verskillende mense teenwoordig is.)

HERMANUS: Maar Gij, Gij ken al onse node en onse behoeftes, Gij sien die dorre veld, die verskroeiende landerye, en ons bid dat Gij ons weer in genade sal aansien. Ons weet ons verdien dit nie, maar skenk Gij ons tog in genade ’n milde en ’n deurdringende reën, opdat wij u weer mogen loven en danken ... (Sy stem sterf weg. Die voetstap van die twee wat in die veld stap, is weer hoorbaar.)

HERMANUS (ferm): Laat ek 'n bietjie mooi verstaan: het jy besware dat ons gebed het, opreg gebed het soos wat dit Christenmense betaam?

JAN: Maar wat help dit om net te bid?

HERMANUS: Het ek nêť gebed? Het ek nie ook geglo én gewerk nie?

JAN: Ons moes beter planne gemaak het — hoekom elke jaar mielies in die somer of koring in die winter? Hoekom het ons nie liewer beter beeste en skape aangeskaf nie? Die ou spul kafferbeeste ...

HERMANUS: Jy praat nou teen jou beterwete, en buitendien, hoekom het jy nie tóe gepraat nie, jy wat so 'n groot mond het nou?

JAN: Nee, goed, dit is ook seker nie die eintlike ding nie. Soos Pa sê: Wat kan jy doen as die ding wat jou wil onderkry, die natuur is, of as dit ... as dit ...

HERMANUS: As dit?

JAN: Nee, laat staan maar ... Ek verwyť Pá nie oor die natuur nie, die droogtes, die hael, die koues ...

HERMANUS: Maar?

JAN: Maar ... Nee, goed, kom ons laat staan dit maar. Maar daar is iets anders ... (Daar is 'n paar oomblikke stilte; slegs hul voetstappe is hoorbaar.)

Pa wil nie dat ons hier by die kerkhoffie aangaan nie — verlaas?

HERMANUS: Waarom sou ons nou in die half donker? Ons ken tog al die graftes?

JAN: Maar die graf van ... van ... Mamma, lyk dit my, het daar gaan blomme neersit, of nee, dis seker Ria. Perskeblomme in 'n konfytblikkie. Vanjaar blom die bome mos vir die vale. Nee, ek stem saam: ons hoef nie te gaan kyk nie — ek weet wat daar staan: Jacobus Frederik Arnoldus, geboren 3 Oktober 1896, overleden 12 November 1914 ...

HERMANUS: Kom laat ons verder stap.

JAN: Ek kan verstaan dat Pa liewer wil verder stap. November 1914. Dis een van die dinge wat ons gebring het waar ons vandag staan — die groot skulde wat ons help bankrot maak het.

HERMANUS: In die Oorlog het ons als verloor.

JAN: In die Óorlog, ja, die Óorlog, maar ek praat van 1914, van die Rebelle. Hoekom skram Pa daarvan weg? Wat van die Rebelle-skulde? Wat van Boetie? Hoekom bly Pa daarvan stil? Vir wat moes Pa gaan staan en rebelleer het en Boetie saamgesleep het? Wat het ons daarmee gewen? Ons het als verloor, ook nog Boetie.

HERMANUS: Was die Rebelle miskien my skuld? Het ék vir Botha en Smuts gesê hulle moet handlangers van die Ingelse word? Is dit my skuld dat hulle ons mense opgekommandeer het om Duitswes vir die Rooinekke te gaan afvat?

JAN: Maar Pa-'le kon tog gesien het ons het g'n kans nie — dit was tog uit die staanspoor duidelik ons kon niks teen Botha-hulle doen nie. Wat kan jy doen as sulke magte teen jou is?

HERMANUS: Sou jy wou gehad het dat ek en Koos soos die Witbande in die huis moes gelê het of teen ons eie mense moes veg?

JAN: Nee, Pa, nie dit nie, maar . . .

HERMANUS: Maar?

JAN: Ja, maar tog, Pa — ons praat nooit daarvoor nie, maar . . . hy is doodgeskiet.

HERMANUS (bietjie heftig): Is dit my skuld? Het ek hom miskien geskiet?

JAN: Maar as Pa geluister het na Oupa die middag . . .

(Sy stem verdof, en die stem van Maria se pa — Jan se oupa — word gehoor.)

OU MAN: Hermaans, julle maak 'n fout as julle gaan rebelleer. Dis teen die Bybel om teen jou Regering op te staan. Julle volg die dwaalweë van julle wederstrewige harte. Julle doen 'n groot sonde. Julle gaan nog gestraf word daarvoor.

HERMANUS: Nee, Pa, 'n sonde is dit nie — om jou te verdedig teen jou vyand . . . Die Ingelse . . .

OU MAN: Julle veg nie teen die Ingelse nie, julle veg teen julle eie mense. Dis 'n verskriklike sonde. Julle gaan broederbloed vergiet. Ek kan jou nie keer nie, Hermaans, jy is 'n groot man wat vir jouself moet dink. Ons weet nie wat als gaan gebeur nie, maar as een van julle val — jy, of dalk Kosie of Jan, ek weet nie of jy hulle gaan saamvat nie, hoe sal jy nie jouself verwyf as dit Kosie of Jan is nie?

HERMANUS: Dis alles in die Here se hand, Pa . . . (Sy stem sterf weg; die voetstappe van Hermanus en Jan dui aan dat die terugflits verby is.)

JAN: En so hét dit toe gebeur, net soos wat Oupa gesê het, van alle mense juis Kosie, hy wat so 'n goeie mens was, so hulpvaardig en vriendelik, die beste mens. So gaan dit mos altyd — “er is een rechtvaardige die in zijne gerechtigheid omkomt; daarentegen is er een goddeloze, die in zijne boosheid zijne dagen verlengt”.

HERMANUS: Ons moet dankbaar wees dat God hom aan ons gegee het.

JAN (ongeduldigrig): Ja, ja, ek weet, ek onthou hoe Pa die tyding destyds aan ons oorgedra het . . . (Sy stem verdof en in 'n kort terugflits is Hermanus se stem hoorbaar.)

HERMANUS: De Here heeft gegeven, die Here heeft genomen, de naam van de Here zij geprezen . . . (Sy stem sterf weg.)

JAN: Maar goed, dis alles nie so erg nie — dit kón Pa-'le natuurlik nie gehelp het nie. Maar die ander ding is — daardie skulde. Hoekom het van die ander Rebelle so baie goed op Pa se naam by die winkels gekoop? Hoekom kon elkeen nie vir homself gesorg het nie?

HERMANUS: Baie Rebelle was arm, sonder geld, sonder grond, sonder waarborge . . .

JAN: Dis daardie skulde wat ons help breek het, al het die Helpmekaar ons naand met 'n deel gehelp.

HERMANUS: Help breek — maar dit was darem vir 'n goeie saak? As jy jou land en volk lief het, is die paar pond wat ons moes betaal, werklik so 'n groot opoffering? Koos is doodgeskiet, hý het opgeoffer. Ons lewe. Ons is arm, ons het nou minder as volk, maar ons lewe en ons het selfrespek — ons loop nie soos skelms of slegte volk weg nie. Ons kry swaar omdat ons gedoen het wat reg is. Maar ons kan weer 'n begin gaan maak.
(Hulle voetstappe word weer gehoor.)

JAN: Oppas, sien Pa die draad? (Hulle gaan staan.)

JAN: Wil Pa dat ons deurkruip en gaan kyk hoe dit op Geluk lyk?

HERMANUS: Nes jy sê. As jy wil . . .

JAN: Ag, ek weet nie. Kom ons loop liever daar na oorkant na die swart land toe. Maar wat ek wou sê, die Rebellieskulde was dan miskien nog nie so erg nie, maar daardie ander skuld, die skuld van Oupa-hulle.

HERMANUS: Die geld wat ek geleen het vir daardie einste dinge wat jy netnou van gepraat het — om die plaas te verbeter, 'n paar implemente en beeste aan te skaf, om Geluk te koop . . .

JAN: Geluk! Hulle moes daardie 'simpler stuk grond liever Ongeluk genoem het. Elke jaar het ons eintlik nog beter oeste op Erfdeel gehad, ás daar oeste was, as op Geluk. Dis die skuld op Geluk, en daardie rentes wat ons . . .

HERMANUS: Was dit my skuld — daardie verneukery met die rentes?

JAN: Ek is bly Pa sê nou eindelijk dit wás 'n verneukery . . . Maar Pa het Pa láát verneuk deur Ma se familie. Hoekom het Pa nie destyds 'n bewys gekry, swart op wit, van wat Oupa gesê het nie?

HERMANUS: Jy weet dit baie goed, nóú. Jy's baie slim, nóú. Maar tóé het jy ook maar nie 'n vinger verroer om iets te sê aan jou Oupa-hulle nie. En jy't tog daarvan geweet, nè? Jou Ouma het kort voor die ongeluk nog gesê sy't jou daarvan vertel . . . (Doof uit.)

JAN: Ouma, terwyl ons nou praat oor geld en so, ek wou al lankal gevra het oor daardie geld wat my Pa-'le skuld . . .

OUMA: Ja, my kind, wat daarvan?

JAN: Het Ouma-hulle dit nog nie nodig nie? Dis al soveel jare en ons kry dit nie afbetaal nie. En die rentes loop maar op en op.

OUMA: Rentes? Nee, my kind, het jou Pa jou nie gesê nie? Jou Oupa en ek het vir jou Pa gesê hy hoef nie 'n pennie rente te betaal nie oor hy so gedurigdeur vir jou Oupa kom help met al die swaar werk en oor hy hier 'n ogie kom hou oor die volk as jou Oupa so

siek is. Jou Pa is 'n goeie man, Jannie, 'n alte goeie man, so geduldig selfs met onredelike mense, te sag amper, selfs met die swartgoed . . .

JAN: Maar saf is my Pa darem nie . . . Hy't in die Oorlog en die Rebellic . . .

OUMA: Nee, nee, ek bedoel nie só nie, nie op dié manier nie — hy's 'n regte mán, maar eintlik baie soos wat Kosie was, hy was jou Pa uitgeknipt — te goed amper vir hierdie wêreld, word amper nooit kwaad nie, help altyd almal, murmureer nooit teen die droogtes en dinge nie. Maar wat ek wou sê, is: Dis daaroor, oor jou Pa so goed vir ons is, dis daaroor dat ek en jou Oupa gesê het ons wil nie rente hê vir daardie geld nie — hy't elke jaar baie, baie meer se werk hier kom doen as wat daardie rente werd is.

JAN: Maar Ouma, sal my Ma se susters en my ooms dit glo as Oupa die dag dood is?

OUMA: Ek sal hulle sê, Jannie, en as ek voor jou Oupa te sterwe kom, dan sal hy dit natuurlik sê . . . (Haar stem sterwe weg.)

JAN: Ja, as hulle nou nie altwee gelyk dood is in die ongeluk met die motorkar nie . . . En dat niemand wou glo Oupa-hulle het vir Pa-'le die rente kwytskeld nie. Dit het nie swart op wit so gestaan nie.

HERMANUS: Jou Ma se susters en hulle mans, dis hulle wat so saamgespan het — ou Trynie Links op die voorpunt. En die rente was dié tyd al amper netsoveel as die kapitaal.

JAN: Maar hoekom het Pa-'le nie maar destyds oë toegemaak en vir Oupa gaan vra om 'n skuldbrief of iets uit te skryf met so 'n bepaling daarby nie?

HERMANUS: Oupa-hulle het nie aan skuldbriewe geglo nie. In hulle tyd was 'n man se woord nog sy eer.

JAN: Wat vir my die ergste was, is dat Ma se mense so maklik geglo het Pa het die geld geléén, maar nie dat Pa nie rente te behoef te betaal het nie. So onderduims half was hulle. Maar hoekom het Pa destyds vir hulle die regte bedrag genoem? Niemand in die familie het tog presies geweet hoeveel ons skuld nie? Ma het altyd gesê Oupa wou nooit met sy dogters en skoonseuns oor sy geldsake praat nie.

HERMANUS: Wil jy hê ék moes gelieg het, onderduims gewees het? Moes ek bedrog pleeg?

JAN: Nee, Pa, ek bedoel maar net: verstandig gewees het. Pa het agthonderd pond geleen gehad, en teen die vyf persent wat hulle agterna wou hê, was dit in die paar jaar se tyd al by die vierhonderd pond rente — altesaam twaalfhonderd pond. Hoekom het Pa nie maar gesê ons het so vyf-, seshonderd pond geleen wat saam met die rente so agthonderd pond sou wees nie — dit sou dan net mooi die bedrag gewees het wat ons na regte moes betaal het volgens Oupa-hulle se wens. Dis wat Oupa-hulle tog wou teruggehad het.

HERMANUS: Dit sou 'n leuen gewees het.

JAN: Maar dan het Pa tog volgens die gees van die wet, soos hulle sê, gehandel, al is dit nie volgens die letter van die wet nie. Die gees is belangriker as die letter.

HERMANUS: Salomo het iets gesê van 'n waaragtige lip bestaan vir altyd, maar 'n leuenagtige tong slegs vir 'n oomblik. Die ding wat jy sê, sou oneerlik gewees het. Dit sou dag en nag op ons gewete, in elk geval op my gewete, gelê het. Nou kan ons die slaap van die regverdige slaap. Anders was my gewete soos 'n meulsteen om my nek.

JAN: "Die slaap van die regverdige". Die slaap van die regverdige op 'n kaal vloer, terwyl ons anders, as Pa-'le maar net verstandiger was, darem op katels sou kon gelê het.

HERMANUS: Jy onthou wat sê die Skrif: Liewer 'n skotteltjie groente waar daar liefde is, as 'n gemeste os en haat daarby.

JAN: En dat ons Erfdeel verloor . . .

HERMANUS: Daar is dinge wat belangriker is as wêreldsgoed — eerlikheid en 'n skoon gewete is al klaar baie beter. Onthou jy hoe lief jou Oupa-hulle was vir Gesang 43:

"Goud en silwer is als slijk;
Niets o Jezus! dan uw bloed
geeft voldoening aan't gemoed;
wat wij lieven in dit leven
niets kan ons voldoening geven."

JAN (sug en swyg).

HERMANUS: Wat sê jy daarvan?

JAN: Pa kan nou maklik sê goud en silwer is soos slyk, maar . . . Kyk nou maar vir tant Trynie-hulle. Hulle is kastig ook Christene. Vandag kon sy wel die ou borde koop en vir Ma gaan gee, so geveins, en ek is seker sy het seker waar 'n hele paar mense haar kan sien, gestaan en praat en weer iets gesê soos: "Ou suster, ons het gedog julle sou hierdie ou bordjies maar wou hou vir 'n gedagtenissie aan oorle Ma-hulle. Ek is so jammer ons kon nie meer gee nie." En sy sal seker nog getjank het ook. (Hard, emosioneel) En dit is maar net 'n deeltjie van wat hulle van ons gesteel het.

HERMANUS: Oordeel niet, opdat ge niet geoordeeld word.

JAN (bitter): Ek oordeel nie, ek sê maar net reguit wat daar gebeur het.

HERMANUS: Gestéél het hulle dit nie. Miskien was dit inhaligheid, gierigheid, hebsug, maar nie diefstal nie. Wat tant Trynie-hulle gedoen het, is maar net wat jy ook nou doen — op jou regte staan.

JAN (sug): Pa het ook vir als 'n antwoord. Ek stem nie saam nie, maar aan die ander kant weet ek Pa-'le kon nie vooraf gedink het Oupa-hulle sou saam verongeluk en ons eie bloedfamilie sou dan soos aasvoëls toesak nie.

HERMANUS: Is ek nou in jou oë skuldig op hierdie aanklag? Ons maak maar of dit 'n hofsak is — jy die aanklaer, ek die beskuldigde. Hoe sê jy: is ek skuldig?

JAN (lag 'n bietjie verleë): Nee, goed, Pa, Pa is onskuldig, of hoogstens skuldig aan wat Ouma gesê het — Pa is skuldig aan eerlikheid en goeïigheid, maar darem ook so 'n bietjie aan nalatigheid?

HERMANUS: Wie van ons is sonder sonde? Hoeveel aanklagte het jy nou al teen my gehad? Twee? Drie? En aan hoeveel is ek skuldig?

JAN (lag weer 'n bietjie verleë): Nee, Pa is 'n goeie prokureur, maar daar is darem een ding, die hoofaanklag sal ek maar sê, die ding wat ons die nekslag gegee het — Hendrik van den Berg.

HERMANUS (met 'n sug): Hendrik van den Berg.

JAN: Sy geval was tog baie duidelik oneerlikheid, bedrog — ek weet nie of Pa dáár so lig van sal afkom nie.

HERMANUS: Nee, ek wás verkeerd. 'n Mens maak foute in wat jy van mense dink. Maar wie van ons sou kon dink dat 'n skoolmeester wat 'n jaar by jou in die huis gebly het, jou so gaan bedrieg? Ons het ons om die bos laat lei.

JAN: Maar Pa was darem ekstra nalatig met die papiere daardie more op Reitz . . . (Doof uit, terugflits.)

HENDRIK: Oom Hermaans, ek is verleë vandag. Oom het self al gesê dis een van die swaarste dinge om 'n ander mens na die oë te moet kyk, om 'n guns af te bedel, daarom sal Oom seker verstaan hoe swaar dit vir my is.

HERMANUS: Praat maar, Hendrik, ek luister.

HENDRIK: Oom sien, ek skuld iemand . . .

JAN: Luister, moet ek padgee?

HENDRIK: Nee, nee, bly maar — ons weet tog alles van mekaar af. Oom, ek skuld iemand vyftig pond en ek moet dit voor vanmiddag eenuur betaal hê. Dis goed ek is vanmore saam dorp toe, anders het ek nie netnou die brief gekry nie. Oom, ek voel soos 'n . . . ek weet nie hoe nie . . . soos 'n vuilgoed, soos 'n vuilise vark, om al weer iets te moet vra. Oom-hulle het my al so baie gehelp. Nee, ek dink ek gaan maar liewers kyk of ek nie op 'n ander plek of so geholpe kan raak nie.

HERMANUS: Praat, jong.

HENDRIK: Ek wil Oom 'n guns vra, maar ai! ek voel so skaam.

HERMANUS (ligterig): Jy weet mos die ou spreekwoord sê vra is vry en weier daarby.

HENDRIK (sug): Goed, Oom, terwyl Oom nou dít sê, neem ek maar die vrymoedigheid om te vra: As Oom weier, moet asseblief-tog nie dink ek sal geaffronteer voel of so iets nie — eerlikwaar. Wat ek wil

vra, is of Oom my dalk soveel kan leen, so vyftig pond? Ek het 'n klompie bees en skaap by my Pa-'le op die plaas. Baie meer as vyftig pond werd. Ek sou hulle kon gaan verkoop, maar hoe kom ek voor vanmiddag op Bethlehem? en buitendien, die vee het ook nie eintlik nou 'n mark nie. Maar ek bedoel, dis darem 'n soort van sekuriteit, dít en natuurlik my salaris.

HERMANUS: Maar hoe het dit gekom dat jy so lank gewag het om met die persoon reg te maak dat hy jou moet opdreun?

HENDRIK: Nee, Oom, dit was eintlik vreeslik nalatig van my gewees, maar ek het nie behoorlik ag gegee op die datum wat ek die geld moes teruggee nie. Ek het so half gedink ek het nog 'n paar maande tyd, tot ek netnou by die pos kom. En dit lyk my daar het al 'n brief van hom aan my weggeraak, want hy praat van "die vorige brief". Maar so leer 'n mens, op die swaar manier. Dis dié wat ek vir Oom vra: ás Oom kan, sal ek dankbaar wees as Oom kan help. As Oom nie kan nie, dan is dit maar tot daarnatoe.

HERMANUS: Wat gebeur as jy nie voor vanmiddag betaal nie?

HENDRIK: Hy dreig om my voor die hof te bring. Hy't voorheen al gesê hy sal maklik 'n skuldenaar in die tronk laat smyt — 'n harde man.

HERMANUS: Hendrik, jy weet my geldsake staan nie so goed nie, ek skuld my skoonouers al lankal geld vir die grond. Die bietjie wat ek op die oomblik in die bank het, het ek juis bymekaargeskraap om hulle op een slag darem 'n paar honderd te gee.

HENDRIK: Nee, Oom, dan is dit goed, ek verstaan. Dit is darem te veel verwag ... Soos ek nou-nou sê: ek voel al klaar soos 'n skurk oor ek al so baie by Oom-hulle geleen het en oor ek weet Oom sóú graag wou gehelp het as Oom kon. Dat dit vir Oom swaar is om ... sal ek maar sê ... te moet weier oor Oom nie anders kan nie. Oom is mos in dié opsig baie soos my Ma. Ek onthou hoe sy eenkeer naand half in 'n soort stryd was oor sy nie 'n swaer of iemand van haar kon help met geld nie — hy't ook destyds so 'n soort moeilikheid gehad. (Hy sug) Ja, vir haar sal dit verskriklik wees as ek dalk voor die hof moet kom en dalk nog in die tronk moet gaan sit oor skuld. Sy is die laaste tyd nie vreeslik sterk nie ... haar hart ...

HERMANUS: Luister, Hendrik, ek is haastig. Ek kan nie saam met jou bank toe gaan nie, maar ek leen jou die geld.

HENDRIK: Nee, Oom, nee, ek kan nie. Dis Oom-hulle se ou spaargeldjies waar Oom-hulle jare voor gewerk het. Netnou sit Oom-hulle op die wapak oor Oom-hulle so 'n vuilgoed soos ek moes help.

HERMANUS: Nee, Hendrik, die Skrif sê ons moenie die goeie onthou aan wie dit toekom terwyl 'n mens dit in jou mag het om dit te doen nie, moenie vir jou naaste sê gaan heen en kom terug, more sal ek gee, terwyl jy dit het nie.

HENDRIK: Ai, Oom, ek weet darem nie so reg nie. Ek weet nie wat moet ek vir Oom sê nie. Ek is so onwaardig. (Met 'n sogenaamde "ge-

broke" stem:) Ek kan maar net sê: Die Here sal vir Oom en Oom se huis seën. Ai, Oom, baie, baie, BAIE dankie. Oom sal cendag Oom se loon ontvang.

HERMANUS: Nie te danke, jong, ons Afrikaners moet mekaar mos maar help, nè? Maar luister, Hendrik, ek en Jan is vreeslik haastig vendusie toe, hulle begin netnou om die paar beeste op te veil. Ek teken maar net die tjek, hierso, en dan vul jy maar self verder in — die datum, die bedrag in woorde, en so.

HENDRIK: Nogmaals hartlike dank, Oom. (Sy stem verdof. Voetstappe.)

JAN: 'n Tjek aan 'n bedrieër gegee om in te vul — net 'n nulletjie agter die vyftig, en ons is in ons maai. Vyfhonderd pond. Dit was die ding wat ons finaal gebreek het — al ons spaargeld daarmee heen. 'n Mens moes liever die vuilgoed in die tronk laat smyt het.

HERMANUS: Hoe't ons dit vooraf geweet?

JAN: Maar Pa was altyd die een geweens wat ons gewaarsku het: moet nooit borg staan nie, moet nie sommer jou handtekening op papier sit nie. "As jy jou naam op papier sit, ou seun, dan gee jy iets van jouself weg", het Oupa altyd gesê.

HERMANUS: Ek wás nalatig. Dit was 'n groot fout om hom te vertrou het.

JAN: En net so 'n fout dat Pa nie 'n klag by die polisie wou gaan lê om hom te vervolg nie.

HERMANUS: Dit sou nie vir ons die vyfhonderd pond terugbesorg het nie. En ná die tyd het hy omtrent in trane aan my en die bankbestuurder belowe hy sal alles teruggee, elke pennie.

JAN: Wat hy nou nog sal doen. Ek kan nie verstaan dat Pa-'le hom nie wou laat vervolg nie. Miskien as die hof gesê het hy moet terugbetaal . . .

HERMANUS: Die hof beboet mense of gee hulle hardepad.

JAN: Ons kon geprosedeer het.

HERMANUS: Wat dalk honderde ponde gekos het, en hy sou tog nie kon betaal het nie. Die storie van die skapie en besies op sy Pa-'le se plaas was ook maar sommer uit sy duim uit gesuig. En die belangrikste is: Eendag staan ons almal voor die regterstoel, dan word ons almal geoordeel. Hy sal voor die Here moet rekenskap gee.

JAN: Ja, Pa, só sê Pá. Maar onthou Pa die grappie van oom Jan Spies oor die Jood wat ook op dié manier getroos is nadat hy verneuk is? Hy't gesê: Maar die **Hiere ies soe staaedig** . . . En g'n mens het ons ook vooraf gewaarsku teen die vent nie, dis eers agterna dat ons moes hoor dit was nie sy eerste misstap nie.

HERMANUS: Ons het darem 'n waarskuwing gehad. Onthou jy nie hoe jou Ma partykeer gesê het sy bakkies staan haar nie aan nie, en so? (Doof uit.)

MARIA: Hermaans, ek weet julle dink baie van Hendrik, maar ons moet oppas — hy't anderdag by my ook vyf pond weg en nou weer tien pond by jou, kastig vir storieboeke . . .

JAN (lag): Ag, Ma, dink Ma rêrig iemand soos Héndrik sal ons wil ver-neuk?

MARIA: Enigeen kan 'n mens inloop — vandag vyf pond hier, more tien pond daar, waar gaan dit eindig?

HERMANUS: Nee, Vrou, ek weet 'n mens moet natuurlik maar altyd op jou hoede wees, maar dié keer dink ek darem jy is té versigtig. Ek dink nie ons hoef ons oor Hendrik te kwel nie.

MARIA: Oppas maar, sê ékke. Hy mag so danig vriendelik en voorkomend wees en als, maar ons het darem nog nie 'n sak sout saam met hom opgeëet nie.

JAN: 'n Hele paar lepels vol darem.

MARIA: En Hermaans, onthou maar wat sê die ou spreekwoord: alte goed is buurmans gek. ('n Kort stilte. Die voetstappe dui aan die terug-flitsie is verby.)

HERMANUS: Ja, as ons toe maar vir jou Ma geluister het.

JAN: Dus, Pa gee toe Pa is dié keer skuldig?

HERMANUS: Ek is skuldig, skuldig ('n bietjie bitter) omdat ek mense vertrou het, omdat ek my naaste wou help, omdat ek die Skrif gehoorsaam het: “Wie den arme geeft, zal geen gebrek lijden” . . .

JAN (lag hard).

HERMANUS: Wat makeer jou?

JAN (lag): Dis vir jou te sê: “Wie vir die armes gee, sal nie gebrek ly nie”. (Hy lag weer) “Geen gebrek ly nie”.

HERMANUS (skerp): Hou dadelik op! Lyk my partykeer die duivel vaar in jou in!

JAN: Toemaar, Pa, ek sal nie meer verder lag nie, dit was maar net snaaks vir my . . .

HERMANUS (skerp): Jy doen sonde. Van elke woord, van elke ydele praatjie sal jy eendag rekenskap moet gee. ('n Rukkie stilte.)

JAN: Maar het Pa nou 'n les geleer uit wat met ons hier gebeur het? Ons moet van nuuts af begin — ek hoop Pa het geleer om nie so goed vir ander te wees dat Pa-'le naand self daaronder gaan ly nie.

HERMANUS: Ek moet 'n bietjie minder goed wees, nè, bietjie minder eerlik en reguit, minder my naaste help, nie luister na die gebod wat sê: “Gij zult uw naaste liefhebben als uzelf” nie? Wat jy eintlik wil hê is: Ek moet minder Christen wees, dis dit, nè?

JAN: Nee, Pa, dis nie dít nie. 'n Mens kan maar Christen wees, jou naaste liefhê en als, maar 'n mens moet tog jou kop ook gebruik.

HERMANUS: My kop gebruik ek nog altyd. En Christen wees, dis nie iets wat 'n mens maar kán wees soos wat jy sê: “'n Mens kán maar Christen wees” nie. Jy móét dit wees en jy móét dit wil wees. 'n Christen bly ek, en vir 'n Christen is daar nie kans om minder hulpvaardig of eerlik of wat ook al te wil wees nie. Daar's vir die Christen maar net een smal weg en die smal poort. Maar laat ek hoor: Jy was mos die aanklaer, as jy nou regter was, wat was jou uitspraak: is ek skuldig of onskuldig?

JAN (verleë): Nee, Pa, soos ek nou-nou gesê het, nie juis skuldig nie, maar darem ook nie...

HERMANUS: Nee, a, hoe 'n aanklaer en regter is jy dan? Die hof ken tog net skuldig of onskuldig?

JAN: Goed, Pa, dan is Pa seker nie skuldig nie, maar...

HERMANUS (gee 'n kort vrolike laggie): Maar alle grappies op 'n stokkie. Jy't nou jóú kans gehad om my aan te kla — nou's dit my beurt.

JAN: Om my te beskuldig?

HERMANUS: Om jou aan te kla, ja.

JAN: Waarvan kan Pa my beskuldig? Pa was goed en eerlik — ek kan hoogstens aangekla word van te harde werk, dat ek soos 'n os moes werk, dat ek die grond liefgehad het...

HERMANUS: Nee, dis alles goed en wel. Dis mooi dat jy dit als gedoen het. Maar laat ons nou na 'n paar ander dinge ook kyk. Net 'n klein dingetjie eers: jy was tog by gewees die dag toe Hendrik my die geld gevra het en ek hom die tjek gegee het. Hoekom het jy nie toe gewaarsku nie? Wat help die gepraat agterna?

JAN: Pa het my niks gevra nie.

HERMANUS: En ás ek jou nou gevra het? Toe, sê eerlik?

JAN: Wel, ... e... e...

HERMANUS: Wees eerlik, wat sou jy vir die man gesê het? (Jan swyg)

HERMANUS: Jy en Hendrik was tog dik vrinde gewees, nie waar nie?

JAN: Voor hy ons uit die geld verneuk het, was ons vriende, ja. Ons was vriende net soos wat Pa-hulle en hy vriende was.

HERMANUS: Maar jy en hy was tog goeie vriende, nie waar nie? Het jy hom ooit probeer ompraat om spaarsamer te lewe, minder te mors? Of het jy hom maar gesus en hom verder in die verderf ingehelp? Het jy jou plig teenoor hom gedoen, die plig om onse swakkere broeders te help? Julle twee was tog dikwels bymekaar gewees, nè? (Jan bly stil) Of hoe, Jan?

JAN: Hy't baie keer kom staan en praat as ek melk of so.

HERMANUS: Maar party aande in sy kamer?

JAN: Partykeer het ek daar gekom om boeke te leen, en so.

HERMANUS: Nét dit?

JAN: Wel, nee, ons het partykeer ook oor ander goed gepraat.

HERMANUS: Party Saterdaggaande — Ek en jou Ma wou niks daarvan sê nie, maar ons was darem nie heeltemal dóóf nie. Julle was grootmense, ons het niks gesê nie. Maar gerumoer het julle wel partykeer, al weet ek nie wat julle gepraat het nie.

(Doof uit. Terugflits.)

(Hendrik en Jan praat albei oor die algemeen vrolik, soos mense wat al 'n bietjie gedrink is — effens sleeptong, met heelwat speeksel in die mond, ens.)

HENDRIK: Is jy seker die oumense sal nie die wyntjies ruik of ons hoor nie? Dan maak ons hierdie botteltjie ook maar oop.

JAN: Nee, hulle slaap. Skink in, man, skink in. Ná die verbrande gesukkel die heel week op die lande is dit darem 'n laafnissie.

HENDRIK: Luister jong, my gewete pla my partykeer. Ek is 'n slegte mens. Ek wil jou nie verlei nie. As jy hierdie wyn nie wil drink nie, hoef jy nie skaam te wees nie. Jy moet onthou ek is eintlik die tipe waar jou Pa-'le jou seker al teen gewaarsku het.

JAN (haal sarkastiesrig aan): “Mijn zoon, indien zondaren u willen verleiden, bewillig niet.” Hoor hier, as wyn aanbied aan iemand “verleiden” is en as jy 'n “sondaar” is, dan “bewillig” ek graag. Dis g'n kwessie van “bewillig” nie, dis verdomp net die arbeider is sy loon waardig.

HENDRIK: Jy ken darem jou Bybelteksies, hoor! Mooi soet Sondagskool toe gegaan en so?

JAN: Man, dis nou een ding wat ek wel goed gedoen het, buiten nou plóëë, en ég en plánt en óés en kóéie melk en skááp skeer, die hele ou lot — dis nou een ding — Bybeltekste, dit was van kleins af my voorland — die Kort Begrip met bewysplase en al, hulle is by my inged . . . , sê maar ingedreun soos wat die donders in hierdie wêreld dreun, Gesangverse . . . (half ernstig, half met 'n lag) Nuwe Testament of Ou Testament, jy kan vir my omtrent enigiets vra — die verloren zoon, die rijk man en Lazarus, Lazarus wat “begeerde verzadigd te worden van de kruimkens die van de tafel des rijken vielen, maar de honden kwamen en lekten zijn zweren . . .” “Ou Testament- Psalme van David, David en Jónathan in die veld . . .”

HENDRIK (laggend): Hokaai, ek glo jou. Jy praat so of jy nie juis van hierdie tipe goed hou nie, of jy moeg is . . .

JAN: Moeg! Ek is nie moeg nie, ek is siek en sat vir werk en bid en glo. Alles verniet. Bid en my lewe lank wag ek om.

HENDRIK: Wag? Waarvoor wag?

JAN: Wag vir . . . ja, soos vir die reent, bid en wag dat dit reent. Plant en wag om te kyk of iets groei. Daar is so baie dinge. 'n Mens wag

jou hele lewe om en wat gebeur daar? Bôggherôl. Bôggherôl, sê ek vir jou — alles ijdelheid der ijdelheden. En eindelik vrek jy en klaar, en jy't verniet gelewe. ('n Paar oomblikke stilte.)

HENDRIK (gemaak-lughartig): Maar wat is daar so danig wat 'n mens anders voor kan wag, buiten dat dit reent en so?

JAN: Ag, daar's baie ander dinge ook, wat maak dit saak.

HENDRIK: Nee, sê — jy maak my nuuskierig.

JAN: Nee wat, niks. Goed dan maar — vir my skip om te kom.

HENDRIK: Orraait, dan bêre ek hierdie bottel. As jy nie wil praat nie, dan bêre ek hom net so weg en ons gaan slaap elkeen.

JAN: Daar's goed wat mens nie oor praat nie en wat 'n mens skaars gesê kan kry vir jouself. Ek is maar 'n dom boertjie, ek is nie geleerd soos jy wat 'n skoolmeester is nie.

HENDRIK: Ag, wat is 'n skoolmeestertjie by 'n plaasskooltjie?

JAN: Maar terwyl jy aanhou: ek het netnou gepraat van wag. Goed dan maar, ek sal maar vir jou 'n Bybelteks gee: "Het hart kent zijn eigen droefheid, en in zijn vreugde kan een vreemde zich niet mengen." Ek bedoel maar elke hart is alleen met sy eie... daar is mense wat... Ek weet nie hoe om dit te sê nie, dalk verstaan jy...

HENDRIK (ongemaklik): Wel, jy's bietjie hoog vir my, ek ken nie die Bybel so goed nie... (opgewekter) Kom ons laat staan maar dié soort praatjies. Ons maak maar die bottel oop, al verdien jy dit eintlik nie.

JAN (sug): Nes jy sê.

HENDRIK: Aha! Ek het geweet — jy's die eintlike sondaar, dis jy wat my aan't verlei is.

JAN: En "bewillig" jy?

HENDRIK: Ja, boetie, ek's altyd reg. Hou jou glas.

(Die geluid van vloeistof wat in glase gegooi word en daarna die geklink van glase teen mekaar).

HENDRIK: Nou ja, daar gaat hy dan maar weer. Het jy toe daardie boek gelees... (Sy stem raak weg. Voetstappe hoorbaar in die gras.)

HERMANUS: Hét jy hom ooit op die regte pad gehelp? Daardie vrag drankbottels in sy hangkas toe hy weg is — jy't tog seker daarvan geweet? Het hy so skelm gedrink dat selfs jy dit nie kon agterkom nie? Jy was tog baie keer in sy kamer gewees?

JAN: Ek was darem nie altyd daar nie, net soms.

HERMANUS: Maar gepraat oor sy drinkery?

JAN: Nee, nie eintlik nie.

HERMANUS: En jou plig teenoor hom het jy versuim?

JAN: Ja, goed dan maar, ek het.

HERMANUS: Hom nooit aangespreek oor sy spandabelheid en die drank nie? Bang gewees hy gaan vir jou sê jy's 'n safte ou mamma se voorskootbandjie?

JAN (swyg).

HERMANUS: Nie waar nie? Jy was bang gewees en daarom het jy jou plig versaak?

JAN (bars uit): Ja, goed, goed! Ek hét niks gesê nie! Ek wás bang gewees hy sou... hy sou...

HERMANUS: Dat die koek tussen julle twee sou bars?

JAN: Daar was geen koek...

HERMANUS: Hoe sal jy dan sê? Waarvoor was jy bang?

JAN (na 'n paar oomblikke stilte): Dat ons vriendsk... dat ons daarna nie meer... Ek wou hom nie affronteer nie.

HERMANUS: Affronteer?

JAN: As ek my neus in sy persoonlike sake sou gaan insteek.

HERMANUS: Hoeke vriende was julle dan? Jy kon tog gedink het as iemand sou ophou om jou vriend te wees as jy hom wil reghelp of berispe — dat hy dan nie jou regte vriend kan wees nie.

JAN (bars weer heftig los): Pa kan maklik praat, Pa-'le het hope vriende gehad, gedurigdeur familie wat kom kuier, maar ek was aldag en heeldag alleen, bedags werk, alleen werk, saans alleen. Ek het nooit iemand gehad om teen te praat nie, nooit 'n maat gehad nie, behalwe Koos, en toe hy dood is...

HERMANUS: Niemand sou jou gekeer het om Saterdaggaande jou perd op te saal om te gaan vry nie. Daar was amper elke Saterdag die kans. Maar dan lê jy in die huis met storieboeke. Dis ook Hendrik wat met die storieboek-storie begin het.

JAN: Word ek nou verwyt ook omdat ek gelees het?

HERMANUS (skerperig): Nee, ek verwyt jou nie. Dis jy wat verwyt het, en ek antwoord jou maar net. Jy wil te kenne gee ons het jou so sleg behandel, dis eintlik óns skuld dat jy te vrot gewees het om 'n vrou te kry.

JAN: Ek het niks daarvan gesê nie, ek het net gesê ek het nooit vriende gehad soos ander nie, en van vroumense het ek nie eers gepraat nie.

HERMANUS: Ek wonder baie keer of jy opreg... (hy breek skielik af).

JAN (met bitterheid): Ja, Pa. Ek het Pa gehoor. Dis wat Pa-'le al lankal wou sê? Ek weet: ek is die hond wat 'n mens kan skop, die os wat dors wat jy kan mulband, 'n Kaffer...

HERMANUS: Waarvan praat jy?

JAN: 'n Kafferhond wat jy kan skop. Pa praat altyd van die wil van God. Hoekom is dit dat mense gebore word soos wat hulle is?

HERMANUS: Wat, waarvan praat jy?

JAN: Help dit om te bid? Is dit nie maar soos: "Wie toch van u kan, met bezorgd te zijn, ééne el tot zijn lengte toedoen?"

(Daar is 'n rukkjie stilte. Die voetstappe verdof en Jan is besig om half te bid, half te praat).

JAN: God, waarom maak u soms mense soos... U maak party mense soos miswurms... U gee kanker, u maak sommige mense gebreklik, ander om te ly aan 'n kwaal, of om melaats te wees, of bese swere te hê. en al wat gebeur, is dat die honde dit kom lek, en u maak mense wat nie anders kan as om met 'n sonde aan te hou nie — dronklappe, luiards, leuenaars, geveinsdes... U't party mense gemaak soos miswurms, nee, soos Kaffers. U't Kaffers geskape, en party mense soos Kaffers, en Kaffers wat wit is, en niemand wil iets met hulle te doene hê nie. U't my... U het laat ek eensaam wees, u't my gestraf met... deur my te laat verlang na 'n ander. Kan ek dit nie vra nie? 'n Verbond soos Jónathan en... U't my gestraf, ek het dit nie só gekies nie, ek het dit gekry, u het laat mense my verstoot... Soms, as ons bid, laat u dit reent... As u my ook 'n krummeltjie wil gee wat van die tafel afval...

(Sy stem verdof, en die voetstappe op die gras dui aan die terugflitsie is verby.)

HERMANUS: Ek weet nie wat jy wil sê nie, maar wat ek netnou van gepraat het, is: "Gij zult uw naaste liefhebben als uzelf". En dit beteken nie net dat jy jou vriende moet help en so nie, jy moet ook dink aan wat die apostel Jakobus sê: "Belijdt elkander de misdaden en bidt voor elkander, opdat gij gezond wordt. Broeders, indien iemand onder u van de waarheid is afgedwaald en 'n iemand hem bekeert, die wête, dat degene, die enen zondaar van de dwaling zijns wegs bekeert, eene ziel van de dood zal behouden, en menigte der zonden zal bedekken." Dit was jou plig. Wat het jy gedoen?

JAN: Ek wis nie hy het soveel geld...

HERMANUS: Ag, man! Ek praat nie van geld uitmors nie, hoe kon jy nie agtergekom het hoe hy is nie? (Jan swyg) Vroeër vanaand is dit jy wat gesê het: "Pa, vanaand gaan ek nie stilbly nie." En nou, nou's jy tog stil? Jy't jou plig teen jou naaste versuim. Maar laat ons verder gaan. Jy't netnou van die Rebelle gepraat. Jy het gesê: "Hoekom het Pa vir Boetie saamgesleep?" Jy praat so van Boetie en die Rebelle... Onthou jy nie wat jy gesê het daardie dag ná Oupa weg is nie? (Doof uit. Terugflits).

HERMANUS: Vrou, luister, het jy al iets vir my ingepak? Koos, het jy besluit of...

JAN (smalend): Of is jy tóg bang?

KOOS: Ek gaan. Saal vir my ook op.

JAN: En ek — Ag, Pa, laat my seblief saamgaan, Pa, asseblief tog...

HERMANUS: Nee, Jan, Koos kan nog gaan, hy is die oudste, maar iemand moet bly om na die plaas te kyk. Jy's die ou staatmaker.

JAN (half huilend): Maar Pa het altyd gesê ek moet goed leer skiet vir die dag wat ons weer teen die Engelse veg, en nou, nou dat dit gebeur, moet ek hier soos 'n ou meid by die huis lê... Nee, ek wil gaan.

HERMANUS: Jan, ons moet elkeen ons plig doen — die een op kommando, die ander deur die plaas en die vroumense op te pas. Wil jy nou dat Ma-hulle allenig hier bly sit? Wat sal gebeur as die Kaffers weer parmantig raak en plaashuise en vrouens en kinders aanval soos in die Oorlog? Nee, my ou seun, jou werk is in baie opsigte swaarder...

JAN: Maar Pa... (hy huil half).

KOOS: Jy wil gaan veg, en jy's nog 'n tjankbalie...

JAN (driftig): Hou liever jou vuilgoedse bek! Jy wat eers te bang was! en nou moet ek op die plaas bly sit en jy kan gaan rond kerjakkter. Hou liewers jou bek voor jy gefoeter raak.

KOOS: Mannetjie, jy raak glads te groot vir jou skoene. Hou liewerster jôu bek, voor ek hom netnou vir jou...

JAN (uitdagend): Jy en wie? Grootbek, dis al wat jy kan...

MARIA: Hemel, kinders, wat gaan met julle aan? Dis so 'n vreeslike tyd en julle gaan kompleteet net soos die volk tekere...

HERMANUS: Jan, ek praat nie weer nie. Gaan saal nou op daardie twee perde.

JAN (Half huilend, maar brutaal): Ja, ek sal die perde opsaal, en jy, grootbek, ek wens die donderse Engelse, ek wens hulle skiet jou of jou simpel perd in hul kanon...

HERMANUS: Magtag, Jan, wat de duiwel het weer in jou ingevaar? Jy kry vandag nog 'n pak met die plathand. Kom hierso! ('n Paar houe met die plathand) Loop, gaan saal op daardie perde en gedra jou...

JAN (snikkend): Ja, Pa.

(Einde van die terugflits; geluid van voetstappe op die gras).

HERMANUS: Jy het ons daardie dag nie eers gegroet nie. En daardie verskriklike wens van jou...

JAN (vinnig, met verontskuldigende toon): Pa weet mos ek het dit nie bedóél nie — ek was net kwaad...

HERMANUS: Oor jy jou sin wou kry...

JAN: Nee, oor Pa-'le altyd vir Koos voorgetrek het, omdat hý kon gaan en nie ek nie.

HERMANUS: Maar dat dít jou afskeidswoorde, kan jy maar sê, aan hom was. En toe hy regtig geskiet is...

JAN (sug): Ek onthou wat Pa gesê het sy laaste woorde was: "Sê vir Jan ek is jammer oor daardie dag, dat ek hom so kwaad gemaak het.

Ek het dit nie bedoel nie. Vra hom tog om my te vergewe. “As ek hóm tog maar weer kon gesien het, kon gesê het hoe spyt ek was. Dit was die ding wat ek die meeste voor gebi... wel, waaraan ek die meeste gedink het terwyl Pa-'le op kommando was — dat hy moet terugkom sodat ons kon vrede maak.

HERMANUS: Maar jy sien nou, jy verwyf my dat ek wou rebelleer, maar jy self wou net so graag gegaan het. Sê my eerlik — as jy nou kon kies, sou jy nou anders wou doen, nie wou saamgaan nie?

JAN: Nee, Pa is reg. Ek sou weer wou gegaan het. Ek sou liever in Koos se plek wou...

HERMANUS: Ek is dus darem nie die enigste wat skuldig is nie? Jy ook?

JAN (effens verleë): Goed, Pa, ons is altwee skuldig. Maar soos Pa vanaand al gesê het, ek gee nie om om daaraan skuldig te wees nie. Dit was 'n goeie saak, vir ons volk.

HERMANUS: Laat ons verder gaan. Jy het gepraat dat ek en van die ander mense hier rond maar altyd net gebid het. Die geloof sonder die werke, het jy gesê. Jy't wel gewerk, maar het jy geloof ook gehad? Het jy gebid?

JAN: Of ek gebid het! Ek onthou die jaar toe die koring eers so mooi gestaan het hier op die swart land. Toe't die droogte begin. Ek het gebid, maar die koring het swart beginne raak. Ek het gebid en gebid. (Met bitterheid) Pa-'le het gebid: “Diep o God in't stof gebogen”, en ek het in die koringlande in die grond gaan kniel, my neergebuig in die stof, ek het my kop in die droë grond ingedruk en gebid: “Diep o God in't stof gebogen”. Ek het gebid en geglo, maar die reent het nie gekom nie. En gehoop! Gehoop en gebid, want die Gesangvers sê mos: “Die hoop moet al ons leed verzaechten...” Maar dit het alles niks gehelp nie. Dit het nie gekeer dat die koring naderhand heeltemal swart word nie, en toe wit, al hoe witter en witter. En tóé: Tóé kom die reëns, die regte ou landsreëns, die agtdaereëns soos die ou mense sê.

HERMANUS: Het jy ooit gebid: “Uw wil geshiede”. Nie my wil geskied nie, maar u wil? Glo jy dit ook? “Wat God doet, dat is welgedaan, zijn wil is wijs en heilig”. Of het jy gebid soos een wat altyd maar net aan homself dink? Het jy opreg gebid?

JAN: Opreg het ek gebid... opreg... 'n mens kan skaars opregter, regopper miskien...

HERMANUS: “Volhard in het gebed.” Onthou jy nie meer daardie bordjie teen ons slaapkamermuur nie? “Volhard in het gebed.”

JAN: Ek het volhard om te volhard. My hele lewe het ek gebid. My eerste groot biddery was dat Koos moes terugkom van die Rebelle dat ek kan sê dat ek jammer is, dat ons nie as kwaai-vriende... Gebid vir reën, vir oeste, vir alles in my lewe het ek gebid; gebid, ná Koos dood is, dat ek weer 'n maat soos hy kon hê... Opreg het ek gebid, opreg.

HERMANUS: En daardie aand van die groot hael van die eerste Desember?

JAN: Pa moes ook nooit dat ons kinders hard moes bid voor die ander nie. Dan sou dit nooit gebeur het nie.

(Sy stem verdof. Hermanus is te hoor waar hy besig is om te lees — langsaam, maar nie sukkelend nie, en duidelik, die Nederlands op Afrikaans uitgespreek, bv. “skapen” vir “schapen”.)

HERMANUS: “Al sou de vijgeboom niet bloeien,
en er geen opbrengst aan de wijnstokken zijn,
de vrucht van den olijfboom teleurstellen
al zouden de akkers geen spijs opleveren
de schapen uit de kooi verdreven zijn
en er geen runderen in de stallingen zijn . . . ,
nochtans zal ik juichen in den Here,
jubelen in de God van mijn heil.
De Here Here is mijn kracht!
Hij maakt mijn voeten als die der hinden,
Hij doet mij treden op de hoogten.”
Tot sover.

Die Here se woord praat vanaand reguit met ons, kinders, ons het groot skade gehad; ons werk van maande is in 'n paar minute verwoes, maar ons moet net soos die profeet kan sê: Ook al sou die hael ons korings wegslaan, al sou daar net stoppels in die modder oorbly, al is daar slote deur die lande gespoel, nogtans sal ons juig in die Here . . . Jan, sal jy vanaand vir ons voorgaan in die gebed?

(Die geluid van 'n stoel wat hard en vinnig op 'n plankvloer agteruit geskuife word).

JAN (bitter en hard): Nee, nee, ek sal nie voorgaan nie. (Mense trek hul asemes verwonder en verskrik op) Nee, bid Pa-'le maar en juig en jubel. En sing maar netnou “Prijs den Heer met blijde galmen . . . Nee, ek is nie Habakuk nie, ek sal nie jubel oor die hael vanmiddag ons koring weggeslaan het nie. Bid julle maar, miskien kry julle vir God wakkergebid waar hy slaap op Karmel soos die afgode van Elia se tyd.

(Voetstappe op die plankvloer, 'n deur word oop en toegemaak. Enkele oomblikke stilte.)

HERMANUS (moeg): Kom, laat ons bid.
Onse Vader, wij danken u andermaal voor . . .

(Sy stem verdof; einde van die terugflits)

* HERMANUS: Jy't my en jou Ma daardie aand bitter . . . jy't ons daardie aand tot in ons siel seerge- . . . Ek kan amper sê, jy het dat 'n swaard deur ons siel gaan omdat jy só gepraat het.

JAN: Maar hoekom moes Pa my daardie aand juis vra om te bid? Pa kon tog geweet het hoe ek voel? En kan Pa nie nou maar van daardie saak vergeet nie? Het Pa-'le my nie al tot die dood toe oor daardie woorde verwy't nie?

HERMANUS: Jy't vanaand gepraat oor rebelleer. Goed, ek het gerebelleer, eenmaal, dit was teen mense, al was dit eintlik teen die gesag wat deur God ingestel is. Jou Oupa was daardie tyd reg gewees, ek was verkeerd. Maar jy wat my beskuldig — het jy nie gerebelleer teen die Voorsienigheid nie? Is alles wat met ons gebeur het, nie dalk 'n straf oor jou wederstrewigheid en opstandige hart nie?

JAN: Nou's dit alles weer my skuld. Ja, pak maar die skuld op my — my skouertjies is mos breed?

HERMANUS (sug): Nee, nie jou skuld allenig nie. Ook ek en jou Ma s'n — dat ons eintlik, ek wil amper sê, soos Eli was teenoor jou. Miskien het ons jou te ver laat gaan dat jy soos een van Eli se seuns geword het wat nie met die Here gereken het nie, soos die Skrif sê. Wie my versmaai, sal gering geag word, sê die Here. Al wat uit Eli se huis gestam het, sou op manlike leeftyd sterwe. Die huis van Eli het opgehou deur sy seuns se sonde. En dis miskien my straf, dat ek jou so laat begaan het. Ek hét verkeerd gedoen, verkeerd geoordeel, maar jy wat so oor 'n ander oordeel, oordeel jy maar vanaand oor jouself. Jy't hard gewerk, goed. Ek het jou altyd die ou staatmaker genoem. Maar jy't afgedwaal, ou seun, en ek wou nie te gou daaroor praat nie oor ek wis jy word so gou ernstig as mens met jou praat oor so iets. Maar jy is die een wat die saak aangevoer het, en ek wil jou maar net dit sê: Jy't jou afgewend van die geloof.

JAN: Nee, dis nie waar nie.

HERMANUS: Jy't geword, soos die Skrif sê, een van die wolke wat geen water gee nie, omdat hulle deur die wind verbygejaag word. Ons gaan 'n nuwe lewe begin op 'n nuwe plek. Maak jy ook weer 'n begin en bekeer jou. Al is jou sondes soos skarlaken...

JAN: Pa was reg — ek moes nie met hierdie praterij begin het nie. Ek dink nie dit het veel gehelp nie. Pa sal nie verander nie, Pa sal die goeie man bly wat hom deur ander sal laat misbruik. En wat Pa oor my sê: Goed, ek sal bid, soos wat ek nog altyd bid, maar hoop en glo? Dit was nog altyd nutteloos. Ek wil niks meer hoop en niks verwag nie. Ek wil nie weer geheg raak aan 'n plaas of enigiets of iemand nie, want alles wat jy liefhet, verloor jy, ook al hoop jy.

HERMANUS: Gaan jy regtig só die nuwe lewe begin, sonder enige hoop?

JAN: Ek sal elke dag op die pad gaan werk soos vroeër op die plaas, die Bybel lees, bid... en "liefhê" — Pa-'le natuurlik liefhê soos wat dit 'n kind betaam...

HERMANUS: En onse vader in die hemele...?

(Daar is 'n rukkie lank stilte; een persoon stap weg.)

JAN (bid mompelend, stadig en sukkelend): Onze Vader, die in de heme... Ek verstaan u nie. Ek weet nie eers of dit waar is dat u... dat u êrens... As u êrens is, ek roep tot u, ik roep uit diepten van ellenden... Gee, dat ek nie die hoop verloor nie, dat ek nie haat nie, nie verbitterd raak nie. Laat my daardie man wat ek... wat

my... laat my daardie man nie haat nie. Gee my die hoop dat ek mag hoop in al mijn klachten op zijn onfeilbaar woord... (Hy sing half — mompelend, stadig, met lang pouses tussen elke reël:) Hij maakt op hun gebeden/ Gansch Israël eens vrij/Van ongerechtigheden/Zoo doe Hij ook aan mij!

ANON

MATERFAMILIAS IS DOOD...

Materfamilias is dood,
die huis se rykdom
wag op die erfgename, waardeerdere, en die loot.
Honderd sleutels vir honderd kaste,
koffers, laaie, en ander laste.
Alles los, in sy geheel
word na die wens in twee verdeel.
Broer en sus, en sus en broer
sal in liefde vir mekaar bly loer.
Vir jul, vir ons, vir jou, vir my
al wat sy bymekaar kon kry.
Vir jou die silwer en die porselein,
Vir my die stinkhout groot en klein.
Die Pierneefs, Laeveld en Karoo,
verdien die loot, dis beter so.
Kristalglas, munte en juwele,
ek sê jou wat, ons deel die hele.
Dan ook nog al die ander losse,
praat ook nie van die stawels kosse,
blikke, pakke, inmaakflesse,
ons skryf op almal die adresse.
Een vir jou en een vir my,
regverdig so en ons vermy
inflasie met 'n boordvol spens,
daar's tog te dink ook aan die pens...

Dan staan ek plots met blik oor see,
en dink geruk, ontroerd, verlee:
in al Sy wandeling op aard,
had Hy g'n Rosenthal of haard,
had Hy g'n stinkhout, silwermes,
of Pierneefs so 'n vyf of ses,
had Hy net maar Sy enkel kleed
so skamel om Sy klaarlig leed.

DIE VROU MET DIE RUSSIESE HONDE

Dit bly vir my 'n raaisel dat ons dit nie opgemerk het toe ons die huis gekoop het nie. Ek het 'n vermoede dat die agent op slinkse wyse gesorg het dat ons nooit ordentlik na daardie kant van die huis gekyk het nie. En dan, die huis self was so reg na ons smaak, met sy ruim sonnige vertrekke, Spaanse boë en wit mure. Die voortuin was 'n geslote klein binnehof met noorsdoring teen die sonwit muur en groen gras en 'n enkele groot sambreelsoetdoring. Bekoorlik, sodat ons seker maar nie deeglik genoeg na die ander dinge opgelet het nie.

Eers na ons ingetrek het, het dit my soos 'n vuishou tussen die oë getref: langsaan, by die bure aan die linkerkant, was daar grenslose verwaarlosing. Vanaf ons agtertuin kon 'n mens dit eenvoudig nie miskyk nie. Die huis self het diep in die erf tussen lang gras en bossies gestaan. Afgeskilferde mure, lendelam geute, selfs 'n gebreekte ruit of twee. Ek kon my oë beswaarlik glo. Dit was tog andersins 'n versorgde en aangename buurt, dié dat ons besluit het om daar te koop. En nou dié ontnugtering. My man was ewe ontstemd. 'n Plan sou ons moes maak. Desnoods maar 'n hoë muur tussen-in. Sommer dadelik. Kitsklaar, van dié wat binne 'n dag staan gemaak kan word.

Doenig in die huis, soos 'n mens maar is met 'n intrekery, het ek net soms skrams by die venster uit telkens opnuut bewus geword van die onaanvaarbare verwaarlosing langsaan. Later in die middag het ek stemme gehoor en toe ek uitkyk, het ek die klompie dogtertjies gesien. Soos dit vir my gelyk het, het hulle gepas in die verwaarlosing. My hart was in my skoene. 'n Lang, maer vrou, met hare styf na agtertoe in 'n rekkie saamgebind, het buite toe gekom en die kinders geroep. Die prentjie was met háár voltooi, het ek gedink, skoon moedeloos.

Dit was met skemer dat ek hulle vir die heel eerste keer opgemerk het. Ek was tam gewerk en het voor die venster gestaan, sonder om werklik iets raak te sien. Tot op dié oomblik. My mond het oopgehang — en nie net by wyse van spreke nie — vir die totale ongerymdheid van wat ek gesien het. Om die huis het hulle gekom, die vier mooiste diere wat my oë nog ooit aanskou het. Duidelik 'n reu en 'n teef en twee jong honde. Statig, eteries byna, met hul wiegende gang, hul slanke lywe en vloeiende hare. Hul het in die lang gras gestap en die verwaarlosing het magies verdwyn en die skemer het alles sag gemaak sodat ek my kon verbeel dat ek 'n ander wêreld voor my sien: aristokratiese Russiese honde in 'n tuin wat ineens nie meer die verwaarloosde tuin van my bure was nie. Ek wou my verkyk. Gedink: Ek sal selfs die verwaarlosing kan verduur met dié pragtige goed daar.

My man is egter iemand wat die daad by die woord voeg. Vroeg die volgende oggend het hulle begin muur oprig en teen die middag was daar niks te sien van die erf of sy inwoners nie. Teen skemer het ek teen die vaal, nuwe muur vasgekyk. Dit was byna asof ek my die vreemde, mooi verskynsel verbeel het.

Ons het gou gevestig geraak in die nuwe buurt. Daar was gawe, vriendelike, doodgewone mense wat kom kennis maak het. Die wye strate met die groot wilstinkhoutbome aan weerskante was 'n lus vir die oog. Ek sou eintlik daarin kon geslaag het om die situasie langsaan heeltemal te vergeet, as dit nie vir die vrouens wat kom kennis maak het, was nie. Hulle kon nie uitgepraat raak nie. Keer op keer weer die saak opgehaal, sodat die nuwe muur wat nou wit geskilder was en waarteen groen klim-opvingers reeds begin sprei het, nie volkome die isolasie kon bewerkstellig nie. Soos dit eintlik moes.

„Dit gaan my verstand te bowe. 'n Mens sorg tog vir jou plek. Ek meen, dit kan tog seker nie van armoede wees nie. As dit dan was, waarvoor sou sy daardie vier spektakels aanhou. Hulle vreet haar seker uit huis en haard.”

„Wat vir my die raarste is, is dat die honde altyd puik versorg is. Deur 'n ring getrek, kan jy sê. Spierwit gebad en geborsel dat die wolle so staan. Terwyl die kinders lyk asof hulle agteruit deur 'n bos gesleep is. En sy ook.”

„Was een van julle al ooit in die huis self?”

„Die gode behoede! Daar sal dit seker éérs chaoties wees.”

„Jemand sê dat sy glo heeldag met 'n boek of met die honde besig is. Van huishou weet sy geen snars nie.”

„Seker dié dat sy uit haar man is.”

„Is sy?”

„'n Mens vermoed maar so. Ek het nog net vir die kinders en vir haar daar gesien. En die honde.”

„Ek weet darem nie. Ek het gehoor sy het haar man verloor. Hy was glo lank invalide na 'n motorongeluk.” Die stukkie informasie is half onwillig gegee en ek het geweet dat hulle eintlik die ander sappigheidjie sou verkies het. Sodat ek ineens nie meer sin had aan die gesprek nie. Toegegee, daar was leemtes langsaan, maar eintlik het die vrou geen siel leed aangedoen nie. Haar gang gegaan sonder om haar ooit op te dring. En wat haar kinders betref, het ek nie die indruk gekry dat hulle ongelukkig was nie. Ek het hulle dikwels hoor lag en speel agter die hoë muur. Soms die vrou se stem gehoor as sy met hulle praat en dit het my almeer opgeval dat sy met 'n rustigheid en 'n bedaardheid met hulle omgaan. Of daar veel mense by haar gekom het, kon ek nie agterkom nie. Die buurt se vroue het beslis nie daar gekuier nie. Ek het soms daaraan gedink dat sy sekerlik eensaam is. En dan skuldig gevoel. Maar ek kon myself nie sover bring om kontak te soek nie. Ek wou nie met die teekoppie-kletsers meepraat nie, maar blind kon ek my ook nie hou nie. Dit was nie pluis langsaan nie, met dié dat daar nooit 'n hand aan die tuin gesit is of aan die huis nie. Die plek was nou eenmaal 'n oes kol in ons mooi buurt en dit was begryplik dat die mense daar ergerlik oor was. Veral omdat 'n mens eintlik aan die situasie niks kon maak nie anders as om weg te trek.

En daarvoor was ek vir my mooi Spaanse huis te lief. Die muur het immers vir voldoende afsondering gesorg, sodat die buurmense my nie

wérklik tot aanstoot was nie. Die kwessie van die honde was natuurlik vir my onverklaarbaar. Hulle moes enorm baie geld en aandag geveg het. Geld en aandag en energie wat sekerlik met groter vrug aan die huis en kinders en tuin bestee kon word.

Soms het ek haar in die straat raakgeloop of by die inkopiesentrum. Met haar hare dikwels onder 'n doekie verberg, het sy verslons en skigtig verby beweeg. Skaars gegroet. Haar skuheid het my gewete aangekla. Sy het seker duidelik aangevoel dat ek op geen wyse kontak wou aanmoedig nie. Ook maar seker nie maklik nie, om met drie kinders so alleen die mas op te kom. En dan nog die honde ook. Tog, tòg, die beeld: skimme deur die skemertuin.

Dit wou my lyk asof sy soggens gewerk het, want dan was dit stil en toe langsaan. Smiddae egter het ek haar stem gereeld saam met die kinders s'n gehoor. Dit het my op 'n dag opgeval dat sy 'n mooi lag had. Diep en warm en spontaan. Ek het vaagweg vermoed: daar is dalk 'n ander mens agter die muur. Een waarvan ek of die bure niks weet nie. Niks wil weet nie, moes ek eerlik aan myself erken.

Daar was immers 'n patroon en 'n mens moes darem naastenby hou by die patroon anders moes jy isolasie en kritiek te wagte wees. Eintlik het dit van haar afgehang, het ek gedink. Die vroue sou haar sekerlik geredeliker aanvaar as sy die minste poging sou aanwend. As sy byvoorbeeld die spul honde sou verkoop en eenkeer 'n week 'n tuinjong kry. Die kinders se hare eerder as die honde s'n sou borsel en was.

Op 'n dag het ek tóg besluit om oor te stap.

Die hekkie het lendelammerig oopgeswaai en ek het deur die verwaarloosde voortuin gestap en aan die afgeskilferde voordeur geklop. Op hierdie oomblik het die honde agter begin blaf, sag en gedemp, soos dit die aristokrate wat hulle was betaam. Die drie dogtertjies het om die huis gebondel gekom. Agter hulle die honde, rustig in hul gang. Nuuskierig maar teruggetrokke. Van die dogtertjies het ek heel eerste die blink ogies en rosige bolwangetjies gesien. Van naderby was die verwaaide haartjies nie toingrig en die verslete rokkies nie vuil nie. Ek het teësinig aan myself erken: doodnormale, gelukkige kinders.

Die voordeur het oopgegaan en voor my het sy half verskrik gestaan, die lang hare los om haar kop. Dit was ék wat verleë was.

„Ons is darem bure. Gedag ek sal maar kom kennis maak.”

Sy het vas na my gekyk, opsy gestaan sodat ek binne toe kon stap. Die huis was kaal en karig, met die blote minimum aan meubels. Maar daar was boeke. Orals. Op die enkele boekrak en op die tafel en in stawels langs die muur, wat nie veel meer verf as die buitemure gehad het nie. Sy het stil oorkant my gaan sit, byna asof sy gewag het om te hoor wat ek eintlik daar kom maak het. Ek was ineens sonder woorde. Wat hét ek eintlik kom maak? Wat was daar te prate? Ek kon beswaarlik sommer begin uitvra. Dit was egter al uitweg.

„U woon alleen?”

„My man is 'n jaar gelede dood.”

„Ek is jammer.”

„Dankie.”

„Vind u dit nie moeilik nie, so alleen met die kinders?”

„Soms. Maar ons kom reg. Hulle is maklike kinders.”

„En die spul honde? Dis mos 'n vreeslike beslommernis en seker ook maar 'n uitgawe?” Ek het gemaak gelag. Die waaksaamheid in haar oë gesien. En iets anders, wat my eindelijk laat wegkyk het. Dwaas, met dwase, ongepaste woorde! Daar was 'n waardigheid in haar.

„Die honde is vir ons 'n vreugde, Mevrouw, nie 'n las nie. Vir my en die kinders.” Daar was niks oor van skulheid in haar stem of in haar houding nie.

„Maar tog, sal dit nie beter wees om . . .” het ek gek voortgeploeter.

„Nee.” Sy het my onderbreek. „U sien Mevrouw, ons het die honde nodig. Ons het vir Borodin en vir Lara en vir Alexei en vir Natasha nodig. Hulle is besonderse honde, Mevrouw.” Haar oë op my was blink en trots en die name het soos musiek geklink uit haar mond. Ek het weggekyk. Omdat ek nie veel meer te sê gehad het nie, het ek kort hierna geloop.

Enkele dae later was dit dat ek met die boomryke straat afgery het op pad huis toe. Dis 'n stil straat en ek het stadig gery, my verlustig in die mistige groen botsels van die witstinkhout. Sy het voor my in die pad aangestap gekom. Haar lang, donker hare het blink om haar kop gewaaier en haar lyf was lank en trots in die wyepypbroek en slanke trui-tjie. Aan elke hand had sy 'n hond aan 'n band. Die honde het voor haar uitgebeur, haar saamgetrek in 'n vrye, fraaie gang teen die wind en die wasigheid van die bome. Ek het weggekyk.

BONSAI

I

Wie het geselekteer, gesnoei,
kundig die wortelstelsel uitgedun,
water weerhou?

II

Wanneer hy dink aan daardie ander boom
styg bitter sap deur sy verdwergde stam;
waar is sy trotse kroon, sy luierende wild.
sy voëls wat snoere aan sy takke span?

Hy moet bewondering verdra
vir 'n gestalte wat hy self minag:
'n reus verlaag na poppemaat
sy ryk verklein
tot een ou skamele bakkie grond.
Al wat daarin gedy is haat.

III

Dwing hom om dieper te besin.
Dwing hom om beter te onthou
hoe traag hy was in die begin
(die son sou later mos ook skyn
dit sou tog later ook wel reën!

ja, maar te laat)

Hy was self in die monsterende oog
die skerpte van die lem
en in die dors

Sy porsie grond is eerlik uitgemeet
— hy't self die bakenpunte help bepaal —
leer hom om uit sy miniatuurbesit
voedsel vir ootmoed en geduld
selfkennis en standvastigheid te haal.

OERWOUD

Hoe bly mens buite die bereik van tand en klot
en fyn vergifte angels? wat is die verweer
teen sluwe oë wat afwagting gluur?

Moenie probeer ontvlug! jy dra
die saad en wortels oral saam.
Maar uit verhale van ou vegters,
uit reisbeskrywings, briewe, dagboeke kan jy
die een en ander van oorlewing leer:

Slaan altyd kamp op in 'n oopte.
Maak van 'n kompasnaald
jou troue metgesel. Ken landkaarte.
Verslap vir g'n moment jou waaksaamheid.
Laat nie 'n halfsekond jou aandag dwaal
na grasie van liane, sonlig op 'n blaar —

die reënboogspel van skub en veer bedrieg,
ontvoer die oog met voorbedagte lis:
die onheil wag gekamoefleer
om in die tere oomblik toe te slaan
blitsig berekenend en dodelik sekuur.

'n Noodkreet klink soms soos 'n voël se fluit;
leer onderskei. Help — as jy kan — maar weet:
wat argloos lyk, of rustig en normaal,
is soms volmaak 'n momnet
vir die snel verstole
meedoënloos-volledige
verdeling van die buit.

ONDER 'N BEMINDE BOOM

O my rykgeurig
kleurgloeiende tuin
groengolwende koel
voëlsingende tuin!

ek wandel woordeloos
hartstogtelik bly
skielik bedroef
omdat 'n kaalte groei
onder 'n groot, geliefde boom.

Onder die soetdoringboom
en die kamdebo
onder die haak-en-steek
tot teenaan die grootblaarmispel
groeï groen, groeï die gras

net onder hierdie
boom van onsekere herkoms
onder die beminde boom
wil? die gras nie
kan? die gras nie
groeï

PIONIER

Hy woon maar altyd aan 'n Oosgrens
want stryd is sy klimaat.
Hy ken die vyand: vrees hom nie
maar bly gewapend en paraat.
Hy twyfel nooit aan wat hy moet en wil,
en tem die noodlot soos 'n wilde perd.

Dat teerheid moes verlore gaan
aanvaar ons ook: die wins nog werd.

DIE GODE HET

Die gode het met hierdie seun gespeel.

Hul het toevallig in hom sin gekry;
daarna hul gunste oor hom uitgestort,
hom koesterend verwen, gelei,
geamuseerd gesien hoe saf hy word.

Toe, plotseling verveeld, hul afgewend.
Nog voor die opgaan in 'n nuwe gier
het hul hom reeds geheelenal vergeet.

Hy wat die gunsteling van gode was
ken net toegeeflikheid en lof;
wat weet hy van die smaak van sweet
die reuk van bloed! sy wapentuig
lê iewers korsterig van roes en stof.

Verdwaas sit hy nou ure nagte jare om,
probeer onhandig aan sy wapens slyp
(hy het gehoor van helde, droom
hoedat skares — eendag — vir hom juig)
of talm onopsigtelik soms
'n skugter toeskouer waar manne veg.
Hy sou so graag as iemand daarna vra
dringend wou fluister *Weg!*
vlug van die guns van gode weg!
maar weet oplaas nie eers aan wie
om sy klein bitter boodskap oor te dra.

OPTIKA

Die handboek formuleer beslis:
die hoek van uitval is getrou
dieselfde as die invalshoek.
Die diagram is reeds geïk:
'n oog wat loer word deur
'n stippellyn met pyl bedreig.
Niemand wil ooit dié wet betwis.

As spieëlbeelde dan streng
wetmatig is

waarom word hierdie oog
— gister weerkaats met lede, iris en pupil
volgens beskrywings van 'n anatoom
korrek gerangskik —
vandag verbrokkel en verplaas
na nege plekke op my wang?

My romp,
vroeër nog onbelynd en week,
vertoon nou ingeskerp en ferm.
Gister was daar aan elke hand
vyf goeie vingers; maar vandag verkyk
ek my aan handelose arms.

Die spieël gee onverbiddelik terug
presies wat hy ontvang.

Hoe sal ek môre lyk?

'N KNAP KORTVERHAAL VAN VAN MELLE

Die tuiskoms van J. van Melle is een van die knapste kortverhale in Afrikaans, of om 'n hedendaagse gewikle term te gebruik: een van ons beste stukke kortkuns. Dit is inderdaad 'n baie kort prosastuk, slegs twee en 'n half bladsye in *Keur uit die verhale van J. van Melle* met 'n inleiding van Uys Krige (Van Schaik 1964).

Dit is die verhaal van 'n vrou (haar naam word nooit genoem nie maar sy is desnieteenstaande volledige karakter!) wat in die plaashuis (blykbaar op die hoëveld) in 'n onbarmhartige landskap sit en afwag dat haar man, Martinus Cloete, terugkom. Hy moes weens die koue en droogte van die winterse hoëveld met sy skape na die warmer Bosveld trek. Na 'n afwesigheid van vier maande keer hy terug met nog net die helfte van die trop. Dié wat nie vanself gevrek het nie, moes hy keel-afsny, omdat hulle weens swakte die trek nie kon volhou nie. Om met Jan Celliers te praat: dis al. Maar daar is tegelyk ook veel meer.

Die verhaal kan ingedeel word in drie duidelike afdelings. Tel 'n mens die paragrawe, dan het die eerste afdeling vyf, die tweede het ses, die derde het weer vyf. Daarmee is 'n algemene artistieke beginsel hier verwesenlik, naamlik kompositoriese korrespondensie met variasie. Die paragrawe is wel nie almal ewe lank nie — dit hoef ook nie — en daar is 'n eweredig afnemende lengte van die drie afdelings, maar as 't ware met 'n vergoedende element, want daar is omgekeerd toenemende intensiteit.

Daar is goeie redes vir die onderskeiding van die verhaal in drie afdelings.

Die eerste begin met die beskrywing van die vrou wat in die huis sit op die plaas waar sy agtergebly het: "Sy sit met haar kleinste kind op haar skoot . . ." Met die twee aanvangswoorde wat ek gekursiveer het, word die karakter én haar gedragswyse aangegee wat die hele eerste afdeling beheers: die naamlose maar helder getekende vrou wat onbeweeglik is in die ellendige werklikheid. Dat sy staties is, word nie alleen gesê in die herhaalde frases soos "so sit sy" of "sy bly nog sit" nie maar dit blyk ook uit die teenstelling tussen haar onbeweeglikheid en die aanhoudend waaïende wind.

Die tweede afdeling begin met "*Martinus Cloete trek met sy skape . . .*" Soos in die eerste afdeling, gee die gekursiveerde gedeelte ook hier in die aanvangsin die karakter en sy gedragswyse aan wat die tweede afdeling oorheers, die boer wat terugtrek. Die beweging van hierdie afdeling word eger algaande gestrem. Daar staan by herhaling dat die skape "(al)deur stadiger" trek, gaan staan, gaan lê.

Die dalende bewegingslyn is in die tweede afdeling ewe goed deurgetrek as wat die onbeweeglikheid van die vrou in die eerste volgehou is.

Die derde afdeling begin presies soos die eerste en tweede, naamlik deur die noem van die karakters (die man en vrou is nou bymekaar) en hulle gedragswyse: "Een môre sien sy hom kom en haastig

loop sy hom tegemoet...” In hierdie afdeling lyk dit of die eweneens algaande gestremde beweging gaan afloop in ’n dooiepunt: “sy loop (haastig)” aanvanklik, “sy bly verskrik staan” daarna (toe sy die klein klompie skape sien), en vervolgens “bly sy staan waar sy is”. Dan gaan hulle albei sit in die huis, en met dié *sit*, wat in afdeling drie selfs meer keer genoem word as in die eerste afdeling is ons terug by die onbeweeglikheid van die mens in die ellendige werklikheid waarmee die verhaal begin het.

Ook in hulle slotsinne is die drie afdelings van die verhaal duidelik van mekaar onderskei en gemarkeer. Afdeling een eindig met ’n sin wat sê dat die man, op wie die vrou wag, oor ’n maand “met die skape terugkom”. Afdeling twee, wat dan die terugkeer (die tuiskoms van die titel) beskryf in al sy ellende en gestremde beweging, eindig met die boer se wens dat “daar ’n *end aan kan kom*”. Afdeling drie, waar die man en vrou dan in hulle stille ellende bymekaar sit, kom met ’n merkwaardige wending in die slotsin, wat ineens ’n nuwe beweging aan die gang sit en die aflopende verhaal uit sy vertraging opwen, juis as dit lyk asof alles gaan doodloop: “Langsaam *begin* hy vra en vertel”.

Lees mens nou terug na afdeling I, dan sien jy dat te midde van al die onbeweeglikheid daar één groeiende ding was, naamlik iets ten opsigte van die vroujie (wat glad nie mooi is nie!): “Waardeur kan ’n mens nie so dadelik sê nie, maar jy voel as jy haar so bekyk, ’n geneentheid vir haar in jou *groei*”.¹ In die derde afdeling is daar weer, ondanks die afnemende beweeglikheid, iets groeiende in die vroujie as sy na haar man kyk: “’n sterk verlange *kom in haar op* om hom te troos...”

Die merkwaardige van die slot lê nie alleen in die onverwagse groei en begin wat lê in die slotsin nie (wat as selfstandige paragraaf daar staan) maar ook in die feit dat dit kom deur vra en vertel. In afdeling een en twee was die twee mense geskei van mekaar, kommunikasieloos, en ook in afdeling drie is hulle aanvanklik woordeloos bymekaar in hulle ellende: sy groet hom “met ’n soen, spraakloos”. Hy sê dan net dat die helfte van die trop dood is. “Sy gee nie antwoord nie”. Sy gaan by hom sit maar “sy sê niks nie.” Sy wil hom troos “maar sy vind geen woorde nie”. Dan begin die man vra en vertel in die diepte van die dooiepunt.

Die slot van die verhaal is merkwaardig, omdat dit as slot ’n nuwe *begin* is. Die verhaal begin as hy eindig, net soos ’n mens dit kry in die poësie van Nijhoff, in gedigte soos “*Satyr en Christoffoor*”, of *Memlinc*, met sy slotvers wat “Een voorgoed begonnen begin” is. Of ’n mens kan Van Wyk Louw se vers uit *Tristia* van toepassing maak op Van Melle se verhaal: “slotreëls is altyd sleutels meer as slotte”.

Wat begin hier in die heel laaste sin van *Die tuiskoms*? Om weer in die terminologie van Nijhoff te praat: hier begin die tweede inhoud van die verhaal (wat so min storie het en uiteindelik tog so véél), naamlik dat die “geneentheid” en “verlange” (dis die woorde van die verhaal self) van twee mense vir mekaar ten spyte van materiële ellende triomfeer en die lewe aan die gang hou.

Die hele verhaal is in die teenwoordige tyd geskryf, en die slotsin plant die verhouding van die man en vrou dan as't ware voort tot in die toekomende.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat daar 'n soort ruimtelike verenging in die verhaal is. In die eerste afdeling word die huis geplaas in 'n "oneindige" en "groot" (en tegelyk onbarmhartige) ruimte. In afdeling twee trek die man "nietig" deur daardie "wye" ruimte. In afdeling drie sit die man en vrou in die huis (tuisgekom), skynbaar in 'n dooie middelpunt in die "breë" en "groot" ruimte: "Breed is die groot teëspoed om hulle, en daarbinne, asof opgesluit, benoud en alleen, hulle twee." En tog waaier alles dan ineens oop, presies in die oomblik en in die ruimtelike punt waarin alles in 'n engte ingetuimel het. 'n Sterwende wêreld eindig eksplisief. Die pit van die verhaal wat onverwags uitgroei en uitblom, lê in daardie slotsin.

Die meesterlike hand van Van Melle blyk ook uit sy suinige, kort, raak taal, wat helder klink, byvoorbeeld waar hy Martinus beskryf: "Sy lang, hoekige gestalte in die verslete, verbleekte klere beweeg stroef in verdrietige gaan."

Dit is selde dat die prosa dit regkry om soos die poësie met skitterende miniatuurvorme te werk. "Die tuiskoms", miniatuurprosa, het in hom al die goeie eienskappe saamgetrek wat 'n groot roman maar kan begeer om te hê.

1. Dit is nogal merkwaardig dat hierdie belangrike gegewe in die verhaal uitkom in 'n sin waarin die sg. "implied author" eksplisiet na vore tree en sy gesig wys; die verteller tree na vore in die woorde *'n mens, jy en jou*.

KANTTEKENINGE BY 'N SONNET

SONNET

vanaand weet ek
dat ek jou nooit weer lief sal hê nie:

jou hande het te klein geword
om my vas te hou
jou liggaam te tener
om my te bevry

ek het losgespoel uit pyn en hartseer
en uit jou
ek het koeie sien opstaan uit die gras
'n dag sien sterf soos 'n voël op sy rug

ek moet nou opstaan
en 'n horison breek
omdat ek moeg is
vir jou nat snoet in my lies

Antjie Krog: JANUARIE-SUITE

Gedagtig aan die betekenis van die woord SONNET — tereg verdiets tot *klinkdig* — en hoe hierdie digsoort eeue lank sy klassieke karakter, vorm of eie-aardigheid gehandhaaf het, lyk dit met die eerste oogopslag soos 'n stukkie uitdagende ironie, of op sy minste 'n vergissing, aan die kant van Antjie Krog om die hierbo aangehaalde gedig as 'n sonnet te betitel.

Shakespeare was eintlik die laaste persoon om met die Italiaanse prototipe van Dante en Petrarca te peuter. Van toe af het die dubbele patent bestaan — feitlik as 'n woordkunstige dogma, al het elke groot digter die oorspronklike bloudruk so effens gevarieer. Om nou maar net binne ons eie tradisie te bly: Vondel, Perk, Kloos, Leipoldt, Van Wyk Louw, Eybers, Blum, Opperman . . .

Lê 'n mens hierdie gedig wat Antjie Krog so onomwonde en nadruklik *Sonnet* noem (die enigste tot dusver in haar oeuvre van twee bundels: DOGTER VAN JEFTA, 1970, en JANUARIE-SUITE, 1972) langs byvoorbeeld *Sfinks* van N. P. van Wyk Louw, *Opstanding* van W. E. G. Louw, *Vuurlopers* van Opperman, of enigeen van die talle Shakespeare-aanse sonnette deur Elisabeth Eybers, wek reeds die drukbeeld van die gedig die vermoede dat hierdie sonnet, as dit dan wel een is, op sy kop staan.

Die Engelse of Shakespeare-sonnet, byvoorbeeld die hierbo genoemdes, mag wel kleiner individuele mutasies verraai ten opsigte van versrangskikking in druk, klankpatroon, ritmiese variasies of innerlike tematiese of beeldende geleding, maar na die twaalfde reël is daar 'n merkbare volta of wending, al is dit maar net die finale uitreiking of oorskakeling na die klimaks van die (gewoonlik rymende) slotkoeplet. Hierdie laaste twee reëls vat as't ware die hele gedig saam: die lus word toegetrek, dis die klap van die voorslagriempie. Hierdie ooploop na 'n verhelderende,

verdiepende, samevattende hoogtepunt aan die einde is deel van die hele tradisionele argitektoniese karakter van die sonnet soos ons dit ken.

Antjie Krog se *Sonnet* daarenteen, begin met so 'n koeplet, tipografies duidelik geïsoleer van die volgende drie "kwatryne", en bowendien afgesluit met 'n dubbelpunt. Dié dui sekerlik daarop dat wat volg, 'n uitbreiding, verklaring, motivering, ver-beelding is van die twee beginreëls. Die aanvangskoeplet bevat reeds 'n gevolgtrekking, 'n kerngedagte, wat nou in wat volg, nader verbeeld of toegelig sal word. So is dit dan ook.

Die belangrike strukturele afwyking van die geykte sonnetpatroon is hier dat dié gedig begin met waarmee die oorgelewerde Engelse sonnet altyd eindig.

In omgekeerde orde is hier dus tog wel 'n koeplet en drie kwatryne, die vormlike bestanddele van die Engelse sonnet, na die uiterlike geoordeel. Tog ook met dié verskil dat daardie kenmerkende, bindende klankpatroon van rymwoorde waaraan die oorspronklike sonnet sy naam te danke het, volkome ontbreek. 'n Deel van daardie sweepslag van die standaard-tipe is juis die krag van die rymeggo aan die einde, soos ook die kwatryne met 'n besondere rymklankbinding hulle identiteit en onderlinge samehang beklemtoon. Hiervan is daar niks te bespeur in Antjie Krog se *Sonnet* nie — as rymwoorde die norm is, klink hierdie gedig bepaald nie. Dis doelbewus a-tonaal in hierdie opsig.

En wat van die tradisioneel vyfvoetige jambiese vers, met of sonder funksionele afwisseling, soos aan die slot van *Vuurlopers*? Ek wil my nie verder skuldig maak aan die onvergeeflike belediging aan lesers deur "labouring the obvious" nie, en volstaan dus om te sê dat die kort, onwaredige versreëls van Antjie Krog se *Sonnet* bleek van ritme is, soos die wêreld van Leipoldt se *Soutpan* — maar: nog lank nie doods nie. Dit lewe met die koel, skynbaar onhartstogtelike maar in werklikheid net bedwonge spreektaalritme wat 'n tydgenootlike literêre gevoeligheid openbaar, 'n digterlike sintuig vir en uitdrukking van 'n moderne saaklike styl. Want die verse van *Sonnet* het 'n *gestileerde* spreektaalritme in die rangskikking en samevoeging van woorde. Daar is 'n funksionele oorwoënhed, soos die inversie van die eerste reël openbaar, met die spanning wat deur "weet" gewek word, opgelos in die langer tweede reël. Maar dan ook net gedeeltelik opgelos, want die dubbelpunt stel nog 'n verdere verduideliking in die vooruitsig. Betekenis, inhoud as jy wil, en ritme vorm dwarsdeur 'n wonderlike twee-eenheid. Let maar net op die organisasie van strofe twee: "jou hande . . ." en "om my . . .", "jou liggaam . . ." en "om my . . .". Ook strofes drie en vier getuig van sulke sinryke vormbewustheid — let maar op die effek van die onverwagte kort vers: "en uit jou." Strofes drie en vier bring ook 'n toenemende beeldende krag, en die beeld van die koeie wat aan die einde van die dag opstaan uit die gras, berei ook die weg vir die slotbeeld met sy sterk erotiese suggestie.

En so bereik die gedig beeldend-redenerend soos die egste sonnet sy hoogtepunt in die slotstrofe: die dramatiese spreker moet, en kan, "n horison breek" — 'n nuwe lewensfase ingaan, 'n eie weg alleen inslaan.

Dit demonstreer hierdie sonnet letterlik: hoe 'n vindingryke en talentvolle kunstenaar met selfs die mees geÿkte digvorm 'n eie koers kan inslaan.

Gestroop van al sy uiterlikhede — juis dié kenmerke (vereistes!) wat so dikwels vir die wesenlike van die sonnet aangesien word: rym, ritme, verslengte, beeld- en gedagte-ordering —, behou Antjie Krog met hierdie onortodokse *Sonnet* die essensiële van die sonnet: 'n innerlike argitektoniese oorwoënheid wat in die semantiese, ritmiese en beeldende voeging 'n neerslag vind. En luister jy ook nou fyner na die klankorkestrasie, is dit wel so dat eindrym ontbreek, maar daar is 'n fyner versmusikaliteit: die deurlopende kontrapunt van “ek” en “jou”, “vanaand” en “nooit”, “te klein” en “vas te hou”, “te tenger” en “te bevry”, “uit pyn” en “uit jou”, ens. Of klanke en aksente wat ooreenkom, mekaar lig eggo, releveer — net soos die beelde: koeie opstaan, ek opstaan — die dag wat soos 'n voël sterf op sy rug en “moeg”, die geïmpliseerde teruggaan van die koeie na die melkry en die nat snoet van die kalf.

Omdat hierdie slotmetafoor so natuurlik, organies groei uit die voorafgaande, is die erotiek en desillusie hier ook so aanvaarbaar natuurlik as menslike belewenis. Die estetiese verwesenliking van die tema bly steeds die waarborg vir die egtheid en menslikheid en lewenswaarheid daarvan: “graan des levens omgestookt tot jenever der poëzie”, in die woorde van Marsman.

Met hierdie sonnet het die jong digteres meer gedoen as 'n verwerking, 'n omskepping van die oue: sy het 'n nuwe, ander soort sonnet geskep, 'n toereikende en funksionele voertuig vir 'n eie poëtiese styl, smaakvol en modern. Sy vervat waar Peter Blum opgehou het toe hy die *Kaapse sonnette* geskep het waarin hy die ironie en satire van daardie “Kaapse tjend” se siening en segging versterk deur die onkonvensionele en roue idioom van die Kleurlingtaal te verbind met die tradisioneel elegante en verhewe sonnetvorm. Hy het met die taal gewerk — die vorm na uiterlike boumomente en innerlike geleding behou. Antjie Krog gaan avontuurliker, gedurfter en radikaler te werk — en slaag poëties met 'n heeltemal nuwe sonnetpatroon op die herkenbare en werksame stramien van die oue.

Dit is bepaald 'n ambagtelike prestasie, so 'n versit van die bakens, te meer omdat hierdie *Sonnet* wesenlik “klinkdig” bly, en so ook pas in die groot patroon en karakter van die “musikale” bundel. Soveel vormskeppende vernuwingsvermoë bevestig die frase uit een van die ander gedigte: “orgideë uit 'n ou stam”, ook ten opsigte van Antjie Krog se digkuns as geheel.

DE KATHEDRAAL

bij een doek van Hélène Riedel

Langs het vlambloemengoud
van de kathedraal
klimt de wierookgeur
loodrecht omhoog
naar de hemelse gewelven.

Keizers en koningen,
heiligen en profeten
vereenzamen hier
in de vermoeide luister
der brandglasramen.

Maar uit het roestgoud der spelonken
en uit de duistere tomben van de tijd,
waarin wij onze spijt verbergen,
breekt telkens weer opnieuw
de goddelijke gloed der eeuwigheid.

ELCKERLYC

Gesel mij, tot uw gordelriem
scheurt op mijn gebeente.

Gesel mij, tot de overmoed
in merg en vlees
voorgoed is uitgedoofd.

Gesel mij, tot ik naakt van angst
word losgesneden en bevrijd.

Gesel mij, tot de brandnetels
binnen de wonden onder de korst
versteend en gezuiverd zijn.

Gesel mij, tot ik voor immer
inslapen kan op de koele moedervlek
van uw borst.

DEZE KOPEREN MORTIER

Deze koperen mortier
erfde ik van mijn moeder,
zij schonk hem mij
opdat ik daarin
de scherven van mijn zonden
tot stuifmeel zou stampen
elke dag opnieuw.

Mijn handen wegen steeds zwaarder
als ik vecht met de vampier,
maar ik hoor uw stem
in de klank van het koper
moeder, gij zijt weer hier
als ik de scherven van mijn zonden
tot stuifmeel stamp
in de mortier.

WEER WORD IK WAKKER

Weer word ik wakker
in de hangmat van het voorjaar
onder de perzikboom.

Weer word ik wakker
in de bloesems op uw huid
van brons.

Weer word ik wakker
in de vlinderbloesems van fluweel
waarin ik de brandnetels in mijn gebeente
en de kei in mijn keel
op het wonder van uw schouder
vergeet.

Ik ben een vlinder
op de bloesems van het voorjaar.

Leg het uurwerk stil,
laat mij blijven wonen
in uw weelde.

DE WERKELIJKHEID ALS UITDAGING

De ontwikkeling van de Nederlandse poëzie na de experimentele revolutie van 1950 heeft een merkwaardige stroomversnelling doorge- maakt. Reactie en interreactie van verschillende en vaak controver- siële stromingen volgen elkaar steeds sneller op. Het samengestelde en veelkantige karakter van onze poëzie is dan ook niet langer te vangen in een simplistische splitsing tussen modernistisch en traditionalistisch.

Twintig jaar geleden was het vrij gemakkelijk om een bloemlezing uit de actuele poëzie-productie samen te stellen. Enerzijds waren er de Vijftigers of de experimentele dichters, en daartegenover stonden de traditionele dichters. De doorbraak van de vernieuwing was toen voor een groot deel te danken aan bloemlezingen: in het noorden **Atonaal**, door Simon Vinkenoog in 1951 samengesteld, en **Vijf 5 tigers** van Gerrit Kouwenaar uit 1955; in het zuiden **Waar is de eerste morgen?** door Jan Walravens in 1955 samengesteld.

Ook Paul Rodenko kon zich nog gemakkelijk beperken tot het wegen **Met twee maten** om een overzicht van vijftig jaar Nederlandse poëzie te brengen. Maar met hoeveel maten zou men moeten te werk gaan om de produktie van de laatste twintig jaar weer te geven?

De versplintering, die zich na de tweede experimentele generatie in onze poëzie heeft voorgedaan, is nauwelijks te overzien.

De belangrijkste evolutielijn in de Nederlandse poëzie van de hier behandelde periode vertoont een versobering en een toenemende aandacht voor de eenvoudige dingen uit de alledaagse werkelijkheid. Het ver- werpen van de metafoor is tevens één van de opvallendste uitingen van de reactie op de beeldenopstapelingen in de experimentele poëzie, waar- van de invloed zich tot nu toe doet gevoelen.

Deze ontwikkeling vindt men het duidelijkst weerspiegeld in de evolutie van het tijdschrift "Gard Sivik", dat in zijn beginstadium de spreekbuis was van de tweede experimentele generatie met als be- langrijkste figuren Gust Gils, Paul Snoek en Hugues C. Pernath.

Maar nadat het tijdschrift van Antwerpen naar Nederland werd overgeplaat, verandert ook geleidelijk de koers, wat leidt tot een duide- lijke discrepantie tussen de Vlaamse redactieleden, die nog waren over- gebleven, en de nieuwe Nederlandse redacteurs als Armando, Hans Ver- hagen, Hans Sleutelaar en Cornelis Bastiaan Vaandrager, die een nieuwe poëzie nastreven, met een objectieve, koele weergave van de werkelijk- heid. Na de vaak sterk geabstraheerde en romantische poëzie van de experimentele beweging werkte de nuchtere, zakelijke realiteit op de dichters als een uitdaging.

Na jaren epigonisme van de talrijke post-experimentelen, die in een impasse waren geraakt, kwam het speciale poëzie-nummer van **Gard Sivik** als een uppercut aan in de Nederlandse dichterswereld. In dit laatste nummer van **Gard Sivik**, nr 33, dat in 1964 verscheen, werd het einde van het tijdperk der Vijftigers afgekondigd en werd officieel de

periode van de Nieuwe Poëzie ingeluid. Op het omslag werd symbolisch een verkeersplaat met het cijfer 50 doorstreept afgedrukt.

In dit nummer verdedigde Armando de concrete feitenpoëzie als volgt: 'Niet de Realiteit be-moraliseren of interpreteren (verkunsten), maar intensiveren. Uitgangspunt: een consequent aanvaarden van de Realiteit. Interesse voor een meer autonoom optreden van de Realiteit, al op te merken in de journalistiek, tv-reportages en film. Werkmethode: isoleren, annexeren. Dus: authenticiteit. Niet van de maker, maar van de informatie. De kunstenaar die geen kunstenaar meer is: een koel zakelijk oog. "Poëzie" als resultaat van een (persoonlijke) selectie uit de Realiteit.'

Onmiddellijk hierna vormden de vier Nederlandse Gard Sivik-dichters de redactie van een nieuw tijdschrift **De Nieuwe Stijl**, waarvan slechts twee afleveringen zijn verschenen. Net zoals de experimentelen indertijd aansluiting hadden gezocht bij de Cobra-beweging, manifesteren deze dichters hun verwantschap met de avant-garde van de plastische kunsten, in het bijzonder met de groep Zero.

De realiteit is belangrijker dan de meningen of gevoelens van een kunstenaar. Dit betekent meteen ook het einde van de abstracte schilderkunst. Want de heroplevende belangstelling voor de werkelijkheid brengt ook een nieuwe bloei van de figuratieve schilderkunst mee.

De Nederlandse kunstenaar J. J. Schoonhoven verklaart in **De Nieuwe Stijl 1**: 'De voornaamste taak van zero is de werkelijkheid in essentie tonen, de werkelijke werkelijkheid van materialen, van geloocaliscerde dingen in geïsoleerde duidelijkheid. De methode van zero is bepaald door zijn uitgangspunt. Zero heeft niet de bedoeling een nieuwe vorm te scheppen. De vorm is bij voorbaat gegeven door de geïsoleerde werkelijkheid. Doel is op onpersoonlijke wijze de werkelijkheid te funderen als kunst.'

De Nieuwe Stijl sluit duidelijk direct aan bij de Amerikaanse Pop Art, het Europese Nieuwe Realisme en de Zero-Nul-beweging. Als theoretische achtergrond waren er de manifesten van de Fransman Yves Klein en van de Japans-Amerikaanse Yayoi Kusama.

Toeh was er nog een belangrijk onderscheid tussen de Nederlandse Nulgroep en het Nieuwe Realisme. In het Nieuwe Realisme was er nog steeds een zeker commentaar van de kunstenaar op de werkelijkheid aanwezig. Weliswaar is dit commentaar meestal ironisch en steeds onbevooroordeeld, maar de Nulgroep onthoudt zich van elk commentaar en levert niets dan realiteit, nauwkeurig nagemaakt of zelfs helemaal eecht.

Ook De Nieuwe Stijl-dichters gingen vooral over tot het isoleren van fragmenten keiharde werkelijkheid, die door het weghalen uit hun natuurlijk milieu, geïntensificeerd werden.

De Nieuwe Stijl blijkt slechts een kort leven beschoren te zijn. Maar daarnaast heeft zich een andere beweging ontwikkeld met enkele dichters, die ook de werkelijkheid centraal stellen in hun poëzie, maar met een verschillend uitgangspunt. Zij vertrekken van de observatie, maar relati-

veren het begrip realiteit door het besef dat de werkelijkheid nooit objectief kan vastgesteld worden.

Reeds in 1958 hebben J. Bernlef, K. Schippers en G. Brands het tijdschrift **Barbarber** opgericht, dat tot 1972 blijft bestaan en waarin een theorie wordt verkondigd, die teruggaat tot de opvattingen van de Amerikaanse dichters William Carlos Williams en Marianne Moore.

De Barbarber-dichters stellen eveneens de persoonlijkheid van de dichter op de achtergrond, maar zij beseffen tevens dat geen enkel onderwerp van zichzelf een poëtische lading heeft. Zij zien de werkelijkheid als een voortdurend wisselend spel waarin alles mogelijk is door de willekeur van het toeval.

J. Bernlef, de belangrijkste dichter van deze groep, geeft in zijn essaybundel 'Wie a zegt' de volgende bepalingen: 'Poëzie is voor mij een kwestie van observeren en al blijft het niet-herkennen van twee identieke voorwerpen een utopie, daar ergens ligt het vertrekpunt van wat ik nu maar originaliteit noem: een kwestie van vergeten, bijna.

Poëzie is informatie, maar informatie van een andere orde dan de encyclopedische, de wetenschappelijke of journalistieke, die het onbekende bekend maakt, namen geeft.

Poëzie is een streven naar anonimiteit dat slechts door de filter van een persoonlijkheid kan worden bereikt. Het plotselinge verleggen van de aandacht wekt bij de lezer een moment van verwondering, hij realiseert zich een ogenblik het ongewone van het gewone, een nieuw aspect van de werkelijkheid waarin hij ziende blind was.'

De toenemende belangstelling voor de werkelijkheid in de poëzie gaat samen met een groeiende produktie van non-fiction op prozagebied. De nieuwe poëzie, die beantwoordt aan een nieuw literair klimaat, gaat op verschillende manieren te werk, waarbij één van de belangrijkste de collage-techniek is, die onder meer door Armando werd toegepast.

Nog talrijke andere dichters hebben op diverse manieren de werkelijkheid in hun poëzie betrokken, waarbij zij vaak een verhalende inhoud inlassen zoals Diek Hillenius, Kees Ouwens, Kees Winkler, Rutger Kopland, Wim Gijsen en Hans Vlek.

In Vlaanderen is de experimentele poëzie daarentegen veel langer blijven doorbloeien. Zij kende er nog een derde generatie met Mark Danguin, Hedwig Speliers, Willem M. Roggeman en de intussen van het veld verdwenen Cees L. Kruihof en Korban als meest actieve figuren.

Maar het experiment werd nog verder uitgediept door de groep, die in 1962 het gestencilde tijdschrift **Labris** heeft opgericht. Uit dit tijdschrift zijn enkele belangrijke dichters gegroeid: Mareel van Maele, Lucienne Stassaert en ten slotte Max Kazan, die later onder zijn echte naam Jef Bierkens publiceerde en die als enige van dit drietal de orthodoxe koers is blijven varen.

Deze koers stond geformuleerd in het voorwoord van het eerste nummer van het tijdschrift **Labris**, dat in oktober 1962 is verschenen. De vernieuwing van deze dichters bestond uit een streven naar de auto-

nomie van het gedicht en hun gerichtheid tegen de beeldenjacht van de experimentelen. Zij wilden een nieuw woordtheater en reageerden tegen het zinloos na-experimenteren. Daarentegen streefden zij naar een eigenmachtige schepping uit een niets van een taalwerkelijkheid, die volgens hen altijd cryptisch is en een aparte gestalte aanneemt.

De middelen die zij zagen voor deze nieuwe poëzie zijn een eenvoudige ritmiek, het word inkapselen in ethymologische dubbel- en meerzinnigheid, de abstractie van het beeld. Dit alles kwam overeen met de bewuste inschakeling van het gedicht in de labyrintische traditie der maniëristen. In zekere zin was er dus toch weer een aanknoping bij de surrealisten, bij Antonin Artaud, alhoewel zij toch wel cerebraler te werk gingen.

Intussen is er nog een tweede Labris-generatie begonnen te publiceren in het tijdschrift, dat reeds aan zijn tiende jaargang toe is, maar de strakheid van hun programma belet deze dichters uit hun isolement te breken. Niettemin heeft dit tijdschrift, dat als een laboratorium kan gelden waarin de verste taalexperimenten in onze moderne poëzie werden gepubliceerd, toch een grote invloed op de jongeren uitgeoefend.

Marcel van Maele en Lucienne Stassaert hebben echter vrij vroeg het tijdschrift verlaten en zijn naar een grotere eenvoud geëvolueerd.

Ten slotte valt er nog een vierde experimentele generatie te onderscheiden, de zogenaamde neo-experimentelen, die zich vooral in het tijdschrift **Morgen** hebben gemanifesteerd, met onder meer Leopold M. van den Brande, Rob Goswin, Fred de Swert.

Intussen bleef in Nederland de reactie op de bewustzijnsvernaauwing van de neo-realistische school niet uit.

In 1967 werd het tijdschrift **Raster** opgericht, dat onder de leiding van één man, H. C. ten Berge, is blijven verschijnen tot einde 1972. Deze dichter en essayist sluit aan bij de internationale stromingen van de linguïstische en structuralistische poëzie, waarbij hij terugrijpt naar de oude culturen, inzonderheid die van de indianen. Hij onderzoekt de basisgegevens van hun cultuur, hun literaire uitingen in mythen, sagen en poëzie, die een denkwijze verraden, die niet overeenstemt met de onze. Hij heeft dan ook een grote waardering voor Ezra Pound, wiens poëzie de sleutels bevat tot een aantal oude culturen.

Raster is dan ook het enige tijdschrift dat aansluiting zoekt met buitenlandse auteurs als de Italianen Edoardo Sanguineti en Italo Calvino of de Amerikanen Nathaniel Tarn en Kenneth White.

De vroegere experimenteel Gerrit Kouwenaar is de enige van zijn generatie, die in de richting van **Raster** evolueerde. Tot de belangrijkste medewerkers behoorden verder Lidy van Marissing, Rein Bloem, Jacq Firmin Vogelaar, Hans Faverey en de Vlaming Mark Insingel.

Meer dan tien jaar na Nederland kwam ook in Vlaanderen de neo-realistische poëzie tot bloei, aanvankelijk in het tijdschrift **Yang**, daarna in **Kreatief en Revolver**.

Niet alleen komt het neo-realisme in Vlaanderen heel laat aan bod, het heeft ook een totaal andere voedingsbodem dan de Nederlandse Nieuwe Stijl. Deze Vlaamse dichters sluiten direct aan bij de schildersschool van de Nieuwe Figuratie, met als belangrijkste figuren Roger Raveel, Raoul De Keyser, Elias en Lucassen. De verbindende schakel is hier de dichter Roland Jooris, die als kunster criticus steeds de promotor van deze beweging in de schilderkunst is geweest. Zelf heeft hij niet zo 'n grote poëzieproductie op zijn naam staan, maar hij mag toch als één van de eersten beschouwd worden, die het nieuwe realisme van de schilderkunst naar de poëzie in Vlaanderen hebben overgebracht.

Intussen was ook het tijdschrift **Ruimten**, onder de leiding van de Antwerpenaar Luk Wenseleers, geleidelijk naar een meer realistische poëzie geëvolueerd. Dit tijdschrift, dat ook veel belang hechtte aan de plastische kunsten, sloot echter meer aan bij de Pop Art in de Amerikaanse traditie, zoals deze ook te herkennen is in het werk van de Antwerpenaar Pol Mara.

Opvallend is dat de neo-realisten de enige dichters zijn, die zich in Vlaanderen in groepsverband hebben gemanifesteerd. Niet alleen beschikten zij over vier tijdschriften, die samen allerlei speciale uitgaven verzorgden, maar de dichters traden ook als groep op tijdens talrijke leesavonden. Als geruchmakende groep vielen zij dan ook meer op dan de vele geïsoleerde figuren, die versnipperd, verscheidene richtingen uitgingen.

Een reactie op de overdreven weerklink van de neo-realisten bracht Leopold M. Van den Braude in een speciaal nummer (nr. 25) van het tijdschrift **Morgen**, waarin hij probeerde ook een groep samen te stellen, die hij ironisch de neo-experimentelen noemde. Toch waren de verschillen tussen deze dichters te groot zodat er nooit een groepsvorming op dit vlak is kunnen doorgaan.

De dichters van de neo-realistische groep zijn Herman De Coninck, Patricia Lasoen, Stefaan van den Bremt, Johnnie Verstraete, Roland Jooris, Luk Wenseleers, Jan Vanriet, Gers Segers, Daniel Van Ryssel, Hedwig Verlinde, Ludo Abicht en Hubert De Vogelaere, maar het is nu reeds duidelijk dat hoogstens de helft onder hen een blijvende waarde zullen verwerven.

Lionel Deflo, die zich opwerpt als de theoreticus van de groep, steunt deze poëzie met kritische bijdragen in het tijdschrift **Kreatief**, waarvan hij hoofdredacteur is. Hij is tevens de samensteller van de bloemlezing **Nieuw-realistische poëzie in Vlaanderen** (1972). In zijn inleiding noemt Deflo als belangrijkste karakteristieken, die de eigenheid van de Vlaamse neo-realistische poëzie uitmaken: het eenvoudige, directe, economische taalgebruik, het sociaal engagement met de maatschappijkritiek en de revalorisatie van de humor.

Met kunstmatig opfokken van de neo-realistische mythe als belangrijk vernieuwend element en vooral het epigonisme van talrijke dichters, die alleen dank zij de groepsvorming in de belangstelling zijn gekomen, verklaart het heftig anti-klimaat dat in Vlaanderen is ontstaan. Vooral Hedwig Speliers heeft zich als een vinnig bestrijder van deze poëzie gemanifesteerd.

De Vlaamse neo-realistische poëzie betekent trouwens een belangrijke verarming sedert de verworvenheden van de experimentelen weer werden overboord gegooid. Niet alleen is het gebruik van metaforen, symbolen en alliteraties uit den boze, maar ook het werken in en met de taal. De nagestreefde democratisering van de poëzie vereist immers een zo groot mogelijke eenvoud en leesbaarheid.

Slechts na jarenlange strijd zijn de experimentelen erin geslaagd te doen erkennen dat de poëtische taal geen grenzen kent. Er bestaan geen zuiver poëtische woorden, maar ook geen onpoëtische. Alle woorden kunnen door de dichter gepoëtiseerd worden, vermits het gedicht 'de ruimte van het volledige leven' naar de woorden van Luebert moet weergeven.

Nu komen de neo-realisten juist tot een verarming van de poëzie doordat zij op hun beurt het woordmateriaal van de dichter weer gaan uitdunnen, beperken. De zogenaamde democratisering van de poëzie brengt mee dat de dichter een groot aantal woorden niet meer mag gebruiken omdat zij als (te) moeilijk worden ervaren. Deze dichters oefenen geen kritiek uit op de consumptie-maatschappij maar proberen integendeel hun poëzie erin te integreren als een nieuw verbruiksartikel.

Indien de Vlaamse neo-realisten trots zijn op het subjectieve element in hun poëzie en verwijzen naar hun verwantschap met de jonge Engelse dichters van de Liverpool-groep zoals Adrian Henri, Roger McGough en Brian Patten, dan blijkt dit gevoel toch ook reeds geruime tijd in Nederland aanwezig. So situeert Rutger Kopland zijn poëzie tijdens een interview in **De Vlaamse Gids** als volgt: 'Uitgangspunten zijn mijn eigen ervaringen, of liever herinneringen aan ervaringen. Het zijn bovendien die ervaringen, die niet onder woorden gebracht kunnen worden in eerste instantie, terwijl ik dat wel zou willen. Ik denk dat dit voor iedere schrijver geldt en misschien wel voor iedereen voor wie bewustheid ongeveer samenvalt met de mogelijkheid iets te kunnen zeggen en te kunnen meedelen, in taal om te zetten kortom. En hoe dat gebeurt is het punt wat het hier om gaat.'

Jules Deelder blijft ook nog binnen de zichtbare en tastbare werkelijkheid. Hij beschrijft vaak een onopvallend voorval, maar door zijn beschrijving geeft hij er een verruimend karakter aan.

De extreme werkelijkheidstranscripties hebben ten slotte geleid tot een herwaardering van de romantiek, als reactie op de koele zakelijkheid, die de Nederlandse poëzie tien jaar heeft beheerst.

Deze romantische beweging, die trouwens reeds enkele jaren aan het groeien is, omvat niet alleen een ruim aantal nieuwe dichters, maar ook figuren als Armando en Hans Verhagen, eertijds de belangrijkste figuren in De Nieuwe Stijlbeweging. Armando publiceerde na **Hemel en aarde** nog **De denkende, denkende doden**, die als zijn beste bundel mag beschouwd worden. Hans Verhagen schrijft nu hyperromantische verzen in de bundel **Duizenden zonsondergangen**. Merkwaardig is wel dat deze dichters tien jaar geleden met hun koele, zakelijke verzen het monopolie van de „nieuwe poëzie” opisten.

Alleszins blijkt de hoofdtrend in de Nederlandse poëzie naar de wederopbloei van de romantiek te leiden. Een van de opvallendste vertegenwoordigers van deze trend is Gerrit Komrij met de bundels **Ik heb Goddank twee goede longen** en **Tutti frutti**. Nauw verwant met hem is Jacob Groot die in de bundel **Uit de diepten** zijn gedichten opbouwt rond enkele archaïserende kernen, en Jacques Waterman met de bundel **Maanden, jaren**.

De poëzie, van Gerrit Komrij bestaat uit technisch knap op rijm gezette vertellingen, die meestal een wrede en onverwachte dood kennen. Hij gebruikt hiervoor negentiende-eeuws materiaal, dat handig wordt gereconstrueerd. De ingehouden decadentie, die vooral in de slotregels op onbeschaamde wijze wordt verwoord, herinnert aan het maniërisme van de Vlamingen Patrick Conrad en Nic van Bruggen.

Jacob Groot maakt dankbaar gebruik van verkleinwoorden, die een licht ironisch accent aan de verzen bezorgen. Na een typisch hedendaagse poëzie over koelkasten en elektriciteitscircuits durven de dichters weer ronkend ouderwets schrijven. Tranerigheid wordt zelfs niet geschuwd zoals bij W. A. Wilmink, die naar de vorm van het oude volkslied teruggrijpt.

Tegenover de ik-betrokkenheid van deze neo-romantici staat de poëzie van de wêreld-betrokken dichters als Wim Hazeu, Hans van de Waarsenburg, Eddy Van Vliet, Willie Verheghe en Ellen Warmond, die in de bundels **De groeten aan andersdenkenden** en **Saluutschot met knaldemper** haar onvrede met de samenleving uitschrijft, al gebeurt dit met een licht sarcasme en een fijn gevoel voor zelfspot. Maar ook Van Vliet verlaat het engagement om een meer romantische en ik-betrokken poëzie te schrijven.

Intussen staat in Vlaanderen reeds een jonge esthetiserende generatie te dringen met Roger M. J. de Neef, Michel Bartosik, Ignaas Veys en Wilfried Adams.

In de debuten van de allerjongsten as Anton Korteweg, Frank Koenegraacht, Arie van den Berg en Bernard J. Sijsma blijkt dat de invloed van de experimentele poëzie ondanks al het voorgaande nog niet is uitgewoed. De zakelijke, realistische poëzie heeft afgedaan. Nu volgt een romantische vlucht in een namaak-ouderwetsheid, maar ook hier wordt reeds spoedig een dubbele bodem zichtbaar. Hoe dan ook, wat er over blijft van de dichter, heeft Armando in zijn jongste bundel treffend geformuleerd:

de zilveren stem van een profeet,
een ongekende warmte.

DIE YSLANDSE SAGAS*

I. DIE LAND EN SY GESKIEDENIS

“Die land van vuur en ys,” noem een skrywer dit — en dit is dit ook. Daar is meer as honderd “jökull” (mv. jöklar) of yskappe wat enorme gletserriviere voed — die grootste, Vatnajökull, beslaan ’n oppervlakte so groot soos die eiland Corsica of meer as al die gletsers van die Alpe; daar is minstens 1 500 warmwaterbronne waaruit selfs by vriesweer stoom opstyg: die grootste een, Stóri Geysir, stoot soms ’n kolom stoom en water op wat 20 meter in deursnee en drie maal so hoog is. En dan is daar die honderd en twintigtal vuurspuwende berge wat in die loop van die eeue keer op keer verwoesting gesaai het. Hekla alleen het in nege eeue een-en-twintig uitbarstings gehad (die laaste een in 1947) en is in die ou tyd “die skoorsteen van die hel” genoem. Die eiland het dan ook op ’n onderseese vulkaniese rug ontstaan, wat van die Faroe-eilande na Groenland loop.

Aardbewings, ontploffings, mylelange vuurspuwende barste in die grond, asreëns, giftige vulkaniese gasse, strome lawa — die verhale klink na apokaliptiese visioene. In 1783 bv. het so ’n uitbarsting die helfte van die beeste, driekwart van die perde, en as gevolg van die hongersnood wat gevolg het, byna een-vyfde van die bevolking laat sterf. Een-neënde van die land is met lawa bedek, net ’n vyfde van die oppervlakte word as bewoonbaar geag, en dit is eintlik net die stroke langs die kus wat bewoon word. Gras is al plantegroei en daar is byna geen bome nie: in die tyd toe die Vikinge die eiland beset het, was daar wel bome, maar die skape het later alles uitgeroei en die klimaat het ook minder gunstig geword. Hierin — soos in so baie ander dinge wat Ysland betref — het daar in ons eeu weer ’n merkbare verandering gekom: die yskappe word dunner, aan die rand van die ysvelde kom in die somer hooggeleë land vry wat sedert die Middeleeue met ys bedek was, en daar is selde, soos vroeër, ’n opstapeling van dryfys aan die noordelike en oostelike kuste.

Dit sowel as die wetenskaplike kennis en tegniese vaardigheid waarmee die moderne mens die natuur aan hom diensbaar maak, het die lewe op Ysland baie makliker gemaak. Tot kort voor die Eerste Wêreldoorlog was daar net sowat 500 kilometer paaie — of liewer waspore — en was waentjies met twee wiele die enigste voertuie. Baie plekke was net te perd te bereik of per boot, en daar word vertel van ’n Deense amptenaar van die vorige eeu wat van een Yslandse vissersdorp na ’n ander verplaas is, en dit die maklikste gevind het om via Kopenhagen daarheen te verhuis. Vandag is daar motors en busse en vliegtuie en is afgeleë plekke baie minder eensaam, al is baie van die paaie deur onbewoonde gebiede net vir ’n paar maande van die jaar begaanbaar, en dan ook net vir ’n knap

*) Die skryfster is bekend vir haar vertalings uit Skandinawiese tale in Afrikaans, o.a. Sigbjørn Holmbakk, **Die emigrant** (uit die Noors), Tafelberg-uitgewers, 1963; Jens Peter Jacobsen, **Marie Grubbe** (uit die Deens) wat verskyn het in **Twee Vroue**, Boek-mosaïek, 1966. Hierdie artikel, die eerste van twee aflewings, is gebaseer op werk gedoen vir ’n leeskring op Stellenbosch.

chauffeur met 'n sterk motor. Treindienste is daar nie: die land is te dun bevolk om spoorweë lonend te maak. Daar woon naamlik nou nog net 'n vyfde van die bevolking (in 1957 iets oor die 160 000) op die boerderye en die klein vissersdorpies langs die kus, teenoor vier-vyfdes aan die begin van hierdie eeu; een-derde van die bevolking woon in Reykjavík. Die kus van Olfusá na Djupivogur is gelyk en sanderig maar sonder natuurlike hawens; groot gedeeltes is niks as 'n begraafplaas van vergane skepe nie. Die res van die kus is rotsagtig met talryke fjords en inhamme en goeie natuurlike hawens. Ysland se een groot rykdom was en is nog steeds die ryk visvelde langs sy kus; daarsonder sou die land nouliks al die eeue bewoonbaar gewees het. Vandag bestaan 90% van sy uitvoer uit vis en visprodukte en het die bloeiende, goed toegeruste visserye die land welvarend gemaak. Dit is 'n staat met alle sosiale dienste, skole en 'n universiteit. Laasgenoemde lê 'n ent buite Reykjavík en is opgerig met fondse wat verkry is uit loterykaartjies en die inkomste van 'n bioskoop in die stad! Daar is sentrale verwarming waarvoor die ondergrondse warm water (175°F) gebruik word, en selfs glashuise waarin alles — tot piesangs — gekweek word. En nie net dit nie: Ysland wat in die vorige eeu maar sewe keer per jaar posverbinding met die buiteland gehad het, het nou internasionale betekenis vanweë sy belangrike strategiese posisie. Dit lê halfpad tussen New York en Moskou; dit is die aangewese plek vir 'n lug- en radarbasis vir die poolstreke, en sou bv. in vyandige hande die V.S.A. baie kwesbaar maak.

Dit was dus onvermydelik dat Engeland en Amerika in die Tweede Wêreldoorlog Ysland sou beset. Die R.A.F. het naby Reykjavík 'n vliegveld aangelê, die Amerikaners een by Keflavík. Die land het geen leer nie en kon niks daarteen doen nie, hoewel daar allerhande bedenkinge was en afguns, misverstande en wantroue gevolg het — om van afkeur van kougom, spykerbroeke en beeldradio nie eens te praat nie. Die Yslanders het egter besef dat die tyd vir isolasionisme verby is. Die vreemdelinge is onwelkom, maar moet geduld word, en die Amerikaners het ook ná die oorlog, met 'n onderbreking van 1947-1949, hulle militêre basis by Keflavík behou — tot enorme voordeel vir die land. Duisende Yslanders het al onder Amerikaanse leiding kennis en ervaring opgedoen, honderde kry die geleentheid om in die V.S.A. te studeer, en deur die Amerikaners kom baie geld die land in. Vandag moet ook wat die vissery betref met Ysland rekening gehou word: die verhaal van skending van gebiedswaters, roofvissery deur groot moonthede, verset en verweer is maar alte bekend.

In die twintigste eeu is Ysland ten spyte van sy vuurspuwende berge en onbewoonbare binneland 'n vooruitstrewende, welvarende moderne land, sedert 1944, toe die unie met Denemarke verbreek is, 'n republiek met stemreg vir alle burgers (mans en vrouens) oor een-en-twintig. Blaai ons egter een eeu na die ander terug in sy geskiedenis, dan is die beeld heeltemal anders. Die 19de eeu was die oorgangstyd tussen die periode van onderdrukking en armoede en die moderne vry republiek, 'n geleidelike losmaking van Denemarke, ontwakende nasionale gevoel, herlewing op alle gebiede hoewel die lewe nog uiters primitief was. 'n Paar aanhangers uit Van Maurik se boek *Ysland in de Golfstroom* sal aantoon hoe primitief: "Zij woonden in lage vertrekken van hout, beschermd door muurtjes en daken van brokken steen en aangestampte aarde, met gras

begroeid. Zo vergankelik was hun enige wijze van bouwen. Naast elkaar hurkten de houten puntgeveltjies van een boerdery: woon- en slaapkamer, ontvangkamer, voorraadkamer, elk vertrek een naar weerskanten aflopend, vaak door walvisribben gesteund dak dat oorging in het volgende, en de stallen en schuurtjies los ernaast. Van opzij of van achteren gezien, leek selfs de hoeve van een boer met duizend skapen op het eerste gezicht niet meer dan een kleine reeks oneffenheden, een rij van heuveltjies die maar een paar meter hoog waren en waarop de dieren het bemeste gras kort hielden zoals in het weiland er omheen. Tot ver in de vorige eeuw huisde bijna die hele bevolking in zulke plaggenboerderijen . . . In die vochtigste streken bleef een huis niet langer dan twintig jaar bewoonbaar, elders hoogstens zestig tot zeventig jaar . . . Er was een gemeenschappelik woon- en slaapkamer, met bedsteden voor het hele gezin en het dienstvolk en eventuele verdere huisgenoten.” — Privaatheid was daar dus hoegenaamd nie. Trouens, hulle moes so saamgehoek woon om warm te bly — dikwels met die vee onder die woonkamer — want daar was geen hout of steenkool nie, net gedroogde miskoeke en die stink, tranerige dooie seevoëls om te brand. En lig was daar ook byna nie; die hoë venstertjie het ’n diervlies of ’n visvel i.p.v. ’n ruit gehad, en kerse is hoogstens op feesdae gebrand. Verder net vistraan. Brood moes hulle bak van gedroogde mos en aartappels met miskien ’n bietjie ingevoerde meel daarby, en wel deur die deeg vir ’n dag of twee in ’n pot of emmer in die warm grond naby ’n warmwaterfontein te begrawe. Verder was daar net seewier, vis en skaapvleis. Die vis het hulle soms soos biltong gedroog: as ’n man op reis gaan, neem hy ’n stuk so hard soos ’n knuppel saam en skeur stukkies daarvan af as hy honger word. En wat die gesondheid betref: “In die vorige eeuw telde het eiland nog pas en half dozijn dokters. Die mense ledan aan skurft en ongedierte, geelzucht, vitamienengebrek en toring, en die kindersterfte was verskrikkelik. Melaatsheid heerste van die dertiende tot het eerste kwart van die twintigste eeuw; er werd in 1909 nog een wet uitgevaardigd om die afsondering van lijdere aan tubereuze lepra voor te skrywen . . . Tegenwoordig heeft die regering artsen in dienst, selfs voor die dunst bevolkte streken, waar zij het best worden betaald opdat ook die buitenposten bezet blywen.” — Die agtiende eeu was Ysland se donkerste tyd. Vulkaniese uitbarstings, aardbewings, hongersnood, siekte. In 1707 is ’n derde van die bevolking aan pokke dood. En die eeue wat voorafgegaan het, was nie veel beter nie. Boonop was Ysland in die sewentiende eeu geheel-en-al van Europa afgesny: ’n paar Deense handelaars het die monopolie gehad, die Yslanders is deur staat en kerk uitgebuit, en hulle is herhaaldelik deur seerowers geplunder. In 1402 is omtrent twee derdes van die bevolking aan die pes dood; en altyd maar swaarder belastings en minder geleentheid om self iets te onderneem. — ’n Mens kan die verhaal van Ysland se ellende onder eers Noorse en later Deense heerskappy nie lees sonder ’n gevoel van verbasing dat die volkie dit kon oorleef nie.

Blaai ’n mens egter nog verder terug, dan verander die beeld weer van donker na lig. “Die afstand maak die berge blou en die manne groot,” het ’n Yslandse skrywer daaromtrent gesê. Miskien. Maar die tydperk vanaf die eerste besetting van Ysland deur Noorse Vikinge in die jare 870 tot 930 totdat Ysland in 1262 aan die Noorse koning trou gesweer het, sal altyd as Ysland se glorietydperk in die herinnering voortleef.

Teen die middel van die 9de eeu was Ysland nog onbewoon — afgesien van 'n paar Ierse kluisenaars wat hulle daarheen onttrek het. Die eiland was egter toe reeds eeue lank bekend; dit was miskien selfs die Ultima Thule wat die Grieke onder Pytheas in die jaar 325 v.C. ontdek het. Die naam "Ysland" is deur die viking Floki Vilgerderson aan die eiland gegee — eintlik ten onregte, want hoewel die binneland die enorme gletsers het en die noordkus aan die poolstreek grens, maak die warm golfstroom dat die klimaat gematig is. Maar Floki wat in 865-866 daar gewoon het, het sy aandag so by die visvangs gehad dat hy skoon vergeet het om vir genoeg hooi as wintervoer vir sy vee te sorg — met rampspoedige gevolge. Ander vikinge wat daar aangedoen het, het die land egter 'n beter naam gegee en dit voorgestel as 'n geskikte tuiste vir vikinge wat nie hulle harde koppe voor 'n koning wou buig nie.

Die 9de eeu was naamlik 'n tyd van groot onrus in Noorweë. Die rustelose, barbaarse Skandinawiërs het ná die winter op rooftogte gegaan, die kuste van Finland, Estland en Pruise geplunder, een bloedige ekspedisie na die ander na Ierland en Noord-Engeland onderneem en dan in die herfs met hulle buit teruggekeer huis toe. Al gaandeweg het hierdie togte egter van karakter verander; hulle het handelsreise geword; die vikinge het dieper die vreemde lande binnegedring, soms daar oorwinter, hulle gesinne daarheen gebring en permanent daar, bv. in Ierland en Noord-Skotland en op die Orkney-, Faroe- en Shetlandeilande, bly woon. In Noorweë was hulle leiers onafhanklike jarls en konings, totdat Harald 'n dure eed gesweer het dat hy nie sy hare of baard sou knip totdat hy van die land een koninkryk gemaak het nie. Dit was 'n lang, bloedige stryd wat twaalf jaar later eers met die seeslag van Hafurstjord (872) tot 'n einde gekom het. Toe skeer Harald Bossiekop sy hare en baard en word Harald Haarfagr, koning van die verenigde Noorweë. Die vikinge wat hulle vryheid te lief gehad het om hulle te onderwerp, het hulle mense en vee en skatte in hulle skepe gelaai en vertrek — party direk na Ysland, ander eers na Skotland en veral na Ierland waar hulle 'n jaar of twee, of selfs 'n geslag of twee bly woon het, voordat ook hulle hulle in Ysland gaan vestig het. In dié tyd het hulle natuurlik in die vreemde lande getrou, sodat daar na skatting vandag van 10% tot 50% Ierse bloed in die Yslanders is. Afgesien van 'n klein aantal Deense kooplui en amptenare het byna geen vreemdelinge hulle op Ysland gevestig nie, en Yslanders kan vandag nog sê van wie hulle tien eeue of meer gelede afstam.

Teen 930 was die eiland heeltemal beset. Omtrent Reykjavík, die hoofstad van Ysland, is daar 'n ou oorlewering. Toe die eerste Noorse kolonis, die viking Ingolf Arnarson in 874 by Ysland kom, het hy die uitgekerfde eikehoutpilare van sy hoofmanstoel wat hy uit Noorweë saamgebring het, in die see gegooi met 'n eed dat hy hom daar waar hulle uitspoel sou vestig. Na drie jaar het hy hulle eindelijk gevind, in 'n baai in Suid-Wes-Ysland, naby warmwaterbronne waaruit die rook opstyg. Daar bly hy toe en noem sy nuwe tuiste Reykjavík: Rookbaai. — Die koloniste het groot grond nodig gehad: weivelde vir hulle vee, bosse (wat daar toe nog was) vir brand- en timmerhout, 'n riviermond om salm in te vang, 'n strook kus om vis en dryfhout en voëleiers te bekom, plus 'n veilige hawe; en indien moontlik moes die hele stuk grond deur natuur-

like grense — berg, rivier en see — omsluit wees. Die wat eerste gekom het, het hulle dus groot gebiede toegeëien, wat hulle later, op bevel van die Noorse koning wie se gesag hulle nog erken het, hoewel hulle nie meer aan hom onderdanig was nie, weer met ander gedeel het, wat later aangekom het. Daar woon hulle toe, elkeen baas op sy plaas. Elke streek het sy hoofboer gehad — die een met die oudste kolonisasieregte — en as daar geskille was, moes hy hulle besleg. Volgens ou Germaanse tradisie was hy die “godi” en moes hy op sy grond ’n tempel bou, waar hulle kon vergader om die gode te vereer. Daar was egter gou behoefte aan ’n landsregering benewens hierdie streeksbesture. Hulle vaardig toe twee manne van aansien, Ulfljót en Grim, af om in Noorweë die wette te bestudeer en raad in te win. Drie jaar het hulle weggebly, en toe Ulfljót die wette opgestel het, het Grim drie somers die land deurreis om met al die hoofboere reëlings vir die groot landsvergadering (die “thing”) te tref. As vergaderplek het hulle die groot lawavlake, Thingvellir, gekies, wat gerieflik geleë en nog deur niemand in besit geneem was nie.

In die jaar 930 het die Althing, die groot Yslandse wetgewende vergadering of parlement, tot stand gekom. Laat in die lente het die mense uit alle oorde daarheen gekom. Hulle het op die groot vlakte gekamp, die wette aangehoor en hulle sake voorgelê. Van Maurik sê: “Ulfljót was de eerste wetspreker. Bijna twee eeuen duurde het eer de wetgeving op perkament kwam, en tot die tijd werd op het geheugen van de wetspreker en zijn raadgevers vertrouwd; de wetten hadden rechtskracht zoals hij ze op de Lögberg uitsprak. In de loop van zijn ambtstermijn van drie jaar reciteerde hij alle wetten. Verkeerde hij in twijfel, dan riep hij daags voor zijn voordracht vijf wetskenners bijeen voor raad.” — Dit was nie volksverteenvoordiging in die huidige sin van die woord nie, maar ’n aristokratiese bewind, en dit kom vir ons ook vreemd voor dat hierdie wetgewende vergadering geen uitvoerende mag gehad het nie. Dit het wel die regsuitspraak gegee — met behulp van ’n jurie en volgens ’n vasgelegde boeteskaal — maar die een wat die saak wen, moes self toesien dat die vonnis uitgevoer word. In die praktyk het dit daarop neergekom dat wie die mag het ook die reg het — ’n gevaarlike toedrag van sake in ’n land waar die mag aanhou meer in die hande van ’n paar magtige families geraak het en waar daar gedurig twiste en vetes was. Ook andersins het hierdie vroeë Yslandse beskawing die kiem van sy ondergang in hom gedra. Die hoogste loyaliteit het nie die vaderland nie, maar die familie of stam — die “Sippe” van die Wes-Germaanse volkere — gegeld. So is daar ’n ou uitdrukking wat lui: “Ontbloot is die rug deur geen broer beskerm”. ’n Man was net sterk as hy familieledede het wat hom in nood sal rugsteun, en sy dood of onreg wat hom aangedoen is, sal wreek. Familietrou was ’n absolute verpligting en het maar alte dikwels tot tragiese konflik gelei. Boonop is manslag nie as ’n misdad beskou nie — mits dit dadelik aangemeld word en nie in die nag plaasvind nie. Dit kon met die betaling van boetegeld afghandel word, maar het net so lig ’n hele reeks moorde volgens die beginsel: een van joune, een van myne ten gevolge gehad, en die hardkoppige ou vikingeslag het maar alte maklik aanstoot geneem. By hierdie heethoofdigheid het hulle egter ook ’n goeie streep gesonde verstand besit. Dit het veral geblyk toe Ysland in die jaar 1000 moes besluit of die Christelike geloof in die plek van die ou heidense gode moes kom. In *Iceland 1966* is hieromtrent ’n

paar interessante opmerkings: "Since our oldest sources of Norse mythology were written in Iceland and the authors of the sagas appear strongly imbued with admiration for the spirit and attitude to life of their pagan forefathers, it might be thought that the Icelanders were at the outset zealous adherents to the heathen faith. Nothing could be farther from the truth. The heathen religion in Norway played a living part in every aspect of the daily round and common toil. In Iceland, on the other hand, it was severed from all its deepest roots as soon as the move was made from the traditional sacred localities and a different mode of life adopted in new surroundings. In addition, the multifarious acquaintance of the Icelanders with Christianity must have aroused in them doubts as to the validity of the primitive concepts of the heathen faith." — Party was daarvoor om die Christelike geloof aan te neem, en ander daarteen, en laasgenoemdes was in die meerderheid. Die saak is toe egter tog vir beslissing aan die wetspreker opgedra. Hy sonder hom af, trek 'n vel oor sy kop om nie deur die ligte somernagte gesteur te word nie, en na drie dae en nagte van oordenking gee hy, self 'n heiden, die finale besluit: Ysland word Christelik. Nie omdat hy skielik tot bekering gekom het nie, maar hy het geweet dat die Noorse koning Olaf Tryggveson bereid staan om die Christelike geloof op hulle af te dwing, en bekeringsmetodes was destyds hardhandig: "Sê: 'Ek glo in God die Vader', of ek slaan jou dood!" Buitendien het die Noorse konings nog altyd 'n oog op Ysland gehad en sou hulle maar te bly wees om die land te besit. Voorlopig sou die formele aanvaarding van die Christendom nie veel verskil maak nie: die godi sou nog maar die godsdienstige leiers bly en hulle heidense tempels in kerke omskep. Met verloop van tyd het die kerk egter tog hulle posisie aangetas: die Althing het die reg van biskopskeuse verloor, Ysland het onder die aartsbisdom van Nidaros ressorteer, en uiteindelik baie te ly gehad onder vreemde biskoppe vir wie dit meer te doen was om die invordering van kerkskattinge as om die belange van die volk. Aan die ander kant het die biskoppe wat uit die vreemde gekom het, en die jong Yslanders wat in die buiteland vir die kerkdienste opgelei is, die kennis en geleerdheid van die Vasteland na Ysland gebring, met die merkwaardige gevolg dat daar selfs in die donkerste tye van die land se geskiedenis en ten spyte van die algehele gebrek aan skole, nooit analfabete was nie.

Die jaarlikse vergadering van die Althing het egter ook 'n ander betekenis gehad. Soos ons dorpsnagmaal vroeër was dit die geleentheid om bymekaar te kom, oor en weer te kuier, te gesels, huwelike te reël, te skinder, nuus te versprei, stories te vertel en aan te hoor, handel te drywe. Avontuur- en handelslustige Yslanders het in daardie tyd dikwels reise na die buiteland onderneem; veral welkom was hulle in die houe van Noorweë waar hulle as knap vegsmenne en net sulke knap skalde (of digters) bewonder is. By hulle terugkeer het hulle dus baie te vertel gehad. Daar was ook die ou viking kultuurerfenis om in die herinnering te bewaar: die verhale omtrent die gode, Sigurd en Brynhilde en ander wat ook in die Wes-Germaanse letterkunde te vinde is, die tradisie van skaldiese poësie met sy ingewikkelde rympatrone en beeldspraak om verder voort te sit. Hierdie beeldspraak het hulle kennings (of kenningar) genoem, en was tradisionele omskrywings wat van die son as die hemeljuweel, van vuur as die woudverwoester, van 'n lyk as 'n ade-

laarsmaal, van 'n baard as 'n wangwoud, en van 'n skip as 'n brandingshings gepraat het. Daar was 'n menigte sulke omskrywings, vir 'n eiland bv. nie minder as vyftig nie. Om weer Van Maurik aan te haal: "Op het eiland in de achterban van Skandinavië werden mythologische gedichten bewaard die nergens anders in de Germaanse landen behouden zijn. Een deel van de Eddaliedereren kreeg die bekend gebleven vorm pas na de invoering van het Christendom, maar stof en dichtwijze waren toen al eeuwen oud. Van deze eenvoudige dichterlijke bewerkingen van noordelijke sagen zijn de schrijvers onbekend, in tegenstelling tot die van de skaldische pronkwerken. De skalden, hofdichters bovenal, waren in de eerste plaats hoogst bekwame gelegenheidspoëten. Ze namen deel aan de strijdtochten, spoorden aan tot moed, maakten lofgedichten na een overwinning, waren zelf dapper, trots, vurig met rijm en zwaard." — Lank nadat hierdie soort digkuns in Noorweë in onbruik geraak het, is dit nog in Ysland beoefen, en ook vandag nog het die Yslanders 'n sterk ontwikkelde gevoel vir woordkuns en maak hulle kunstige geleentheidsgedigte. Hulle is ook die wêreld se grootste lesers, en meer boeke per capita word daar uitgegee as in enige ander land. Daar is 'n staatsuitgewery wat boeke (nasionale sowel as wêreldletterkunde) teen kosprys verskaf.

In Reykjavik staan vandag nie 'n enkele gebou wat 200 jaar oud is nie, trouens daar is streke waar daar niks is om aan te toon dat mense vroeër daar gewoon het nie. Die verlede is net in die woord bewaar en geestelik het daar in Ysland van die Oud-Noorse beskawing meer behoue gebly as in Noorweë self. Die ou gedigte en kronieke en verhale uit die tyd toe die lewe nog jonk en vry en ryk en sterk was, is as kosbare erfgoed van geslag tot geslag oorgelewer — kosbaarder namate die lewe onder vreemde heerskappy aanhou meer ingeperk en eensaam geword het. Die twiste en vetes van die Sturlung-tydperk wat in 1258 met die dood van die laaste Sturlung tot 'n einde gekom het, het naamlik die landjie wat sy natuurlike rykdomme te vinnig uitgeput het en boonop deur natuurrampe en verslegtende klimaatomstandighede getref is, op sy ondergang afgestuur, sodat die Althing in 1262 besluit het om die land onder die Noorse koning se heerskappy te plaas. Hulle het gehoop dat hy die mag van die kerk sou rem en wet en orde sou handhaaf. Maar hulle het bedroë daarvan afgekóm: binne twintig jaar is die godar en die wetspreker van die Althing afgeskaf en was Ysland maar net 'n Noorse provinsie met Noorse amptenare, 'n landjie om met swaar belasting uit te suig, sonder reg om self handel te dryf of iets te onderneem; en toestande het niks verbeter toe Ysland later saam met Noorweë onder die Deense kroon se absolute mag gekom het nie.

Hulle één onvervreembare rykdom was die poësie en die sagas uit hulle roemryke verlede, en die het hulle met soveel hartstog bewaar dat hulle vandag nog net so gelees en verstaan word soos eeue gelede — 'n merkwaardige prestasie as ons bedink hoe ontoeganklik die *Beowulf* vandag vir die gewone Engelsman, die *Nibelungenlied* vir die gewone Duitser en die *Chanson de Roland* vir die gewone Fransman is. Van Maurik skryf: "Zo begonnen de sagas, in de eerste eeuwen van die volksplanting mondeling aan het nageslacht doorgegeven, in voorvaderlijke en nieuwe gedichten. Bekwame voordragers konden uren en zelfs dagen aan het woord blijven, vertrouwend op hun geheugen. Pas na lange tijd werden de gedichten, verhalen en kronieken opgeschreven, de meeste in de dertiende

eeuw. En in de 600 jare van armoe en afgeslotenheid die volgden, bewaarden die Yslanders deze geskrifte . . . en voegden er hun latere ervarings en verbeeldings aan toe . . . De sagas zijn, ondanks een voor ons soms verwarrende veelheid aan name en figuren, weergaloes boeiend. Die verteller laat weten, regstreeks, met het voorkeur voor het weergave van gesprekke, wat zich moet hebben afgespeel onder het eiegenereide, ligtergaaekte en haatdragende, wrede en moedige ras van individualisten. Er word gevochten, geroofd, bedrogen, verkracht, gemoord, gepleit, valse getuigenis gegee, omgekocht, eedbreuk gepleegd; die pligt van bloedwraak dwingt manne om hun vriende te treffen; moed blyk anderzijds ook in berusting, pijn word verdragen met galgenspot, een stervende weet dat hij gewroken zal word, en doodsaanvaarding hoort by het gevoel voor dramatiek. Die wetten van het land zijn ingewikkeld, haarkloverijen kunnen onreg doen zegevier, bekwaamheid in het pleiten word even hoog aangeslagen als ligamelijke moed; er is veel sardonisch begrip voor die ironie van het lot. Soms speelt liefde een groote rol; en het is waar dat er gastvrijheid bestaan en gulheid, vriend-schap, zelfbeheersing, wijsheid, ontroering. Plotseling kan een man door heimwee word gegrepen, of dromen en bezinning gee hem het tweede gezicht. Maar met een paar woorde of een kleine list is alweer die vrouwe bezig om een man geen andere keus te laten dan wraak, en er word een vete ontketend die geslachte te gronde zal rigten. Erotiek kent het genre nauwelijks." — Latynse skrif is, danksy die priesters uit die Vasteland, waarskynlik laat in die 11de eeu vir die eerste keer vir die landstaal gebruik: tot dan was daar net runes wat in klip, hout of metaal uitgekrap is. In die 12de eeu is die wette opgeskrywe.

LUCAS MALAN

8 APRIL 1974

Die vroeë herfs het nou gekom
met vlinderlose oggende en treurige pare
trekswaels wat ongeneë na die noorde mik;
die-blom-wat-groei-waar-mense-was vervals
nog inderhaas 'n lente langs die groot snelweë
wat die heuwels lood-sekuur in twee verdeel . . .
Ná afloop van dié kort nog smeulende seisoen
sal jy my nie ken nie: die stil verraad
van hierdie tyd is diep in my
soos in al die blare ingebrand; skuil
in die statiese wit lugte van die dae,
die laaste swael wat ongesiense vertrek het —
jy sal my nie ken die middag wanneer als ontdaan
en onbeskermd enkelvoudig staan, afsydig
van die kollektiewe wêreld rondom nie;
weldra gaan jy my nie meer ken nie,
want ryp gaan swaar neerslae hê vanjaar
en die winterslaap gaan onbegryplik diep
tot in die donker onderwortels heers . . .

KENNISMAKING MET MALLARMÉ (5):

DRIE LIEFDESGEDIGTE

Mallarmé se poësie kry telkens 'n sterk maniëristiese inslag: die styl as sodanig word naamlik besonder opvallend, hetsy deur sintaktiese of grammatikale gedurfdhede, hetsy deur 'n opvallende opeenhoping van beelde of ander stylfigure, hetsy deur die digter se oorbewuste strewe na oorspronklikheid, ongewoonheid, vreemdheid in uitdrukking en beelding, dikwels met heel gedurfd ("far-fetched"), spitsvondige of vinding-ryke sienings of beelde tot gevolg.

Uit hierdie kort karakteristiek blyk dit dat ons die term *maniëristies* nie in 'n ongunstige sin gebruik nie (soos byvoorbeeld Hugo Friedrich in sy *Epochen der Italienischen Lyrik*), maar bloot as beskrywende term ten opsigte van enige kuns waarin die styl as sodanig baie opvallend word en sterk die aandag trek. Wanneer maniërisme in sinledige mooiskrywery ont-aard, kan ons praat van *Manieriertheit* (vgl. Hocke, 105-107).

Mallarmé se maniëristiese styl, sy *préciosité* (wat maar net 'n ander naam vir dieselfde verskynsel is), kom seker nêrens so duidelik tot uiting as in die volgende drie sonnette nie: *La chevelure vol d'une flamme, Victorieusement fui* en *O si chère de loin et proche*.

In die hiperboliese verheerliking van die geliefde en die groot klem op die nie-sinnelike aspek van die liefde laat *La chevelure vol d'une flamme* 'n mens dadelik aan die 17de-eeuse liefdespoësie dink — die poësie in die tradisie van die Petrarkaanse vroueverering.

Die hare vlug van 'n vlam aan die verste
Weste van begeertes om dit geheel te ontplooi
Kom tot rus (ek sou sê 'n diadeem sterf)
Op die gekroonde voorhoof, hulle vroeëre haar

Maar sonder goud begeer dat hierdie lewende wolk
Die ontbranding van die altyd innerlike vuur
Oorspronklik die enigste, sal voortduur
In die juweel van die waarheidslewende of laggende oog

Die naaktheid van 'n teer held belaster
Haar wat nóg ster nóg vure aan haar vinger beweeg
En wat slegs om met glorie die vrou te vereenvoudig
Bliksemend met haar hoof die heldedaad verrig

Om met robyne die twyfel te besaai wat sy afstroop
Soos 'n vrolike en beskermende fakkelt.

Die twee aanvangsreëls (waarin die hare verbeeld word as 'n vlam in vlug) is sintakties heel duister. 'n Mens sou moontlik die bysin "om dit geheel te ontplooi" kon sien as direk behorende tot "vlug van 'n

vlam”: die hare, vlug van ’n vlam om dit (nl. die hare) geheel te ontplooi in die verste weste van begeertes. Só word hierdie reëls leesbaarder; vergelyk dan ook die volgende vertaling van Fowlie (60):

The hair flight of a flame in order to unwind it
In the extreme Occident of desires

Opvallend is die oorwegend geestelike, nie-sinnelike siening van die geliefde en haar hare in hierdie sonnet. Die “vlug van ’n vlam” is ’n beeldende beskrywing van die hare wat wyd uitgesprei word wanneer die vrou hulle kam of uitkam. Om die voorhoof gebind, lyk hulle soos ’n diadeem, en word die voorhoof derhalwe as “gekroond” beskryf. Die metafoor “verste weste van begeertes” dui op die verflouing of kwyning van alle sinnelike begeertes in die minnaar.

In die tweede kwatryn spreek die digter die wens uit dat “hierdie lewende wolk” (d.i. die wyd-uitgespreide hare van reël een, as ’n vlam verbeeld) sal voortduur in die oë van die geliefde. Die bedoeling is darem seker dat die *glans en skittering* van die hare sal voortduur in die oë. Die nadere kwalifikasie van “hierdie lewende wolk” as “die ontbranding van die altyd innerlike vuur” dui daarop dat die skoonheid van die ontplooiende hare vir die spreker hoofsaaklik van *innerlike*, nie-sinnelike aard is.

Waar die skoonheid van die hare dan nou in so ’n groot mate as geestelik, nie-sinnelik gesien word, en waar ook die geliefde self as nie-sinnelik gesien word (vgl. byvoorbeeld reël 10), daar het die hare dan ook die vermoë om die twyfel (wat dié twyfel ook al mag wees) in die hart van die minnaar te vernietig. Let op die *préciosité* van die perifrasede „nòg ster nòg vure” (d.i. geen juwele of ringe) in reël tien. Besonder ongewoon is ook die „se pose” van reël drie wat ek om stilistiese redes as „kom tot rus” vertaal het, maar wat letterlik beteken „gaan sit” (gesê van bv. ’n voël).

Die slotgedeelte van die sonnet vertoon ’n snelle opeenstapeling van gedurfde beelde, so kenmerkend van Mallarmé. Nie alleen word gesê dat die vrou die twyfel *afstroop* nie (*écorcher* = om die vel van ’n dier af te stroop, of die bas van ’n boom, ens.), maar ons lees dat sy boonop hierdie twyfel met haar hoof, haar hare, met die glans en skittering daarvan (verbeeld as „robyne”) versag en genees: sy besaa die twyfel met robyne. (Hierdie siening is vir my smaak effens gesog en oordrewe). Ten slotte word die vrou (of haar hoof?) gesien as „’n vrolike en beskermende fakkelt”, ’n beeld waarmee die vuur- en vlambeelde van die gedig tot ’n pragtige hoogtepunt gevoer word.

Geheel in die teken van die manièresisme van *La chevelure vol d'une flamme* staan ook die beroemde sonnet *Victorieusement fui*.

Seëvierend die mooi selfmoord ontvlug,
Fakkelt van glorie, bloed deur skuim, goud, storm!
O gelag as daar ginds ’n purper berei word
Om slegs my afwesige graf koninklik te behang.

Wat! van al hierdie skittering bly selfs geen flard
Nie, dit is middernag, in die skadu wat ons feestelik onthaal
Behalwe dat die verwaande skat van 'n hoof
Sy gestreelde onverskilligheid uitstraal sonder fakkel,

Joune, altyd 'n genot! ja joune
Alleen wat van die verdwene lug
'n Bietjie kinderlike triomf behou om jou te kroon

Met lig wanneer jy dit op die kussings lê
Soos die oorlogshelm van 'n jeugdige keiserin
Vanwaar, om jou af te beeld, rose sou kon val.

Vooraf die volgende tekskommentaar. In die oorspronklike „Tison de gloire” („firebrand of glory”) waarmee die tweede reël begin, het ek die *tison* onvertaalbaar gevind en dit toe vry vertaal met „fakkel”.

Die eerste kwatryn is op letterlike vlak die beskrywing van 'n sons-
ondergang, paradoksaal gesien as 'n selfmoord wat ontwyk is (met 'n
gevolglike leë graf): die son is immers nie werklik vernietig nie, slegs
skynbaar; dit kom weer in die ooste op. In die laaste twee reëls van
die kwatryn is die son self aan die woord.

Die sonnet begin met 'n frappante reël. Daar is eerstens die lang,
„kragtige” woord waarmee die reël begin, naamlik *Victorieusement*,
deur Cohn (134) baie raak beskryf as „a long, elaborate, decoratively
baroque word which suits the lavish pomp of the sunset”. Wat verder
opval, is die ongewone woordorde *suicide beau* (in plaas van die ver-
wagte *beau suicide*) en die opeenstapeling van paradokse: 'n selfmoord
wat ontwyk is en 'n mooi selfmoord.

Die pretensieuse beskrywing van 'n sonsondergang in die paradokse
van 'n ontwykte selfmoord en 'n leë graf sou myns insiens as enigsin
gesog en oordrewe beskou moes word, tensy 'n mens 'n saak daarvoor
sou kon uitmaak dat hierdie paradokse ook na 'n dieper, simboliese vlak
uitwys. Enkele heel aanneemlike interpretasies is dan ook al in hierdie
verband na vore gebring. So is daarop gewys dat die „mooi selfmoord”
dui op die skeppingsproses, die skeppingservaring by die digter. Die
skepping van die gedig is vir Mallarmé 'n figuurlike selfmoord (weens die
agonie van die skeppingsproses — vgl. die vorige opstelle), maar ter-
selfdertyd kom daardeur juis die skoonheid van die gedig tot stand. In
die so pragtige en eweneens effens paradoksale tweede reël van die sonnet
kan die „bloed” en „storm” dan na hierdie skeppingsagonie verwys, en
die fakkel van glorie, die skuim en die goud na die poësie. (Vgl. in hier-
die verband Howarth en Walton, 204-207). Op letterlike vlak verwys
hierdie reël natuurlik na die son en na die sonsondergangkleure.

Die gedagte-inhoud van die res van die sonnet is kortliks die vol-
gende: Van al die skittering van die sonsondergang bly niks agter nie,
behalwe dat die hoof van die geliefde in sy glans (in die glans van die
hare) iets daarvan behou wanneer dit op die kussings gelê word. Die
conceit „skat van 'n hoof” laat dink aan die siening „baie groot skat en
hoof so klein” uit die sonnet wat net hierna bespreek word. Die hoof
word beskryf as verwaand omdat dit meen dat dit die prag en skittering

van die verdwene sonsondergang kan oorneem. Die glans wat die hoof van die verdwene lug behou, word gesien as *un peu de puéril triomphie* = 'n bietjie kinderlike triomf. Die nietigheid van die „bietjie kinderlike triomf” staan in skerp kontras met die grootsheid van die *tout cet éclat* (al hierdie skittering) van die eerste kwatryn. 'n Mens kry dus die indruk dat die grootse glans van die sonsondergang gekontrasteer word met die mindere glans van die hoof van die geliefde. In 'n vroeëre weergawe van die gedig is die geliefde in nog ongunstiger terme beskryf: die *si toujours le délice* van die negende reël was oorspronklik *si toujours frivole* (indien altyd ydel, nietig). En die *lambeau* (flard) van die vyfde reël was eers betekenisvol *cher lambeau*.

In die lig van die simboliek van die eerste kwatryn soos hierbo uitengesit, sou die *tout cet éclat* van die vyfde reël op dieper vlak ook kon verwys na die skittering van die poësie of die digterlike roem (vgl. die „fakkels van glorie”), en dan sou ons die tweede deel van die sonnet (beginnende met die tweede kwatryn) ook kon sien as 'n uitbeelding van die tipiese Mallarmé-motief van die versaking van hierdie digterlike glorie ten gunste van die oorgawe aan die mindere glorie van die liefde. (Hierdie motief is in die vorige opstel behandel). Die „Wat!” waarmee die tweede kwatryn begin, kan immers 'n toon van teleurstelling inhou.

Die slot van die gedig verteenwoordig myns insiens tog 'n insinking. Die heel gedurfde, vreemde vergelyking van die hoof van die geliefde met die oorlogshelm van 'n jeugdige keiserin is nog sinvol en aanvaarbaar: Sowel in die vorm as in die kleur (nl. die goue glans) kan die hare van die vrou na 'n oorlogshelm lyk. Bowendien pas hierdie beeld in die sfeer van die sonnet: daar was vroeër reeds beelde van oorlog (vgl. die „Seëvierend ontvlug”) en van koninklikheid (vgl. die „koninklik” van reël vier). Ook die „jeugdige” sluit aan by die vroeëre sienings van die „verwaande” hoof en die „kinderlike triomf”. Maar met die beeld in die slotreël weet 'n mens nie so mooi hoe jy dit het nie. Die vergelyking van die geliefde se liggaam (moontlik haar gesig?) met vallende rose doen aan as geaffekteerd, oordrowe, selfs soetsappig, terwyl daar in die beeld as geheel boonop iets geforseerds is: hoe moet ons ons immers op realistiese vlak 'n voorstelling maak van rose wat van 'n oorlogshelm af val, tensy ons aanneem dat die helm moontlik tydens 'n segetog met rose bestrooi word? En dan raak die beeld net nog meer gesog.

Minder dig en kripties as die twee vorige sonnette, maar ook nie heeltemal sonder eienaardighede nie, is die mooi sonnet *Ô si chère de loin et proche*. Die gedig het die teerheid en die musikaliteit van die poësie van 'n Eluard.

O SO DIERBAAR . . .

O so dierbaar van ver en naby, en blank, so
 Heerlik jouself, Marie, dat ek dink
 Aan 'n seldsame balsem deur bedrog vrygelaat
 Op 'n vaas van verdonkerde kristal.

Weet jy dit, ja! vir my is dit jare, is dit
Nog altyd dat jou verblindende glimlag dieselfde roos
Verleng met sy mooi somer wat instort
In die verlede en dan ook in die toekoms in.

My hart wat in die nagte dikwels probeer om homself te verstaan
Of om met 'n laaste woord na jou te roep, die teerste,
Raak in vervoering oor die slegs gefluisterde woord suster

Was dit nie, baie groot skat en hoof so klein,
Dat jy my inderdaad 'n heel ander soetheid leer
Heel saggies slegs deur 'n soen in jou hare gesê.

Die aanvangsreël verkry 'n aangrypende skoonheid en suggestiwiteit van klank en ritme deur die herhaling van die voegwoord *en* en deur die alliterasie van die *ch*-klank:

Ô si chère de loin et proche et blanche . . .

In die twaalfde reël kry die pragtige siening „baie groot skat en hoof so klein” addisionele trefkrag deur die alliterasie van die *t* en die *r*: „très grand trésor et tête si petite”.

'n Konvensionele beeld soos die vergelyking van die geliefde met balsem en die konvensionele siening dat die geliefde die lewe van die minnaar in figuurlike sin tot 'n ewigdurende somer maak, kry nuwe lewe deur die oorspronklikheid in die formulering: die geliefde word vergelyk met 'n seldsame balsem wat deur valsheid vrygelaat word op 'n vaas van verdonkerde kristal; die verblindende glimlag van die geliefde verleng dieselfde roos en sy mooi somer wat instort (lett. induik = *plonge*) in vroeëre tye en ook in die toekoms in. In die slotreël kom die digter egter gevaarlik na aan mooiskrywery wanneer hy sê dat die minnaar die „ander soetheid” wat die geliefde hom geleer het, *uitspreek deur 'n soen in haar hare*.

Ek wys ten slotte op die sintaktiese ongewoonheid van die twaalfde reël. Dit is naamlik geensins duidelik hoe die „Was dit nie” logies aansluit by die voorafgaande nie.

Wat 'n mens eintlik in al drie hierdie gedigte mis, is diepte en kompleksiteit van gedagte. Nie *wat* die digter sê, is hoofsaak nie, maar die *manier* waarop dit gesê word. Die gedig word 'n vertoon, 'n uitstalling van vindingrykheid en virtuositeit wat heeltemal buite verhouding is met die parafraseerbare en isoleerbare gedagte-inhoud. By al die skittering en glans van die beelding, is 'n gedig soos *La chevelure vol d'une flamme* arm in gedagte-inhoud. Want die lewensinsigte in hierdie gedig (met name die sienings van die geliefde) is heel konvensioneel, stereotiep; dit staan selfs in die teken van 'n bepaalde poësiekonvensie, naamlik die 17de-eeuse liefdesgedig: in die teenwoordigheid van die vrou verdwyn alle sinnelike begeerte; haar skoonheid is innerlik; sy vernietig die twyfel in die hart van die minnaar, ens. In hierdie al te groot kloof tussen gedagte en lewensinsig aan die een kant, en taal -en beeldmaneuver aan die ander kant, in hierdie „recherche du bien-dire et non du bien-penser”

lê daar dus tog 'n element van *Manieriertheit* in baie van Mallarmé se gedigte. By al die skoonheid van klank en beeld, vind ons ten slotte 'n beperkte poësie.

LITERATUUR

- Chadwick, C., *Mallarmé, sa pensée dans sa poésie*, Corti, 1962.
- Cohn, R. G., *Toward the Poems of Mallarmé*, University of California Press, 1965.
- Fowle, W., *Mallarmé*, Dennis Dobson, 1953.
- Hocke, G. R., *Manierismus in der Literatur*, Rowohlt, 1963.
- Howarth, W. D. en C. L. Walton, *Explications: The Technique of French Literary Appreciation*, Oxford University Press, 1971.
- Klemper, V., „Victorieusement fui' (Zur Bewertung Mallarmés)“ in *Germanisch-Romanische Monatsschrift*, Vol. XV, 1927.
- Michaud, G., *Mallarmé, L'homme et l'oeuvre*, Hatier-Boivin, 1953.
- Noulet, E., *Vingt Poèmes de Stéphane Mallarmé*, Librairie Droz, 1967.

ROOIBLOM

Die mielie wil ontvang: van sy eerste blaar
— 'n pypie wat die son eers proe voor hy uitswaai,
oper en oper, tot tregter wat uit tregter draai —
wil hy net vang, vir sterker groei vergaar.
En tog, terwyl die skede vol en geil
sy saad berei, kan alles onverwags vergaan
in 'n grys hopen kleinrou waar 'n ster moes staan —
skerp teen sy wortels styg 'n plantjie fyn en yl.

Hoe maklik maak U, Heer, vir elke seker ding
'n klein alternatief wat hom van rigting dwing.
Vergewe son, vergewe reën, as ek nie dien
soos julle wou. Miskien sal iemand eendag sien
en weet: hy wat nie fier tot vrug kon kom,
is so gebrand deur leemrooi splinters van 'n blom.

SONNET BY OUPA SE PORTRET

Vir my die vlerke van 'n groot sonnet,
het ek lughartig van die Heer gevra.
Ek sou daarvoor, maar dan figuurlik net,
die tsamma uit die rooi sand gra.

Vir hom het son en dors, eenvoudig, onbesmet,
vroeg in sy lewe reeds bekruip, gevang,
met daarenbore nog sy God se Wet
en die skreeuende hert se star verlang.

Wat maak dit eindelik saak: son of sonnet?
Hy het voorwaar intenser nog geleef as ek.
Hy het die woorde in der waarheid ook geken
en sterre-aande was sy harde mond 'n pen.

En as ons albei al dieper krimp in rame,
duur nog die Namib met sy Nama-name.

BESTANE

1

Steenbokkie se bosse dreun
laag sak die koppie
die strooifyn slingertjie

2

Selfs die skerpste ankertjies
van swerms tydswaels in die lug
kan somer nie hou nie, nie hou

3

Die rooivink van die wilkerboom
sal môre-oormôre nog
warm bo die water sis

4

'n Sywurm wat oor nuwe geboue buk
kry skielik deur die reën
glans op sy draad

5

Die son lewe alleen
hy het nie ons rook nodig
om twaalfuur te dans nie

6

Die ritme is die aarde s'n
die ritme is 'n ruspe s'n
'n boggelbooglyf-ruspe s'n

7

Binne my rooi wang sit
'n tong met die skurfte
en skerpte van 'n pit

NOORDWESTE

Klein klapperpit word nat gelek,
ontplof gewillig in die hand,
maar val, gereed, tot groei gewek,
in skroei-warm sand.

Hoe lank duur hierdie wrede spel
van spoeg en pitte in 'n hand
met bo die son pal hard en fel,
en onder gloeiend warm sand?

Sal ooit dié land, dié hemel
saam kan kom in innige verband
of kan die lewe hier alleen
terugkeer in lope met 'n knal?

BEESTURKSVY

Word aan hom gebreek
is hy nie blootgestel
tot in sy pit,
net teruggedryf —
bly hy gereed
en span sy vel
soos voorheen
onbewoë en styf
oor rondings
van sy lyf.

Om hier te hou
moet hy hom wring
in 'n bestel
van werwels
naas werwels
moet hy telkens
tot balling kom
in 'n ander gewelf
van homself.

NAIN

By Nain was U die God wat met min gebaar
kon ingryp in die droewige getye
van dood en lewe sodat 'n hele skaar
kon sien U is profeet vir alle tye.
By Nain was U die God, maar nie 'n koue nie:
U hand het aan die baar gevat, vol medelye
met daardie weduwee en „moenie ween nie”
was troostend uit U mond — U was die groot Nabye.
Maar terwyl U van een dooie kind, een vrou se lye
vol was, het elders weduwees agter húl bare
gestap, sonder hoop — U was volkome Goddelike swye.
En so gaan dit nog al die baie, baie jare.
Vandag weer het 'n vrou alleen en klein
geloop, geloop, tot by 'n graf in Sandfontein.

AKKEDIS/STERT

Hier wip 'n stert:
dis akkedis se stert.
Maar waar is akkedis?
Hier is jou stert.

Hy wip netsoos 'n vis
op droë grond; dis net
hy het geen mond
wat oopkeel, luidloos
skreeu, geen kiewe hyg,
geen oë het hy,
geen vin waaraan
die sand vasslaan;
daar is geen stilte en skrik —
net wip en wip.

Daar is geveg
en nou is akkedis
ver weg.

Op wip 'n stert,
dis akkedis se stert:
is, akkedis, dit is!

BONSAI

Plant jy 'n boom
wat nooit wegrank
maar lewenslank
by jou moet woon,

maak hom geskik
vir die vertrek
met skêr en rek,
tem elke mik;

wurg hom, en wurg
tot koperdraad
'n luislang slaat
diep, diep om murg...

DIE KAKKERLAK IN DIE BOLLAMP

Watter kans het 'n kakkerlak
wat in 'n bollamp
— o helder ballon met die lig —
per abuis beland?

Hy het nog sy voelhorings
om na uitkoms te tas
en sy bene kan nog
sowat tien keer knik.
Maar alle oorde buig glad
na die brandende gelaat,
die botstil gesig
van die blikkende lig.

Voelhorings,
soos slange,
swig swaar,
sterf swaar.

IEWERS IN DIE NAG

„'n Dubbel,” Hy wys na my. „Vir hom ook.” Die kroegman vat die bottel.

„Nee, dankie. Ek het genoeg . . .” My kop . . .

„'n Dubbel. Vir hom ook.”

„Ek het regtig . . .”

Hy beduie vir die kroegman om te skink.

Die kroegman is groot en vet. Sy voorskoot is vuil. Sy oë is rooi en waterig. Die bottel hang tussen sy dik, stomp vingers. Jou naels is ook vuil, wil ek sê. Hy skink. Twee dubbels.

„Dankie.” Ek proe. My tong . . .

„Dis 'n probleem,” sê die man langs my, en sit die leë glas voor hom op die toonbank neer. Die hele kroeg is vol rook. My oë brand. Die brandewyn is goedkoop en sleg. „Dit is 'n verskriklike probleem.”

„Ja,” sê ek.

„Nog 'n dubbel. Vir hom ook,” vra die man.

„Ek is nog besig. Dankie.”

„Goed.” Die kroegman skink. Die man gooi die drank in sy keel af. „Nog een,” sê hy. Die kroegman skink. Die man slaan die dop met een sluk weg. Hy kyk na my. „Dis 'n helse probleem,” sug hy.

„Ja.”

„Maar wat kan 'n mens doen . . .? Die een of ander tyd . . .” Hy sug weer.

Die kroeg is vol rook en my oë brand en die man sug weer en die brandewyn is goedkoop en sleg.

„Sigaret . . .?” Die pakkie bewe voor my oë. Die man se hande is jonk en sag. Sy vingers is geel.

„Nee, dankie.”

Sy geel vingers kies verskrik tussen die vuurhoutjies, voetel dom die dosie al verder oop. „Verdomp!” Die vuurhoutjies val die toonbank vol, sy skoot, die vloer. Hy kyk na my. Sy gesig is jonk. Hy is nie ouer as mondig nie, dink ek. Sy oë is dood.

„'n Dubbel.” Die sigaret wag in sy mond. „Wat van jou?”

„Nee, dankie. Ek is nog besig.” Die sigaret! wil ek sê, maar ek sê dit nie.

Die kroegman skink. Die man gryp die glas na sy mond. „Verdomp!” Hy bewe die geknakte sigaret tussen sy lippe uit en gooi die drank in sy keel af. Skoon. Hy hoes. Hy suig aan die dooie, geknakte sigaret.

Die groot, vet kroegman vee die toonbank af, stuur tussen die vuurhoutjies deur. Hy lyk vaak en verveeld. Sy oë is rooi en waterig. Die honderde bottels verag hulleself in die kroegspieël.

„'n Dubbel.”

Dis stil. Die kroeg is bedompig en my bors voel toe. Daar is 'n wolk in my kop. Ek wil die nag in. Ek sluk aan die slegte brandewyn wat goedkoop is.

„Liewe Vader, dis 'n probleem.” Die man se kop val soos 'n bal in sy hande. „Wat gaan ek doen . . .?” Sy lyf ruk. Sy jong lyf. Hy kyk op. Sy dooie oë is rooi en nat. Sy stem kraak. Die kroegman haal 'n vol bottel uit die spieël. Hy vee dit skoon met sy vuil voorskoot. Die doppie knars onwillig, val eenkant toe, rol, tol, bly doodstil lê. Die doppie is dood, dink ek. Die drank brand my keel, walg my maag.

„Vader!” Die man langs my kyk in sy leë glas. „Wat, wat, wat gaan ek doen? Wat gaan Pa en Ma sê?” Sy mond skreeu. Sy oë is dood en droog. „'n Dubbel,” sê hy stemloos. Hy suig aan die doodsheid van die geknakte sigaret en trek dit diep sy longe in. Die vuurhoutjies! wil ek sê.

Ek voel naar en daar is 'n rots op my bors en my keel brand. En die kroeg is vol rook wat soos wolke teen die vuilwit hemel daarvan hang. En ek wonder skielik waarom niemand ooit die plafon skoonmaak nie. Ek voel benoud en ek wil uit. Uit die nag in. Die nag in . . .

Dis laat.

Skielik is die kroeg 'n winterkometers om my. Ek slaan die drank weg.

„Jou drank is op.”

„Ja.”

„Twee dubbels.”

„Nee, dankie . . .”

„Twee dubbels.” Die kroegman skink. „Liewe Vader! Help my, asseblief . . .!” Sy oë word lewendig om te bid, sterf weer stil. „Help my asseblief om dronk te word!”

„Waarom maak julle nie die plafon skoon nie?” Die kroegman lyk verbaas. Hy vee stadiger oor die toonbank. Hy vee nie meer nie.

„Dis te hoog om by te kom. Iemand het dit eenkeer probeer skoonmaak. Toe val hy van die leer af en breek sy nek.” Hy vryf weer met die vuil lap oor die skoon toonbank. Die vuurhoutjies!

„O,” sê ek. Iewers in die nag . . . Die kroeg is 'n winterkometers om my.

„O, wat gaan ek doen ...” Ek wonder wie sy oë vermoor het. „Maar ons het mekaar liefgehad ... Lief ...!” Hy suig lank aan die geknakte sigaret, druk hom flenters in die glasbakkie se vullis. „So lief ...!” Hy hou die pakkie sigarette na my uit.

„Nee, dankie.”

„Hy mik na ’n vuurhoutjie op die toonbank, sukkel hom tussen sy duim en voorvinger in, trek teen die leë dosie. Hy steek die sigaret aan. Die vuurhoutjie maak lig in sy oë wakker. Die vuurhoutjie brand teen sy vingers dood. Die lig in sy oë gaan dood. Sy oë is dood. Sy mond-hoeke bewe. „Ons het altyd saam kerk toe gegaan,” sê hy en drink die glas leeg. „Ons liefde het alles geregverdig.” Hy suig en suig en suig aan die sigaret. Die kooltjie spring rooi in sy oë. Bly daar! bid ek. Hy haal die sigaret uit sy mond. Die kooltjie val uit sy oë. Hy blaas die rook uit sy longe. „Dis die gemeenskap, die samelewing wat al die probleme skep. Die maatskappy ...”

„Ja.” Ek wil uit. Iewers buite ... „Hoekom maak julle nooit die plafon skoon nie?”

Die kroegman kyk nie na my nie. Hy maak die toonbank met die vuil lap skoon. Die vuurhoutjies lê die toonbank vol. „Ek het jou mos gesê.”

„O,” sê ek, en ek wonder waarom hulle nooit die plafon skoonmaak nie. „Hoe word hy so vuil?”

„Wat de hel het dit in elk geval met jou uit te waai?”

„Ek weet nie. Dis net vuil en ek wonder waarom julle dit nooit skoonmaak nie, en hoe dit so vuil raak.”

„O,” sê die kroegman. Hy gaap sonder om sy hand voor sy mond te hou.

„Maak my brein dood. Net vir hierdie een nag. Asseblief!” Hy kyk na die leë glas. „Laat my hierdie een nag slaap! Net hierdie een ...!” Hy stoot die leë glas oor die toonbank. Die kroegman skink. Die man kry weer die glas. Sy hande bid om die glas. Sy kneukels is wit soos sy gesig. „Dis die samelewing, die maatskappy wat dié wette maak ... Dis alles hul skuld. Hulle het my siel vermoor ...” En jou oë, wil ek sê. „Voor Sy oë het ons nie gesondig nie. Hy het mense lief wat mekaar lief het.” Jou oë, dink ek, jou oë ... „Maar in die oë van die gemeenskap is ons laag en vuil ...”

„Ja.”

„Dis verskriklik moeilik ...”

„Ja.”

„Ek is ’n student.”

„Ja.”

Hy staar na sy glas se leegheid. Hy skrik. „’n Dubbel!” smeeek hy. „Sy is ’n lieflike mens.”

„Ja.”

„Lieflik.”

„Ja.”

„Jy moet haar net ken.”

„Ja.”

„Sy is 'n lieflike mens.” Sy kop slaap in sy hande. Angstig soek sy geel vingers iets tussen sy hare — nes hulle bang is hulle kry dit. Die glas staan eenkant en wag. Nog vol, maar eensaam. Die glas! wil ek sê.

Sy vingers soek blind na die glas, bots . . . Die glas lê op sy rug. Leeg. Die vuurhoutjies dryf op die drank soos klein skippies, dobber, stort van die toonbank af soos met 'n waterval.

„Verdomp!”

„Wat de hel dink jy doen jy?” Die kroegman vee die toonbank skoon met sy vuil lap. „Jy betaal hiervoor, hoor!”

„Goed. Maak hom weer vol.”

Die glas wat leeg was, is weer vol, dink ek. Maar daardie vuurhoutjies sal nie weer brand nie.

Die bottels in die groot kroegspeël . . .

„Sy is 'n lieflike, lieflike mens. Jy moet haar net ken.”

„Ja.”

„Lieflik.”

„Ja.”

„Dis moeilik . . .”

„Ja.”

„My ouers wou haar nie aanvaar nie . . .”

„Ja.”

„Ouers verstaan nooit nie.”

„Ja.”

„Wat is jy?”

„Ek weet nie.” Wat is ek? Wat? 'n Niksheid in 'n niks. Maar iewers in hierdie nag . . .

„O.”

„'n Student.”

„O. Het jy al ooit iemand liefgehad . . .? Liefgehad . . .?”

„Ek weet nie.”

„Het jy nog nooit iemand liefgehad, begeer nie?”

Anita!

„Ja.”

„Maar dit was nie soos met ons nie. Geen liefde was soos ons s'n nie.”

„Nee.”

„Geen liefde op aarde was ooit so nie. En God het ons lief, maar die gemeenskap haat ons.”

„Ja.”

„Geen liefde was ooit soos ons s'n nie.”

„Nee.”

Anita!

„Ons het mekaar seker te liefgehad . . .”

„Ja.”

„My ouers wou haar nie aanvaar nie. Ouers verstaan nooit nie. Sy was soos 'n blom. Sy was soos 'n vrug net voor pluktyd. Sy was rein . . . Ons het mekaar liefgehad, bemin . . .”

Die bottels haat hulleself in daardie groot kroegspieël, dink ek.

„Wat het jy gesê is jy?”

„Ek weet nie.”

„Ouers verstaan nooit nie.”

„Ja.” Dankie Mamma vir die bid en die appelliefietert. Dankie vir die saamstap in die veld, Pappa. In die veld is daar kakiebos en wildeals en waaigras en garingbome. Kakiebos, wildeals, waaigras en garingbome. En die hartseerste hiervan is die waaigras. Die waaigras.

„Sy is 'n lieflike mens.”

„Ja.” Ek voel mislik. Ek wil uit . . .

„Dit was alles my skuld.”

„Ja.”

„Nee! Dit was . . . liefde . . .”

Anita! A-n-i-t-a! „'n Dubbel, asseblief!” Anita . . . Anita met haar oop, wit glimlag, haar blinkbruin oë, haar bruinblonde hare . . . Anita . . . Anita, wie se naam ek kan proe — omdat dit so mooi is . . . Anita . . . die een, enige, ewige meisie. Anita . . . en iewers in hierdie nag moet daar . . .

„'n Mens moet haar net ken . . . Ek het haar lief . . .”

„Ja.” Anita, nou en altyd. Anita, die eerste en mooiste en skoonste en heerlikste vrou. Anita wat heilig is. Anita wat weg is. En ek, ek wat agterbly . . . toegegooi onder die skerwe van my eerste droom . . .

Die ouens het baie gepraat. Later moes ek dit hoor. Hulle is bly dat ek van haar ontslae is, het hulle gesê. Hulle het daardie tyd baie vir my gelag omdat ek gedink het ...

„Sy is rein ... rein ...”

„Ja.” Hulle het gesê sy kan nie eers meer die eerste ou se naam onthou of niks nie.

„Ons liefde is groot en wonderlik nuut.”

„Ja.” Hulle het gesê hulle het baie vir my gelag. Hulle was bly ek is veilig en terug. Ek was nie bly nie. Ek was dood van die skrapnel van my laaste droom ... Ek kon dit voorspel het ... Anita ... Wie was Anita werd? Nie ek nie ... Nie ek nie ... Ek was Anita nie werd nie ... Wie is Anita werd ...? Anita ...

„Ons liefde is groot en heerlik. Die maatskappy ... die gemeenskap ...!”

„Ja.” Die ouens het gesê sy raak gou moeg vir 'n ou.

„Ons liefde sal nooit oud word nie. Dis soos die lente. Ons sal nooit moeg word om mekaar lief te hê nie ...” Sy oë is dood.

„Ja.” Sy het al weer twee ouens gehad, het hulle gesê. Eendag gaan sy haar nog vasloop. Geen meisie kan so voortgaan nie, het hulle gesê. Ek het teen hulle baklei, eers met woorde en later ... later soos ná skool in die kleintyd ... Maar ...

„Die een of ander tyd moes dit gebeur ... die een of ander tyd. 'n Mens kon net nie so voortgaan nie. Ek was die eerste ... 'n Dubbel, asseblief! ... Die eerste ...”

„Ja.”

„Sy het dit self gesê.” Hy sluk twee keer vinnig namekaar en skuif die glas oor die toonbank na die kroegman. „Ons liefde het my so gelukkig gemaak. Net die vuil maatskappy, die gemeenskap ...”

„Ja.”

„Maar God ...”

„Ja.” Iewers in hierdie nag ...

„Ek het in die ontsettendste vrees gelewe. Dag en nag. Maar ek kon nie help nie. Ek is 'n skurk!”

„Ja.”

„'n Skurk.”

„Ja.”

„Nee. Die liefde het my gedwing. Sy het dit ook gesê.”

„Ja.” Ek wou hul leedvermaak, hul jaloesie verbrysel, haar beeld regslaan in hul oë ... Dit was èk wat tekortgeskiet het ... Ek. Ek kon haar nie gelukkig maak nie. Ek was haar nie werd nie. Dis al. Al die

leuens wou ek verbrysel. Ek wou stuk-stuk sterf, sodat sy net skoon, sodat sy net suiwer in my kon lewe . . .

„Sy was so onskuldig . . .”

„Ja.”

Die kroegman is vaak. Sy oë is rooi en waterig. Sy voorskoot is vuil. Die bottels haat die kroegspieël. Die vuurhoutjies het die toonbank vol gelê. Die glas is omgestamp. Die vuurhoutjies het daarin gedobber en soos met 'n waterval van die toonbank afgestort. Hulle sal nie weer brand nie.

Dis laat.

„Ek het gebid daar moet nooit iets oor ons liefde kom nie. Pa en Ma sou nooit verstaan nie. Ouers verstaan nooit nie.”

„Ja.” Pappa! Mamma!

„Toe gebeur dit . . .” Sy ooglede begrawe sy oë.

Iewers in die nag het dit twaalfuur geword.

„Hoe vertel 'n mens aan jou ouers dat . . . Hoe . . . ? Hoe . . . ? Pa se hande is deurgewerk. Ma se hande ook. Deurgewerk.” Hy hou die glas uit. Jou hande is wit en sag en jou vingers is geel, dink ek, maar sê niks. „Die gemeenskap is verrot . . .”

Die vaak kroegman wat oor die toonbank vryf . . .

„Pa . . . Ma . . . ek kan nie verder studeer nie . . . Ek is jammer . . . NEE!” Sy dooie oë dryf. „Hoe kan ek hulle vertel? Hoe kan ek, my liewe meisie . . . !” Sy dooie oë herleef 'n oomblik om te smeek, word oorstrom, verdrink. „Anita . . . ! ANITA . . . !”

Ek is benoud. Die kroeg is vol rook wat soos wolke teen die vuilwit hemel daarvan hang. Die plafon is vuil en niemand maak dit skoon nie en die kroeg is 'n winterkometers om my en die bottels haat die spieël . . .

„Sluitingstyd!” Die kroegman vee met die vuil vadoek oor die skoon toonbank.

Ek gooi die kometers van my af en stap die nag in. Iewers in hierdie nag . . .

REËN-AAND

Sy is op 'n eiland.

Die eiland se naam is Alleen-eiland-in-die-middel-van-nêrens.

Eintlik is sy op die sewende verdieping, maar ongelukkig weet niemand waar sy bly nie. Hulle weet nie dat haar woonstelnommer honderd nege-en-negentig is nie.

Miskien wil hulle nie weet nie.

Of miskien het die water hulle eilande ook afgesluit van hare.

Hierdie Ding wat daar buite teen haar vensters klop.

Hierdie Ding wat haar hier binne wil hou totdat . . .

Sê nou maar sy gaan later dood as die Ding nie weggaan nie?

Sê-nou-maar is 'n lekker sê; dan kry jy alles wat jy wil hê.

Maar . . . sy kry dan niks nie . . .

Ma het altyd gesê mens moet nie die bobbejaan agter die bult gaan haal nie. Dit was tipies van Ma om so iets te sê. Ma het nooit werklik bobbejane gehad wat haar gepla het nie . . .

Ma het altyd op reëndae al die gordyne toegetrek en oral in die huis kerse opgesteek. Dan het hulle hele huisgesin in die kombuis gaan vergader en daar is pannekoek gebak en gesels en . . . gelag.

Die stomend warm pannekoek is met kancelsuiker geëet — sommer met die vingers, so versigtig vat, versigtig vat.

Soms het Pa sy goueraambrillettjie opgesit en vir hulle uit die Kerkbode uit voorgelees. Dan het sy eers aandagtig geluister.

Maar later het sy weggeswewe; deur die lang gang tot in die voorportaal waar die groot staanhorlosie tydsaam die sekondes afmeet; by die voordeur uit; oor die groennat grasperk; onderdeur die druppende eikelaning; in die grasveld . . . hier het sy soos 'n donsie oor die blinknat halm gedwarrel en gedans; die soet reuk van die aarde wat in haar neus opgestuif het, het haar bedwelms; sy was dronk, dronk, dronk!

Toe het sy na die blink stad toe gekom.

Die Ding het aan haar venster begin klop . . .

Sy stamp haar stoel hard agtertoe as sy opstaan en na haar draai-tafel toe stap.

Tsjaikowski se sesde simfonie.

Die Simfonie Pathetique.

O! hoe goed het Tsjaikowski haar nog nie verstaan nie!

Vergeet . . . die smart . . . vergeet . . . O God!

Sy wil haar hart uit haar binneste ruk. Sy wil hierdie Ding dood-
maak; hierdie Ding wat haar wil verwurg, versmoor . . . maar hy is te
sterk vir haar.

Pathetique . . . Beethoven . . . Chopin . . . Pathetique . . .

Waarom sal sy dan nog staan en huil terwyl daar musiek is?

Musiek vat al die seer weg. Musiek bring ontvlugting.

Vlug . . . vlug voor die wind uit . . . tart hom uit . . . dans voor hom
uit . . . lag en vergeet!

Pathetique? Nee! Hoe kan vrees 'n rol in hierdie wonderlike droom
speel? Geen vrees meer nie . . .

Gister is 'n vae verlede.

More is 'n abstrakte onwerklikheid.

Nou is 'n heerlike ontvlugting.

Later dring iets onreëlmatigs tot haar bewussyn deur.

Iemand klop aan die deur — huiwerig . . . dringender.

Dit is die man van langsaan.

Sy oë is onseker; sy stem stotterend.

„Ek . . . ek het gehoor dat jy musiek speel, en toe dink ek . . .”

Vir 'n oomblik staan sy stil. Dan maak sy die deur wyer oop.

Hy kom in.

Begrip en Bach.

„Musiek kry reg wat min ander dinge regkry; dit lei jou gedagtes
van die werklikheid af weg.”

Hy sê dit net om iets te sê.

Maar dit is waar.

„Sonder geloof en wilskrag kan mens nie volkome met die werklik-
heid breek nie.” sê sy.

„Ek weet.”

Meteens maak dit nie meer saak dat die Ding daar buite klop om
in te kom nie.

„Wat is jou naam?”

„Ek . . . is Karma.”

Verdi en Iets-wonderlik-het-gebeur!

„Ek is Tonka!” roep hy meteens uit.

Tonka en Karma.

Hy steek sy hand na haar toe uit. „Kom!” sê hy, „kom ons gaan vier dit!”

„Maar . . . dit reën buitekant!”

„Reën maak 'n mens skoon.”

Hulle hardloop by die deur uit.

Hand aan hand.

Karma en Tonka.

By die trap af.

Onder deur 'n crewag van onwerklike kolle straatlig.

Die reën lek nat oor hulle bene, hulle gesigte. Dit deurwek hulle.

Die stad is geklee in 'n skitterende pêreljas. Pêrels wat afdrup en versplinter, afdrup en versplinter . . .

Voor die winkelvensters gaan hulle staan. Soos kinders bewonder hulle alles.

Asof hulle dit vir die eerste maal sien.

'n Kersfeesboom met wit klokkies en silwer balle en gekleurde liggies wat aan en af gaan, aan en af. Bo aan die punt van die boom — 'n groot en blink ster. Die ster is baie ver van die grond af.

Bo die ster is 'n groot opskrif: KOOP NOU U KERSGESKENKE OM DIE OPEENHOPIG KORT VOOR KERSFEES TE VERMY. En verder staan daar ook in kleiner lettertjies: 'n Geseënde Kersfees word aan al ons kliënte toegewens.

„Kersfeestyd is uitstaltyd,” sê hy.

„En Presentetyd.”

„En doekpoedingtyd.”

„En Adventkranstyd.”

„Dit . . . is ook Christustyd . . .”

Hulle stap verder deur die byna verlate strate; ander mense hou nie van die reën nie.

Later, toe die reën te erg raak, gaan skuil hulle 'n bietjie in 'n bus-hokkie.

Daar kom 'n man verby — hy sing Stille nag, heilige nag.

Die man is dronk.

Hulle stap verder.

Hulle hardloop oor die waterplasse.

Hand aan hand.

„Ek wil eendag Switserland toe gaan,” sê sy.

„Waarom?”

„Sodat ek die sneeu en sneecumanne met hulle wortelheuse kan sien en sodat ek die geklingel van die klokkies aan die see-perde kan hoor.”

„Ek glo nie dat daar enigsins nog sulke dinge bestaan nie.”

„Wel . . . dan kan ek ten minste nog daarvan droom.”

Hulle gaan drink koffie in 'n klein Griekse kafectjie.

Warm, stomende koffie tussen koolkoppe en wortelbossies en knof-
fel.

Waterdruppels op hulle hare, op hulle gesigte, in hulle klere.

Die ou Griek het hulle half skeef aangekyk en die koffie gaan haal.

Beggars can't be choosers.

Iemand stoot iewers 'n muntstuk deur 'n gleuf.

'n Wilde kitaarinleiding.

Iemand wat sy frustrasies en ingehoktheid wil uitgil.

Daar is beter maniere.

Hulle stap weer onder die bewolkte hemel uit. Op party plekke wil-
wil die maanlig deurbreek. Die gegil word sagter en sagter totdat dit
wegsterf; doodgaan; vergly in niks.

„Dit is amper verby,” sê sy.

„Wat is verby?”

„Die reën.”

„Waarom klink jy so hartseer?”

„Dan gaan die klok twaalfuur slaan

die koets gaan weer 'n pampoen word

die mooi blink rok gaan weer in toings lang en sy gaan vinnig
terug luistoe hardloop.”

„Wie?”

„Gelukkig het sy darem haar glasskoentjie op die trap laat lê sodat
die prins haar weer kon vind,” sê sy.

„Dit is belaglik, man!”

„Waarom?”

„Vertel my — waarom sou haar klere en alles wat sy aangehad het
weer oud en lelik geword het en die skoene op die trap sou onveranderd
gebly het?”

„Miskien is dit omdat die prins dit in sy besit gehad het.”

„Wel, ek is nie 'n prins nie.”

„Kom!” roep sy, „dit is nog nie twaalfuur nie!”

Die musiek begin weer speel en die dans gaan voort.

Al wilder en wilder.

In die rondte draai en swaai; rondomtalie wieliewalie; die rokke blink, die hare blink, die pêrels blink, die glasies klink!

Hoe heerlik is hierdie dronk-draai-dans.

Dan skeur die wolke meteens; die oorskietstukke word deur die wind weggeruk. Daar agter skitter die sterre hard en meedoënloos.

Sy is 'n verskrikte bokkie in sy arms.

Hulle stap stadig terug.

Tonka en Karma.

„My naam is eintlik Hendrik,” sê hy.

Die sterre gryns.

„Ek is Martha.”

Die aandlug sny bytend.

Hulle hande is inmekaar gekneukel.

Die geknars van die nat gruis onder hulle voete is al wat hulle hoor . . .

Die ritme daarin.

Die melodie daarin.

Pathetique.

'N SELFPORTRET

my naam is nie
phil du plessis
casper schmidt
stephan bouwer
beginner leon
fanie olivier adam small
david petrus matthys botes
breyten-kwadraat-bach nie

ek heet wessel, wessel pretorius en is nog bloedjonk

dors u nou? smag u? u is alom verseker:
tog van stilword alleen is geen sprake nie
want my gees moet geé
en heiligheid sal heers en oor u lek

tog knaag u, wil u wéét
van my herkoms, my afkoms,
selfs my roete, my rigting, my toekoms-
planne, kaarte, ja! selfs ook my skuilplek!

tót en mét my niere, my skilderye vibreer
en u stiller raak, botstil
en terwyl u gaap oopval en oopbly:
kyk! beskou dan 'n blanko vel:

siedaar! 'n selfportret!
bowendien is ek geen skilder nie —
'n baster tussen kunste: narwees en menswees
miskien moet ek dit só bloot aan u stel:

ek is naar van weet, want ek is dig; u digter

* Hierdie gedigte is geneem uit die manuskrip van Wessel Pretorius se derde digbundel, **Nuwe Wêreld**, wat teen die einde van die jaar by Perskor sal verskyn.

TRAGEDIE

ons kultuur verloor sy norme
soos emosies die oorhand kry
met 'n egosentriese versnelling
op die tone van 'n handegeklap

die elasticiteit van ons ledemate
word oorskry in 'n verreikende poging
om 'n ontwykende illusie nakend
oor die verhoog te laat dans

die openhartige optimisme
verlig ons ondergang skouspelagtig
want die volume begeerte verander met die druk
— selfs 'n 5-vingerige oefening handel reeds oor ons
gou-idee

EEN MIDDAG BY 'N SWEMGAT

'n oomblik trek hy deur die lug,
die skares word mal,
die duik is immers hoog en ver.

die oomblik toe sy kop die rots tref,
laat hy 'n haarklos agter
soos ander motorsleutels/donkerbril

sy kreet was kort en kras
kon op die sportveld pas
meer kon hy egter op daardie stadium nie uit

hy wis miskien sy tyd was kort
langsaam en onophoudelik duik ander agterna
boots sy vlug na, kry dit nie heeltemal reg nie

party se dag is bederf, ander
se dag is gemaak, o hoe grusaam
party soek, donkerbril/motorsleutels

MET MY GEHOOR

met my gehoor by die optimum van belangstelling
word ek gesê om te vra: hoeveel meer meisies gaan ek nog betrek

wel, dames en here, weer eens moet ek eerlik wees, sóveel meisies
as wat in hierdie verligte eeu waarin ons beweeg, alleen

saans in die bed klim en in die oggende opstaan, alleen en bang is
boonop vir u, my geagte gehoor, u wat die skinderstories spreik

u wat die volksblaaië volmaak, die dagblaaië verdag maak,
die joernalistiek hoernalistiek en die advertensies pin-ups

vertel my nou, my geagte gehoor, fluister in my oor, hoeveel keer
huiwer u? om soggens die dou van u lelie af te skud?

VERBY VERBEELDINGSGRENSE

verby verbeeldingsgrense
wag ek op nuwe geluide
in ver beelde
in ver gesigte
reis ek rigtingloos rond
in ver stede
in ver lande
studeer ek stompsinnig
vreemde tale
nuwe begrippe
net om verbeeldingloos
belese & berese my lot
op
te
som

NOU SIT 'N GEDIG

nou sit 'n gedig êrens 'n digter en maak
nou staan die vermaarde kunstenaar agter sy esel
nou maak die twee liefde
nou sit die verontregte twee & twee bymekaar

nou val die pankop se laaste haar uit
nou neem die besluitlose man die verkeerde besluit
nou drink die wyndrinker bier
nou maak die mooi meisie haarself nog mooier

nou jaag die jongman nog vinniger agter nog meer geld
nou doen die dramaturg daadwerklik iets drasties dramaties
nou skryf die skrywer 'n roman een bladsy langer as die langste roman
nou maak die pers opslae oor opslae wat mense maak

nou staan die politieke gevangene op sy regte op 'n eiland
nou doen iemand êrens kennis op van die aand
nou maak die hele donnerse spul my mal
nou wens ek:

alles is stil

soos vóór die breinontploffing
soos reg vóór die sg. paradys
sodat ek 'n stukkie ewigheid kan proe

Nou wens ek:

mense drapeer plastiek om hulle om hul
te beskerm @ hulle omgewing @ mekaar
nou wens ek mense verstik & word wakker/ gaan dood

LITERÊR — AKTUEEL

'N BRIEF AAN DIE REDAKSIE

NASIONALE AFRIKAANSE
LETTERKUNDIGE MUSEUM
EN NAVORSINGSENTRUM

Die Redaksie
Tydskrif vir Letterkunde
PRETORIA.

Geagte dr. Botha

Na aanleiding van die rubriek "Literêr-Aktueel" in die jongste uitgawe van **Tydskrif vir Letterkunde**, kan ek meld dat mnr. M. J. Prins die saak persoonlik met my bespreek het. Die situasie is dat hy die vyftiende druk (1966) van **Digters en Digkuns** bespreek het; dat intussen reeds 'n verdere vyf drukke bygekom het; dat dit die twintigste druk (1973) is wat voorgeskryf is vir skole; dat al die drukfoute op één enkele een na, verwyder is; dat die jongste digters ruim verteenwoordig is in die nuwe **hersiene** uitgawe (o.a. ook Boerneef); dat byvoorbeeld 'n gedig uit **Tristia** van Van Wyk Louw ook ingesluit is. Die meeste van mnr. Prins se besware verval dus.

Hy het onderneem om aan u te skryf en dergelike inligting as myne te verskaf.

Met agting.

Die uwe

P. J. NIENABER
DIREKTEUR
21.8.74

